

MEDE-AFHANKLIKHEID EN IDENTITEIT: – 'N PASTORALE STUDIE

A.M. STEENKAMP

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Artium in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof. dr. G.A. Lotter

Mede-studieleier: Dr. V. Combrink

November 2007

VOORWOORD

Na voltooiing van hierdie studie gaan my opregte dank aan

God die Vader, Seun en Heilige Gees wat my tot kennis en insig begelei het ten opsigte van my groot behoefte aan veiligheid, liefde en aanvaarding.

My man, Seun, my kinders, Peet, Izak, Wilma en Henri, vir al die geduld, liefde en aanmoediging. Besondere dank aan Peet wat op onmoontlike tye my e-pos boodskappe moes oopmaak en wegstuur.

Delize, wat tot laat in die nag werk oorgetik het wat eenvoudig net weggeraak het op die rekenaar.

My studieleier prof. dr. George Lotter vir sy leiding, aanmoediging en geduld.

My mede-studieleier dr. Vorster Combrink, wat in my geglo het, my tot kalmte gemaak het en my die oorwinningspad laat sien het.

Elize met haar bemoedigende SMS'e. Sy is voorwaar gestuur met elke boodskap.

My wyk wat my afwesigheid verdra het. Vir Adri, Marietha, Elsa, Susan en Anneke wat my verantwoordelikhede oorgeneem het, vir hul gebede, liefde en belangstelling.

Die deelnemers aan die empiriese navorsing wat my vertrou het en my toegelaat het om hul pyn en seer te betree. Ek dank God vir elkeen van hulle by wie ek kon leer.

Die personeel van die Teologiese- en Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit Potchefstroom, vir hul professionele diens en hulpvaardigheid.

Aan Elsa Brand en dr. Wymie du Plessis wat my verhandeling gelees en tegniese versorg het.

Opregte dank aan my moeder wat deur haar eie lewe getoon het dat altyd vorentoe gebeur moet word.

OPSOMMING

Mede-afhanklikheid is 'n verslawingsprobleem wat in Suid-Afrika nog nie goed nagevors en gevestig is nie. Die konsep dui op 'n persoon se geneigdheid om iemand anders se behoeftes bo eie behoeftes te stel en dit in so 'n mate te doen dat eie voorkeure, afkeure, gevoelens en begeertes geminag en geïgnoreer word. Die mede-afhanklike se opinie en selfbeeld hang grootliks af van hoe goed hy daartoe in staat is om 'n ander te behaag, versorg of sy probleme vir hom op te los.

Die doel van die studie is om die verband tussen die identiteit van die mens en sy mede-afhanklike geneigdhede te bepaal en die persoon pastoraal tot identiteitsherstel te begelei.

Navorsing gedoen in die hulpwetenskappe toon aan dat identiteitsvorming 'n proses is wat oor 'n aantal jare strek. Wanneer die mens beleef dat hy aan 'n ander behoort, kosbaar is en vermoë besit, is dit vir die persoon moontlik om optimaal te ontwikkel en volwasse en verantwoordelik met homself, sy medemens en omgewing om te gaan. Wanneer die belewenisse egter nie geïnternaliseer word onder die druk wat die verslaafde gesinslid op die mede-afhanklike plaas, word 'n negatiewe beeld aangaande die self geïntegreer en is die persoon nie in staat tot sinvolle binding met God, homself, ander en sy omgewing nie. 'n "Ek"-berowing vind plaas en die persoon kies om van mede-afhanklike denk- en gedragspatrone gebruik te maak om homself sinvol in samelewingsverband te ontplooi.

As gevolg van die mede-afhanklike se groot behoefte aan sekuriteit, liefde en aanvaarding dryf die persoon homself tot die uiterstes in 'n poging om dit te verkry, en word die persoon vasgevang in 'n afwaartse spiraal van verslawing waar daar voortdurend pogings aanwend word om beheer te verkry.

'n Empiriese ondersoek met 5 deelnemers het die mede-afhanklike se interaksie met sy leëwêreld aangedui en daar is gevind dat die persone geneig is om negatiewe denk- en gedragspatrone te internaliseer onder die druk wat op hul uitgeoefen word.

'n Basisteoretiese ondersoek van Skrifperspektiewe het aangetoon dat die mens, geskape na die beeld van God, se identiteit deur sy sonde verwring is, maar dat die persoon op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, deur die Heilige Gees tot identiteitsherstel begelei kan word.

Praktykteoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van die mede-afhanklike persoon is daargestel op grond van die meta- en basisteorie.

ABSTRACT

Co-dependency is an addiction that has not yet been well-researched and established in South Africa. This concept indicates a person's predisposition to put the dependent family member's needs above that of himself and to do so to such an extent that his own preferences, dislikes, feelings and desires are disregarded or ignored. The co-dependent's opinion and self-image largely depend on the extent to which he is able to satisfy the other person, care for him or solve his problems.

The aim of the study is to determine the relationship between the identity of the person and his co-dependency and to accompany the person pastorally toward the restoration of his identity.

Research done in the auxiliary sciences indicates that identity-forming is a process that stretches over several years. When a person experiences that he belongs to others, is valuable and has potential, it is possible for that person to develop optimally and associate in a mature and responsible way with himself, his fellow-man and his environment. However, when these experiences are not internalised under the pressure that the dependent family member places on the co-dependent, a negative view of the self is integrated and the person is unable to bind meaningfully with God, himself, others and his environment. An "I" deprivation occurs and the person chooses to use co-dependent thinking and acting patterns to deploy himself meaningfully in societal regard.

As a result of the co-dependent's intense need for security, love and acceptance, he drives himself to the outmost in an attempt to attain it. The person becomes caught in a downward spiral of dependency where he is always attempting to obtain control.

An empirical survey with five (5) participants has indicated the co-dependent's interaction with his life space. It was found that these persons are inclined to internalise negative thinking and acting patterns under the pressure that is put on them.

A basis-theoretical study of Scriptural perspectives has indicated that man was created in God's image, that this identity was distorted by man's sin, and that the person could by virtue of the propitiatory sacrifice of Jesus Christ through the Holy Ghost be guided towards restoration of his identity.

Practice-theoretical guidelines for the pastoral guidance of the co-dependent were established based on the meta- and basis theory.

Sleuteltermen

Identiteit

Mede-afhankelijkheid

Ko-afhankelijkheid

Pastoraal

Key words

Identity

Codependency

Pastoral

INHOUDSOPGAWE

MEDE-AFHANKLIKHEID EN IDENTITEIT: 'N PASTORALE STUDIE

HOOFSTUK 1

1.1	INLEIDING	1
1.2	NAVORSINGSTITEL	1
1.3	PROBLEEMSTELLING	1
1.3.1	Afbakening van die navorsingstema	1
1.3.2	Stand van navorsing	2
1.3.3	Navorsing in die hulpwetenskappe	3
1.3.4	Navorsing in die natuurwetenskappe	4
1.3.5	Navorsing in die teologie.....	4
1.4	NAVORSINGSVRAAG	6
1.5	DOEL VAN DIE STUDIE	6
1.5.1	Doelstelling	6
1.5.2	Doelwitte	7
1.6	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	7
1.7	METODES VAN ONDERSOEK.....	7
1.8	HOOFSTUKINDELING.....	8
1.9	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERBAND TUSSEN PUNTE 1.4, 1.5 EN 1.7	9
1.10	SLOT	10

HOOFSTUK 2

DIE LIG VAN HULPWETENSKAPPE OP MEDE-AFHANKLIKHEID AS IDENTITEITSBELEWING

2.1	INLEIDING	11
2.2	DOEL	11
2.3	MEDE-AFHANKLIKHEID AS VERSLAWING	12
2.4	MEDE-AFHANKLIKHEID AS GESTREMDE IDENTITEITVORMING..	15
2.4.1	Identiteitvorming.....	15
2.4.2	Selfontdekking	16
2.4.3	Inhibering	17
2.4.4	Verlies van “I Amness”	18
2.4.5	Mishandeling en skaamte	19
2.5	MEDE-AFHANKLIKHEID AS AANGELEERDE IDENTITEIT	21
	Die uitdagende kind	22
	Die insiklike kind “enabler”	23
	Die kind wat beheer “controller”	24
	Die kind wat homself onttrek	24
	Die nar	24
	Die toppresterder	25
	Die kind met veelvuldige persoonlikhede	25
2.6	MEDE-AFHANKLIKHEID AS DISFUNKSIONELE SELFBELEWING .	27
2.6.1	Selfbelewing as selfbeoordeling	27
2.6.2	Selfbelewing en sekuriteit	28
2.6.3	Selfbelewing en waarde	28
2.6.4	Selfbelewing en vermoë	29

2.6.5	Identiteitsverydeling	29
2.6.6	Simptome van beleving van identiteitsverlies.....	30
2.7	MEDE-AFHANKLIKHEID EN DIE LIGGAAM	33
2.7.1	Mede-afhanklikheid en fisiese simptome	33
2.7.2	Mede-afhanklikheid as hantering van liggaamlike druk.....	35
2.7.3	Mede-afhanklikheid en liggaamlike hulp	35
2.8	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	36
2.9	SLOT	39

HOOFSTUK 3

'N EMPIRIESE ONDERSOEK VAN MEDE-AFHANKLIKHEID EN IDENTITEIT

3.1	INLEIDING	40
3.2	DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK.....	40
3.3	DIE AARD EN PROSES VAN EMPIRIESE NAVORSING	40
3.4	KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING	41
3.4.1	Kwantitatiewe navorsing	42
3.4.2	Kwalitatiewe navorsing	42
3.5	AFBAKENING VAN DIE KWALITATIEWE NAVORSING	43
3.6	IMPLEMENTERING VAN DIE GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE	45
3.6.1	Fokus van die onderhoude.....	45
3.6.2	Verslag van onderhoude.....	45
3.6.2.1	Verslag van onderhoud met deelnemer A.....	46
3.6.2.2	Verslag van onderhoud met deelnemer B.....	49
3.6.2.3	Verslag van onderhoud met deelnemer C	51

3.6.2.4	Verslag van onderhoud met deelnemer D	54
3.6.2.5	Verslag van onderhoud met deelnemer E.....	56
3.7	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	57
3.7.1	Die situasie van die mede-afhanklike.....	58
3.7.2	Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde.....	59
3.7.3	Die mede-afhanklike se identiteitskeuse	61
3.8	SLOT	63

HOOFSTUK 4

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP INDIVIDUE WAT MEDE- AFHANKLIKHEID TYDENS HUL IDENTITEITVORMING VESTIG

4.1	INLEIDING	64
4.2	DOEL EN METODOLOGIE	64
4.3	SKEPPINGSPERSPEKTIEF	68
4.3.1	Inleiding	68
4.3.2	Oorspronklike identiteit	68
4.3.3	Besondere posisie	69
4.3.4	Betrokkenheid van die Drie-enige God	69
4.3.5	Die volmaaktheid van die mens	69
4.3.6	Beeld van God	69
4.3.7	Verteenwoordiger van God	71
4.3.8	Verhouding met God.....	72
4.3.9	Verhouding met mense.....	73
4.3.10	Verhouding met die self	74
4.3.11	Verhouding met die natuur.....	75
4.3.12	Samevatting	76

4.4	SONDEPERSPEKTIEF	76
4.4.1	Inleiding	76
4.4.2	Die verband tussen skepping en sonde	77
4.4.3	Die oersonde.....	77
4.4.4	Doelverydeling	78
4.4.5	Verandering van posisie	78
4.4.6	Blaamverskuiwing	78
4.4.7	Gestremde identiteit.....	79
4.4.8	Verdorwe beeld.....	79
4.4.9	Versteurde verhouding tot die naaste	80
4.4.10	Verydelde verhouding met die self.....	82
4.4.11	Disharmonie met die natuur.....	83
4.4.12	Samevatting	84
4.5	VERLOSSINGSPERSPEKTIEF	84
4.5.1	Inleiding	84
4.5.2	Die verband tussen skepping, sonde en verlossing	84
4.5.3	Die verlossingswerk van God.....	85
4.5.4	Die versoeningswerk van Jesus Christus buite die mens: sy plaasvervangende lewe, dood en opstanding (3:10-16a)	86
4.5.5	Die lewewekkende werk van die Heilige Gees in die mens	87
4.5.6	Die aanneming van Jesus Christus deur die geloof	88
4.5.7	Geen selfverlossing	89
4.5.8	Nuwe identiteit	89
4.5.9	Gevolge van die wedergeboorte	90
4.5.10	Samevatting	90

4.6	HEILIGINGSPERSPEKTIEF	90
4.6.1	Inleiding	90
4.6.2	Omskrywing van heiliging	91
4.6.3	Die verband tussen verlossing en heiliging	91
4.6.4	Heiliging as gawe van God én verantwoordelikheid van die mens	92
4.6.5	Heiliging as 'n voortgaande proses	92
4.6.6	Heiliging as gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod	93
4.6.7	Heiliging as die werk van die Heilige Gees	94
4.6.8	Heiliging as lewe in gemeenskap met gelowiges	94
4.6.9	Heiliging is die verwerkliking van die mens se nuwe identiteit	95
4.6.10	Heiliging as stryd teen verslawing (mede-afhanklikheid)	96
4.6.11	Samevatting	97
4.7	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	97
4.7.1	Inleiding	97
4.7.2	Skeppingsperspektief	97
4.7.3	Sondeperspektief	98
4.7.4	Verlossingsperspektief	98
4.7.5	Heiligingsperspektief	99
4.8	SLOT	99

HOOFSTUK 5

TEOLOGIESE BASISTEORIE

5.1	INLEIDING	100
5.2	DOELSTELLING	100

5.3	FILADELFIA OPLEIDINGSENTRUM SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON	101
5.3.1	Algemene hulpverlening aan die mede-afhanklike kind	102
5.3.2	Spesifieke hulpverlening vir die mede-afhanklike volwassene.....	104
5.3.2.1	Ou aangeleerde gedrag	104
5.3.2.2	Nuwe lewegewende gedrag.....	106
5.4	ABBO SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON	110
5.4.1	Bou van 'n verhouding	110
5.4.2	Verstaan van die persoon	111
5.4.3	Verstaan van die persoon se situasie	111
5.4.4	Verstaan van die persoon se strategie.....	111
5.4.5	Verstaan van die persoon se struktuur	112
5.4.6	Verstaan van die persoon se skat.....	112
5.4.7	Konfrontering en aktivering van die persoon.....	113
5.5	HEMFELT, MINIRTH & MEIER SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON	115
5.5.1	Eksplorاسie en ontdekking	116
5.5.2	Inventaris van verhoudinge	117
5.5.3	Beheer oor verslawings.....	118
5.5.4	Om die huis te verlaat en totsiens te sê	119
5.5.5	Rou oor verliese.....	121
5.5.6	'n Nuwe selfpersepsie volg	127
5.5.7	Nuwe ervarings	128
5.5.8	Nuwe ouerskap reparenting	130
5.5.9	Rentmeesterskap betreffende verhoudings	131
5.5.10	Instandhouding	133

5.6	SAMEVATTING	134
5.7	SLOT	137

HOOFSTUK 6

PASTORALE RIGLYNE OM PERSONE MET MEDE-AFHANKLIKHEID TOT IDENTITEITSHERSTEL TE BEGELEI

6.1	INLEIDING EN DOELWIT	138
6.2	PASTORAAT	139
6.3	BERADING	140
6.4	RIGLYNE VIR PASTORALE BERADING	141
6.4.1	Filadelfia Opleidingsentrum.....	141
6.4.2	ABBO	142
6.4.3	Hemfelt <i>et al.</i>	143
6.5	VOORGESTELDE GEÏNTEGREERDE BENADERING	143
6.5.1	Fase 1: Verhoudingsfase	144
6.5.1.1	Die verhouding tussen die berader en God.....	144
6.5.1.2	Die verhouding tussen die beradene en God.....	145
6.5.1.3	Die verhouding tussen die berader en beradene	145
6.5.2	Fase 2: Verstaan en eksplorieer die probleem	147
6.5.3	Fase 3: Breek met die verslawende sirkelgang.....	149
6.5.4	Fase 4: Konfrontering	152
6.5.5	Fase 5: Die rouproses.....	154
6.5.6	Fase 6: 'n Nuwe selfpersepsie	155
6.5.7	Fase 7: Nuwe ervarings	158
6.5.8	Fase 8: Verhoudings en ondersteuningsgroepe	158

6.5.8.1	Instandhouding	160
	• Daaglikse instandhouding.....	160
	• Gebruikmaking van ondersteuningsgroepe	160
	• Hersiening van al die fases.....	161
6.5.9	Spesifieke riglyne tot herstel van mede-afhanklikheid aan die deelnemers van die empiriese ondersoek	162
6.5.9.1	Riglyne vir deelnemer A.....	162
6.5.9.2	Riglyne vir deelnemer B.....	163
6.5.9.3	Riglyne vir deelnemer C.....	163
6.5.9.4	Riglyne vir deelnemer D.....	164
6.5.9.5	Riglyne vir deelnemer E.....	165
6.6	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	166
6.7	SLOT	170

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

7.1	INLEIDING	171
7.2	HOOFSTUK 2: PERSPEKTIEWE VAN DIE HULPWETENSKAPPE	171
7.3	HOOFSTUK 3: PERSPEKTIEWE UIT DIE EMPIRIESE NAVORSING	172
7.4	HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE	175
7.5	HOOFSTUK 5: TEOLOGIESE BASISTEORIE	175
7.6	HOOFSTUK 6: PASTORALE RIGLYNE OM PERSONE MET MEDE-AFHANKLIKHEID TOT IDENTITEITSHERSTEL TE BEGELEI	177
7.7	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	178

BIBLIOGRAFIE	180
OPSOMMING	i
ABSTRACT	iii
SLEUTELTERME.....	iv
KEY TERMS	iv

BYLAES

BYLAAG A: VRAE WAT GEVRA IS AAN DIE MEDE-AFHANKLIKE.....	189
BYLAAG B: DIE ROLLER COASTER PARALLEL	191
BYLAAG C: VERANTWOORDELIKE BESTUUR VAN MY EMOSIES	192

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Hoofstuk 1 is die inleiding tot die studie waarin die volgende aspekte bespreek sal word: die navorsingstitel; probleemstelling; navorsingsvraag; doel van die studie; sentrale teoretiese argument; navorsingsmetodes; hoofstukindeling en skematiese voorstelling van die verband tussen die navorsingsvraag, doel en metode van die studie; en 'n slot.

1.2 NAVORSINGSTITEL

Die volgende onderwerp word nagevors: **Mede-afhanklikheid en identiteit: 'n pastorale studie.**

Sleutelterme: identiteit, mede-afhanklikheid, ko-afhanklikheid, pastoraal.

Key words: identity, codependency, pastoral.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die navorsingsprobleem word bespreek deur die navorsingstema af te baken en die stand van navorsing in die hulp-, natuur- en teologiese wetenskappe kortliks aan te dui.

1.3.1 Afbakening van die navorsingstema

In die studie word aandag gegee aan die identiteitvorming van die individu wat in 'n mede-afhanklike verhouding met 'n gesinslid staan. Verslawings sluit in middel-, voedsel-, verhoudings-, geld- en seksverslawings (Steyn & Verwey, 1998:99;

vergelyk ook ABBO, 2006:10). Die studie fokus op verhoudingsverslawings, wat mede-afhanklikheid insluit. Die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit word derhalwe vanuit 'n pastorale perspektief ondersoek.

Verhoudingsverslawing kan gedefinieer word as 'n verslawing waar die individu afhanklik raak van die aandag, liefde en aanvaarding wat 'n medemens hom kan aanbied. Die kwaliteit van die aandag hoef nie noodwendig positief van aard te wees nie, dit moet net **daar** wees (Arterburn, 2004:53).

Verder dui verhoudingsverslawing op 'n gedragspatroon wat vir so 'n individu "emosionele bevrediging" tot gevolg het as gevolg van die afskeiding van oordragstowwe in die brein – vergelyk byvoorbeeld die oorbetrokke persoon wat opwinding daaruit kry om gedurig ander mense te wil 'red' (ABBO, 2006:10).

Vervolgens word aangedui wat uit verskillende dissiplines aangetoon is met betrekking tot die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit.

1.3.2 Stand van navorsing

Talle definisies het deur die jare tot stand gekom om verhoudingsverslawing en veral die verhoudingsverslawing mede-afhanklikheid te beskryf. Cermak (1986:3) beskou mede-afhanklikheid as patologie; Schaef (1986) beskou dit as 'n tipe verslawing; Steyn en Verwey (1998:99) as 'n geestesongesteldheid; Beattie (1989:12), Rotunda en Doman (2001:258) as 'n aangeleerde gedragspatroon; en Welch (1997:19) beskryf dié soort afhanklikheid selfs as "a national epidemic".

Verskeie navorsers meen dat mede-afhanklikheid hoofsaaklik dui op individue se onvermoë om op 'n funksionele wyse na mekaar se behoeftes om te sien (Whitfield, 1991:3; Wright & Wright, 1991:439; O'Gorman, 1993:199, vergelyk Fuller & Warner, 2000:6).

In Suid-Afrika is die konsep mede-afhanklikheid nog besig om gevestig te raak. Mede-afhanklike ondersteuningsgroepe word in die meeste provinsies aangetref en gesinne en families word opgelei om in 'n positiewe verhouding betrokke te bly by die verslaafde gesinslid. 'n Suid-Afrikaanse webtuiste vir mede-afhanklikes is in 1998

in die lewe geroep. Daarin word mede-afhanklikheid beskou as deel van menswees (Stepping Stones Addiction Centre, 2006:1).

Namate die konsep “mede-afhanklikheid” onder die publiek gevestig geraak het, het diegene wat sulke eienskappe vertoon hulself toenemend met mede-afhanklikheid begin identifiseer. Beattie (1987:36) noem tot 234 kenmerke van mede-afhanklikheid.

Wegscheider-Cruse en Weinhold is van mening dat 96% tot 98% van die Amerikaanse bevolking hulself in mede-afhanklike verhoudingsopsette bevind (Alsdurf & Alsdurf, 1988:31; Weinhold, 1989:xvii) en dat dié verskynsel nie net tot disfunksionele gesinsisteme beperk behoort te word nie, maar ook betrekking het op disfunksionele gemeenskapsverbande, maatskappystrukture, opvoedings-wyses en kerke (Alsdurf & Alsdurf, 1988:32).

Daar is 'n noue verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit. Mede-afhanklikheid word omskryf as die verlies aan die self of identiteit (Bradshaw, 1990:9; Cowan *et al.*, 1995:221), die “verlore selfwees-sindroom” (Steyn & Verwey, 1998:408), die verlies aan selfwaarde (Wells *et al.*, 1999:63) of die internalisering van 'n swak selfbeeld (Meyer, 2005:ix).

1.3.3 Navorsing in die hulpwetenskappe

Volgens Irvine (2000:11) is verhoudings vir die mens noodsaaklik omdat die mens homself binne verhoudings leer ken en ontdek dat hy waarde en betekenis het. As 'n verhouding egter tot niet gaan, beleef die mens homself soms as defektief en 'n mislukking. Om die waardevermindering aan die self te voorkom, is die behoud van die verhouding van groot belang al is die verhouding ongesond (Cowan *et al.*, 1995:223).

In die ongesonde verhouding openbaar die individu tipiese mede-afhanklike karaktereenskappe soos selfverwytende, self-kritiserende, self-blamerende gedragspatrone, wat verlies aan die self aandui (Cowan *et al.*, 1995:223).

In navorsing wat deur Cowan *et al.* (1995:225) onder studente gedoen is om die verband tussen mede-afhanklikheid, verlies aan die self, en magsmisbruik te toets, is

vasgestel dat mede-afhanklikheid nou verbonde is aan magsmisbruik (vergelyk ook Herman, 2001:107). Cowan *et al.* (1995:232) het ook vasgestel dat hoe meer verlies aan die self beleef word, hoe minder is die persone in staat om besluite te kan neem, gesag uit te oefen en hulself in 'n situasie te laat geld.

Skrywers soos Bradshaw (1990:24, 47) en Weinhold (1991:1) toon aan hoe die mede-afhanklike as gevolg van die belewenis van intense (toksiese) skaamte, sy “ware self” laat disintegreer en 'n “vals self” internaliseer.

Bradshaw (1990:9) skryf mede-afhanklikheid toe aan 'n disfunksionele gesins- en kultuuroopset waar die identiteitsontwikkeling van die kind skeefgetrek word en hy reageer op stimuli wat van buite op hom afgedwing word. Hy word nooit die tyd of ruimte gelaat om te luister en te reageer op interne boodskappe of stimuli nie met die gevolg dat hy homself nooit leer ken en aanvaar vir wie hy is nie.

Bogenoemde kort snit deur enkele bronne uit die hulpwetenskappe toon hoe aktueel die navorsingsonderwerp is. 'n Leemte in die geraadpleegde literatuur is dat die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit nie vanuit 'n Bybelse paradigma verstaan en beskryf word nie – vergelyk byvoorbeeld die studies van Elliot (2002) en Jacobs (2007).

1.3.4 Navorsing in die natuurwetenskappe

Navorsers soos Cermak (1986:3) en Rotunda en Doman (2001:258) is van mening dat mede-afhanklikheid as 'n siekte geïdentifiseer behoort te word omdat: mede-afhanklikheid verslawings in die hand werk (Stafford, 2001:275); mede-afhanklikheid in die psigiatrie as 'n persoonlikheidsversteuring gediagnoseer word (Stafford, 2001:278); daar 'n verband tussen mede-afhanklikheid en die afskeiding van oordragstowwe in die brein is (Verwey, 2004:110) en mede-afhanklikheid vanuit afwykings soos alkoholisme en dwelmverslawing ontstaan het.

Dit is derhalwe duidelik dat die saak van mede-afhanklikheid in die natuurwetenskappe goed nagevors is.

1.3.5 Navorsing in die teologie

Ook vanuit 'n teologiese hoek is navorsing oor mede-afhanklikheid as 'n wyse van identiteitvorming en -uitlewing gedoen. Teoloë het hulle verantwoord oor mede-afhanklikheid en identiteit in die lig van die Skrifperspektiewe soos skepping, sonde, verlossing en heiliging.

Met die **skepping** van die mens het Adam 'n volmaakte identiteit gehad. Geskape na die Beeld van God (Gen 1:26), het hy liefde, posisie en waarde by God gehad (Vosloo & Van Rensburg, 1993:12). As gevolg van die volmaakte verhouding tussen God en mens het Adam die nodige vermoë gehad om sy werk te doen, die tuin te versorg en in vrede met Eva saam te leef (Gen 2:15-17).

Die **sondeval** bring egter ingrypende veranderinge mee. Daar kom nou 'n klemverskuiwing van 'n Godgesentreerde na 'n selfgesentreerde lewe (Welch, 1997:148; Anderson, 2000:32).

As gevolg van angs, vrees, skuld en skaamte, het die liefde, vrede en veiligheid tussen God en mens, en mens en mens verlore gegaan (Welch, 1997:23; Anderson, 2000:37, 38). Die mens word nou voortgedryf en beheer deur behoeftes en begeertes wat sin en betekenis aan sy lewe moet gee en verval in verslawings, afhanklikheid en mede-afhanklikheid.

Welch (1997:37) meen dit is hoofsaaklik as gevolg van vrees dat die individu mede-afhanklikheid in sy identiteit vestig. Die individu idealiseer mense, bewonder, verafgod en vrees hulle, omdat mense hom kan verneder, blootstel, verwerp, verkleineer, verag en fisies kan seer maak (Welch, 1997:14, 24). Die mens maak van mede-afhanklike gedragspatrone (afgodery) in sy verhoudinge met ander mense gebruik om sy behoefte aan waardevermeerdering, waarop hy glo hy geregtig is, te bevredig (Welch, 1997:37; Meyer, 2005:47-52).

In die Bybel word verhoudingsafhanklikheid beskryf. Saul heg byvoorbeeld absolute waarde aan die opinie van sy manskappe (1 Sam 15) (Welch, 1997:38), Aäron vrees die opinie van die volk (Eks 32:1-7), en Petrus verloën Jesus Christus uit vrees vir mense (Joh 18:17-27) (Welch, 1997:43; Meyer, 2005:57).

Die Skrifperspektiewe van **verlossing** en **heiliging** is ook van besondere betekenis vir identiteitsherstel en oorwinning oor mede-afhanklikheid (Anderson, 2000:18,24; Meyer, 2005:31,45;)

Teologiese literatuur onderstreep die feit dat die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid 'n aktuele tema is waarop die Skrif bepaalde lig laat val. Daarom behoort die navorsing 'n Skrifperspektief op identiteit en mede-afhanklikheid te ontwikkel sodat mense begelei kan word tot ware identiteitsherstel.

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Uit die voorafgaande kan die volgende navorsingsvraag geformuleer word: **Wat is die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid, en hoe kan persone met mede-afhanklikheid pastoraal begelei word tot identiteitsherstel?**

Vrae wat hieruit voortspruit is:

- Watter verklarings of perspektiewe bied die hulpwetenskappe soos psigologie, sosiologie en psigiatrie oor mede-afhanklikheid en identiteit?
- Watter insigte kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom vir die verstaan van mede-afhanklikheid en identiteit?
- Watter perspektiewe bied die Skrif asook die teologies-Christelike tradisie op mede-afhanklikheid en identiteit?
- Bestaan daar reeds vanuit 'n pastorale perspektief hulp vir die mede-afhanklike persoon?
- Watter prakties-teologiese riglyne kan geformuleer word om persone met mede-afhanklikheid pastoraal te begelei tot identiteitsherstel?

1.5 DOEL VAN DIE STUDIE

1.5.1 Doelstelling

Die navorsing se oorkoepelende doelstelling is om die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid vas te stel en riglyne daar te stel vir pastorale begeleiding met die oog op identiteitsherstel.

1.5.2 Doelwitte

Om die doelstelling van die studie te bereik, word die volgende doelwitte gestel, naamlik om:

- Te bepaal watter perspektiewe die hulpwetenskappe bied vir die verstaan van die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit;
- vas te stel watter lig 'n empiriese ondersoek kan werp op mede-afhanklikheid en identiteit;
- vas te stel watter perspektiewe die Skrif asook die Christelik-teologiese tradisie bied vir die verklaring van mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem;
- vas te stel watter teologiese genesingsmodelle vir die mede-afhanklike persoon bestaan en hoe hulle daar uitsien; en
- pastorale riglyne te formuleer om 'n persoon met mede-afhanklikheid te begelei.

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat sommige individue mede-afhanklikheid in hul identiteitvorming vestig en dat dié persone deur pastorale berading begelei kan word tot identiteitsherstel.

1.7 METODES VAN ONDERSOEK

Die studie volg die prakties-teologiese navorsingsmodel van Zerfass na (1974:166):

- Verbandhoudende literatuur sal ondersoek word om die verhouding tussen mede-afhanklikheid en identiteit vas te stel met betrekking tot gesigspunte in die hulpwetenskappe.
- Om vas te stel of daar enige nuwe insigte betreffende hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek na vore kan kom, sal inligting deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek deur onderhoude bekom word.
- Skrifperspektiewe word ondersoek deur gebruik te maak van die grammaties-historiese metode (De Klerk, & J Van Rensburg, 2005:3 en volgende). Benewens die eksegeese, sal relevante gesigspunte in die teologies-Christelike tradisie deur middel van literatuurstudie ook ondersoek word.
- Drie bestaande teologiese genesingsmodelle sal ondersoek en bespreek word.
- Om prakties-teologiese riglyne vir die berading van persone met mede-afhanklikheid te formuleer, sal die basisteoretiese en metateoretiese gesigspunte in hermeneutiese wisselwerking met mekaar getoets en verwerk word.

Ander aspekte

Skrifverwysings is, tensy ander aangedui, volgens die Afrikaanse 1983-Bybel vertaling.

Afkortings vir Bybelboeke is volgens die Afrikaanse 1983-Bybelvertaling.

Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar*.

1.8 HOOFSTUKINDELING

- Hoofstuk 1: Inleiding.
- Hoofstuk 2: Die lig van hulpwetenskappe op mede-afhanklikheid as identiteitsbeleving.
- Hoofstuk 3: 'n Empiriese ondersoek van mede-afhanklikheid en identiteit.

- Hoofstuk 4: Basisteoretiese perspektiewe op individue wat mede-afhanklikheid tydens hul identiteitvorming vestig.
- Hoofstuk 5: Drie teologiese genesingsmodelle vir die mede-afhanklike persoon.
- Hoofstuk 6: Pastorale riglyne vir die begeleiding van persone met mede-afhanklikheid tot identiteitsherstel.
- Hoofstuk 7: Samevatting en gevolgtrekking.

1.9 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERBAND TUSSEN PUNTE 1.4, 1.5 EN 1.7

1.4 Navorsingsvraag	1.5 Doel van die studie	1.7 Navorsingsmetodes
Watter verklarings of perspektiewe bied die hulpwetenskappe oor mede-afhanklikheid en identiteit?	Om te bepaal watter perspektiewe die hulpwetenskappe bied vir die verstaan van die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit.	Literatuur sal nagegaan word vir die ondersoek van verklarings van die hulpwetenskappe.
Watter insigte kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom vir die verstaan van mede-afhanklikheid en identiteit?	Om vas te stel watter lig 'n empiriese ondersoek kan werp op mede-afhanklikheid.	'n Kwalitatiewe ondersoek sal deur onderhoude en vraelyste gedoen word.
Watter perspektiewe bied die Skrif asook die Christelike tradisie op mede-afhanklikheid en identiteit?	Om vas te stel watter perspektiewe die Skrif asook die Christelik-teologiese tradisie bied vir die verklaring van mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem.	Grammaties-historiese eksegeese van relevante Skrifgedeeltes sal gedoen word. Relevante gesigspunte in die Christelik-teologiese tradisie sal deur middel van literatuurstudie ondersoek word.
Is daar reeds vanuit die teologie hulp beskikbaar vir die mede-afhanklike	Om aan te dui dat daar, afgesien van navorsing binne die	Drie teologiese genesingsmodelle sal ondersoek en bespreek

persoon?	hulpwetenskappe, ook vanuit teologiese kringe gekyk is na mede-afhanklikheid en disfunksionele identiteitvorming	word.
Watter prakties-teologiese riglyne kan geformuleer word om persone met mede-afhanklikheid pastoraal te begelei tot identiteitsherstel?	Om prakties-teologiese riglyne te formuleer om 'n persoon met mede-afhanklikheid pastoraal te begelei met die oog daarop dat hy 'n nuwe identiteit in Jesus Christus aanvaar en uitleef.	Die basisteoretiese en metateoretiese gesigspunte sal getoets en verwerk word in die lig van die Skrif. Toepaslike literatuurstudie sal gedoen word.

1.10 SLOT

In Hoofstuk 2 sal die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit metateoreties ondersoek word.

HOOFSTUK 2

DIE LIG VAN HULPWETENSKAPPE OP MEDE-AFHANKLIKHEID AS IDENTITEITSBELEWING

2.1 INLEIDING

Die lig wat die hulpwetenskappe op mede-afhanklikheid as identiteitsbelewings werp, sal in hierdie hoofstuk bespreek word aan die hand van die volgende: die doel van die hoofstuk; mede-afhanklikheid as verslawing; mede-afhanklikheid as gestremde identiteitvorming; mede-afhanklikheid as aangeleerde identiteit; mede-afhanklikheid as disfunksionele selfbelewings; mede-afhanklikheid en die liggaam; samevatting en slot.

Perspektiewe van die verskillende vakwetenskappe, te wete, psigologie, psigiatrie en sosiologie, sal gesamentlik bespreek word sonder aanduiding van die bepaalde dissipline.

2.2 DOEL

Die doel van die hoofstuk is om die aard van identiteitvorming en -belewings by die persoon met mede-afhanklikheid in die hulpwetenskappe na te vors.

Voor die Tweede Wêreldoorlog het praktiese teologie bestaan in die deurgee van praktiese riglyne vir die bediening van die Woord. Met die opkoms van die sosiale wetenskappe en die ontwikkeling van hul eie navorsingsmetodes, het pastorale teoloë besef dat hulle vrugbaar van die insette van dié wetenskappe gebruik kan maak. So het die praktiese teologie 'n al hechter band met die sosiale wetenskappe begin smee totdat die praktiese teologie in 'n selfstandige interdisiplinêre wetenskap ontwikkel het wat meer doeltreffend in die pastorale opset geïmplementeer kon word (De Wet, 2006a:64).

Een van die doelwitte van die huidige verhandeling is om prakties-teologiese riglyne vir die berading van persone met mede-afhanklikheid te formuleer. Om dié doelwit te bereik, moet vanuit die prakties-teologiese perspektief geredeneer word waar daar van teorieë soos die basisteorie, metateorie en praktykteorie gebruik gemaak word om die nodige riglyne vir berading daar te stel.

Wanneer enige probleem ondersoek word, is dit belangrik om die situasie te ontleed deur byvoorbeeld 'n empiriese ondersoek. Op grond van dié ontleding word 'n teorie ontwerp. Hierdie teorie word nie net opgebou uit die gegewens wat vanuit die ontleding verkry is nie, maar daar moet ook van ander insette, soos die psigologie, psigiatrie en sosiologie, kennis geneem word.

In hierdie metateoretiese hoofstuk word dan 'n teorie geformuleer waar die handelinge van mense vanuit die sosiale wetenskappe soos psigologie, psigiatrie en sosiologie nagevors met betrekking tot mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem. Deur middel van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3) sal praktiese teologiese riglyne geformuleer word vir die berading van dié mense en hul omgewing (Hoofstuk 6) (Heyns & Pieterse, 1998:1-55).

2.3 MEDE-AFHANKLIKHEID AS VERSLAWING

Wat moet verstaan word onder mede-afhanklikheid as verslawing?

'n Verslawing in 'n gesin raak die individuele lede van die gesin en die gesin as 'n sisteem. Aanvanklik is die eggenoot van 'n alkoholafhanklike as deel van die alkoholafhanklike se omgewing bestudeer, maar mettertyd is die man/vrou van die alkoholafhanklike as 'n persoon in eie reg bestudeer, veral met betrekking tot die interaksie tussen die alkoholafhanklike en sy eggenote (Arterburn, 2004:54).

Vanaf 1940 dui navorsing aan dat die gesinslede van die alkoholafhanklike hulself vrywilliglik rondom die alkoholafhanklike skaar en saam verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar, dikwels ten koste van hul eie ontwikkeling (Cowan, Bommersbach & Curtis, 1995:221; Favorini, 1995:827; Jacobs, 2007:13).

As gevolg van die behoefte om die alkoholafhanklike teen homself en sy destruktiewe gedrag te beskerm en in baie gevalle die blaam vir sy negatiewe

gedrag te neem, voorkom die gesin dat die alkoholafhanklike verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar of dit verander. Geleidelik neem die destruktiewe proses in die gesin toe en uiteindelik verbreek die gesin (Prest & Protinsky, 1993:352; Jacobs, 2007:55).

SANCA (1995) dui die reaksie van naasbestaandes op die alkoholmisbruik van 'n gesinslid soos volg aan: Vir die naasbestaandes is die proses van verslawing by hul geliefdes onverklaarbaar, selfs onaanvaarbaar. Reeds vroeg in die ontwikkeling van alkoholisme begin die naasbestaandes soek na oorsake, en veral hul aandeel aan die ontwikkeling van die probleem. Skuldgevoelens, jammerte en verydeling wissel mekaar af. Verwyte, beskuldigings en argumente gaan hiermee gepaard. Die persoon met die alkoholverslawing reageer hierop met aggressie, waaroor hy later skuldig voel en dan het hy weer alkohol nodig om die skuldgevoelens te verlig. Geleidelik raak die gesin as 'n geheel aangetas en reguleer en beheer die alkoholisme die funksionering en sosiale inskakeling van die gesin as 'n eenheid. Die gesin openbaar ook die simptome van alkoholisme (ko-alkoholisme) en verskeie funksioneringsvlakke word nadelig beïnvloed.

In 'n verhandeling aangebied aan die Randse Afrikaanse Universiteit met die titel: *Die belewenis van die ko-afhanklike eggenoot van 'n alkoholafhanklike persoon* is aangedui dat die mens wat homself in so 'n gesinsopset bevind, uitgelewer is aan 'n proses van aftakeling op alle terreine van menswees (Jacobs, 2007:46, 70).

In die literatuur (May, 1994:13; Arterburn, 2004:42-46; Coetzer, 2005b:37,149) word daar na die kringloop van aftakeling as 'n verslawingsiklus verwys. Die verslawingsiklus bring 'n verlies aan beheer in die interne sowel as eksterne wêreld van die mede-afhanklike mee en vind in alle sferes van menswees plaas, naamlik: die fisiese, psigiese, interpersoonlike en geestelike dimensies van die mens.

Verslawing is 'n progressiewe proses van aftakeling en ontmagtiging van die mede-afhanklike eggenoot wat voortdurend pogings aanwend om die proses te beheer. Die proses is dinamies en word onderhou deur die verbondenheid van die alkoholafhanklike aan die chemiese substans en die mede-afhanklike se afhanklikheid van die alkoholafhanklike (Jacobs, 2007:69).

Cooper (1995:3; vgl ook Jacobs, 2007:51) som die dinamika van mede-afhanklikheid soos volg op:

- Om uit voeling met eie ervarings te wees en persoonlike behoeftes te misken;
- 'n uitermate hoë toleransie vir onaanvaarbare gedrag van ander te hê;
- hulpeloosheid en moedeloosheid te ervaar wat spruit uit mislukte pogings om ander se gedrag te beheer. Die mede-afhanklike beleef die lewe as onhanteerbaar (Jacobs, 2007:51).

Persone met min of meer dieselfde graad van afhanklikheid trek mekaar onbewustelik aan en is geneig om met mekaar in 'n verhouding betrokke te raak onder die indruk dat hul wedersydse aangetrokkenheid tot mekaar ware liefde is. Onbewustelik erken hulle hul emosionele behoeftes in mekaar en glo hulle dat die ander party die emosionele behoefte sal kan versorg (Arterburn, 2004:61).

In verhoudingsverslawings soos mede-afhanklikheid speel liefde 'n belangrike rol. Daar is verskeie faktore wat 'n invloed uitoefen op die romantiese gevoelsbelevens wat jeens 'n ander gekoester word: "Passionate love seems to be a mixture of sexual attraction, physiological arousal, the desire to be physically close, an intense need to be loved as much as you love, and the constant fear that the relationship might end" (Baron & Byrne, 1997:292; vergelyk ook Steyn & Verwey, 1998:99).

Volgens dié definisie is romantiese liefde baie selfgesentreerd. Sekere voorwaardes is ook verbonde aan dié liefde: Daar moet 'n geskikte persoon gevind word en daar moet 'n sterk emosionele opwelling wees wat met liefde vereenselwig kan word. Enige vorm van opwekking van vrees, frustrasie, woede en seksuele prikkeling word onbewustelik as basis vir passievolle liefde aanvaar (Steyn & Verwey, 1998:99; Plutchik, 2003:295).

So word die mede-afhanklike verhouding as 'n selfgesentreerde verhouding getipeer waar die mede-afhanklike betrokke raak by 'n ander om op 'n indirekte wyse sy eie behoeftes deur iemand anders bevredig te kry. Hy hou die alkoholafhanklike of hulpbehoewende van watter aard ook al swak en hulpeloos om op die wyse sin en

betekenis aan sy eie lewe te gee (Cowan, Bommersbach & Curtis, 1995:222; Fuller & Warner, 2000:6; Rotunda & Doman, 2001:258).

Volgens Claudia Black (1992:20) raak die mede-afhanklike betrokke by lewensmaats wat dieselfde verwysingsraamwerk as hy het, byvoorbeeld: Dit is nie aanvaarbaar om oor probleme te praat nie; gevoelens mag nie gewys word nie; kommunikasie moet deur 'n derde persoon plaasvind; wees altyd sterk, goed, reg en perfek; maak ons trots op jou prestasies en nie op jou as mens nie; moenie selfsugtig wees nie; maak soos ek sê en nie soos ek doen nie; dit is nie aanvaarbaar om te speel en die lewe te geniet nie (Steyn & Verwey, 1998:99).

2.4 MEDE-AFHANKLIKHEID AS GESTREMDE IDENTITEITVORMING

In die afdeling word aangetoon hoe negatiewe en destruktiewe identiteitvorming by die kind in 'n disfunksionele gesinsisteem plaasvind. Die kind word grootgemaak met die idee dat sy behoeftes en begeertes nie van belang is nie, dat na ander se behoeftes omgesien moet word ten koste van homself, dat hy, as emosioneel onrype kind, deur die mede-afhanklike eggenote gebruik mag word vir eie emosionele ontlading en dat hy, deur 'n proses van assimilasië, nie tot volwassewording kan ontwikkel nie (Prest & Protinsky, 1993:354; Wells *et al.*, 1999:64; Stafford, 2001:274).

Daar word vervolgens aandag gegee aan die kind se identiteitvorming; selfontdekking; inhibering; verlies aan "I am-ness"; mishandeling en skaamte.

2.4.1 Identiteitvorming

'n Kind word gevorm deur sy sorgdraers en hul vermoë om in sy behoeftes te voldoen tydens elke fase van sy ontwikkeling (Wagner, 1982:51-61; Arterburn, 2004:55-56). Wanneer die kind homself in 'n gesonde gesinstruktuur bevind, waar liefde, aanvaarding, groei en ontwikkeling aangemoedig word, is dit vir die kind moontlik om te gedy en optimaal te ontwikkel op fisiese, psigiese en geestelike gebied. Dit is vir die jong kind moontlik om die wêreld rondom hom korrek te interpreteer omdat hy reeds in die eerste paar weke van sy bestaan 'n belewenis van begrip, liefde en aanvaarding internaliseer.

As die sorgdraers van kinders egter self 'n "wounded inner child" het, sal hulle 'n onvermoë beleef om na die behoeftes van hul kinders om te sien. Dit kan byvoorbeeld lei tot ongevraagde woedeuitbarstings teenoor die kind, of die ouers sal hul onvervulde behoeftes deur middel van hul kinders probeer bevredig (Bradshaw, 1990:34; Coetzer, 2005a:29).

Die ouer wie se emosionele behoeftes in sy vormingsjare nie bevredig is nie, sal moontlik geneig wees om homself van mense te onttrek, of so verstrengel raak in sy medemens, dat die ontkoppeling en selfstandige identiteitsontwikkeling van die ouer moeilik plaasvind. Die kind neem die gedragspatroon soms by hierdie ouer oor en die gevolg is dat die kind se identiteit onvolledig ontwikkel (Prest & Protinsky, 1993:354; Favorini, 1995:827-828; Stafford, 2001:274).

Wanneer die kind vanuit 'n disfunksionele gesinsopset nie in staat is tot volwassewording nie as gevolg van vervreemding van die self, word diskontinuiteit en diffusie beleef. Dié kind vind dit moeilik om die oorgang van kindwees na volwassenheid te maak. Die oorgang vereis buigsaamheid, dissipline, harde werk en deursettingsvermoë. In disfunksionele ouerhuise kom dié eienskappe dikwels nie voor nie. Die kind wat fisiologiese volwassenheid bereik het, sukkel om op psigologiese vlak dieselfde uitkomst te bereik en staan dan in die literatuur bekend as die onvolwasse volwassene of die "adult child" (Black, 1992:2-3; Favorini, 1995:827; Coetzer, 2005a:5).

2.4.2 Selfontdekking

Volgens Bradshaw (1990:31) ontdek die jong kind homself en sy wêreld deur middel van eksperimentering en eksploitering. So ontdek hy byvoorbeeld sy tone, vingers en neus. Wanneer die kind opgevoed word deur ouers wat hul eie ontdekkingsreise moes onderdruk, sal hulle weer dié gedrag by hul kinders inhibeer. So word die kind ontmoedig om risiko's te neem en die lewe te ondersoek. Die lewe word dan nie 'n avontuur waar moontlikhede ontgin moet word nie, maar "a problem to be solved rather than an adventure to be lived" (Bradshaw, 1990:31).

Navorsers soos Bowlby (1968), Simpson (1999), Weinfield, Sroufe, Egeland en Carlson (1999), Ainsworth en Bowlby (1991) asook Lamb, Thomson, Gardner en

Chamov (1985) is dit almal eens dat volwasse en verantwoordelike ouerleiding 'n stabiele basis vorm waarvandaan die jong kind homself na buite kan laat geld (Plutchik, 2003:201-202). Wanneer die kind egter ingestel is op handhawing en oorlewing, word daar reeds op sewe maande-ouderdom 'n woede teenoor die moeder ontplooi (Plutchik, 2003:187).

Selfassessering is 'n proses wat reeds *in utero* begin. Dit is 'n introspektiewe belewenis; 'n innerlike wete dat jy kosbaar is. Ouers se reaksie op dit wat die kind doen en sê, beïnvloed die kind se opinie aangaande homself en dit beïnvloed weer sy vaardighede, vermoë en die mate van sukses wat hy behaal (O Donnchadha, 2000:12, 84, 115).

Deur 'n proses van internalisering, assimilering, empatisering en identifisering – almal emosionele response van die jong baba op dit wat met hom gebeur – word die kind in staat gestel om die emosies van ander jeens hom te interpreteer. Dit vorm dan ook die basis van nie-verbale kommunikasie tussen moeder en kind (Wagner, 1982:38; O Donnchadha, 2000:85; Plutchik, 2003:192).

Tydens die voeding en versorging van die baba word hy geliefkoos en vertroetel en is hy voortdurend bewus van ander se gesindheid jeens hom. Hy ervaar dat sy versorgers hom liefhet en empatiseer met sy moeder se gevoelens van aanvaarding, liefde, deernis en respek. So beleef hy homself as iemand wat belangrik en kosbaar is (Bryant, Kessler & Shirar, 1992:44).

2.4.3 Inhibering

Nuuskierigheid en eksploitering is krities vir die groei en ontwikkeling van die normale kind. Dit motiveer die kind om 'n basiese kennis van die wêreld te bekom asook die reëls vir oorlewing. Indien die kind se versorgers nie die nodige geduld en begrip aan die dag lê nie en die kind te veel vermaan, inperk, te hoë eise stel of mishandel, kan die kind se natuurlike behoefte om te ontwikkel en volwasse te word, geïnhibeer word. Die kind leer om te onttrek, homself onnosel te hou, niks self aan te pak nie, verantwoordelikhede te ontduik en risiko's te vermy (Bradshaw, 1990:33).

Die mens se lewe word gekenmerk deur opeenvolgende ontwikkelingstake wat bereik moet word ten einde optimale groei en ontwikkeling daar te stel. Deur die Here so bepaal, is die kind van ander afhanklik om te sorg dat die ontwikkelingstake bereik word. Elke ontwikkelingstake moet voldoende afgehandel word voordat daar tot 'n nuwe fase van ontwikkeling oorgegaan kan word. So is die kind in 'n proses van volwassewording. Wanneer enige van die ontwikkelingstake nie voldoende aangepak en afgehandel is nie, sal dit lei tot onderontwikkeling, inhibering, of arrestering van die kind se groei tot volwassenheid (Bradshaw, 1990:19; Bryant, Kessler & Shirar, 1992:44-70; Meyer, Moore & Viljoen, 1993:155-175).

2.4.4 Verlies van “I Am-ness”

Elke kind het die behoefte om te weet dat hy aanvaar word en dat hy saak maak. Dit gee aan hom die boodskap dat hy:

- Sekuriteit het: aan iemand behoort, 'n besondere plek in die huis en samelewing het;
- waarde het; en
- unieke vermoëns het.

Die jong kind beleef homself van 'n vroeë ouderdom af as 'n afgeronde, volmaak geskape eenheidswese. Sy belewenis van homself as 'n eenheid ('n “I am-ness”), volmaak, uniek, kosbaar en besonders, gee aan die kind die belewenis dat hy iemand van waarde is (Bradshaw, 1990:38; Coetzer, 2005a:31). Die boodskap word onbewustelik deur ouers aan kinders oorgedra in hul hantering van hul kinders, die hoeveelheid tyd wat hulle met hul kinders deurbring en die mate van liefde en respek wat hulle aan die kind betoon. Die waardebelewenis moet die kind van 'n vroeë ouderdom gereflekteer sien in die oë en gedrag van sy versorgers (Bradshaw, 1990:40; Favorini, 1995:829; Coetzer, 2005a:31).

Wanneer waardetoekenning deur versorgers ontbreek, kan die kind sy ervaring van uniekheid en kosbaarheid verloor. Die frustrasie van 'n kind se begeerte om as persoon liefgehe en aanvaar te word, is die grootste trauma wat 'n kind kan beleef. As die kind die boodskap kry dat hy nie saak maak nie, dat hy in die pad is en dat hy

lastig is, sal geestelike verwonding plaasvind en 'n verlies aan 'n "I am-ness" beleef word: "I believe that all the ways in which the wonder child is wounded can be summed up as the loss of "I am-ness" (Bradshaw, 1990:40; Cowan, Bommersbach & Curtis, 1995:223; Favorini, 1995:828; Coetzer, 2005a:31).

Kinders is ook van nature gelowiges. Hulle weet dat daar iets groter as hulself is: "My belief is that our I am-ness constitutes our godlikeness. When a person has this sense of I am-ness, he is one with himself and is self-accepting. Children have this naturally. Look at any healthy child and you will see him saying, in effect 'I am who I am.' It is the spiritual wound more than anything else that sets us up to become co-dependent shame-based adult children. The story of every man and every woman's fall is how a wonderful, valuable, special, precious child lost its sense of 'I am who I am.'" (Bradshaw, 1990:39; vergelyk ook Coetzer, 2005a:31).

Die kind is van nature toekomsgerig. Soos wat die kind deelgeneem het aan sy eie geboorteproses en meegewerk het tot verlossing vanuit die geboortekanaal, het die kind 'n onbevange kinderlike geloof en vertroue dat die wêreld hom sal aanvaar en hom goedgesind sal wees. Wanneer die kind mishandel en verneder word, word die belewenis van vertroue en geloof hom ontnem en raak die kind angsbevange daarop ingestel om te manipuleer om sy behoeftes bevredig te kry. Ander (die moeder) word gemanipuleer om vir hom te doen wat hy basies vir homself gedaan kon kry. Sy energie word dus nie taakgerig tot voordeel van homself nie, maar selfgerig tot nadeel van ander aangewend (Bradshaw, 1990:32; Plutchik, 2003:187).

2.4.5 Mishandeling en skaamte

Mishandeling van die kind impakteer op sy identiteitvorming. Mishandeling kan baie vorme aanneem (Herman, 2001:74-114). Onder aktiewe mishandeling word verstaan die fisiese, emosionele en verbale mishandeling van die kind. Passiewe mishandeling is byvoorbeeld die ontkenning van die kind se bestaan deur middel van ignorering, verwerping, preokkupasie met eie dinge, verwaarlosing, verlating, egskeiding, misbruik van die kind deurdat ander hul lewens deur die kind wil voortsit of onrealistiese verwagtinge van die kind koester, ouerskapsverantwoordelikhede probeer ontduik en outokratiese, dominerende ouerhuise, waar groei minimaal is, rigiede reëls geld en pa se woord wet is. Die kind ontvang soms negatiewe eksterne

boodskappe wat sê dat hy in die pad is, nie inpas nie, agter is, stout of lui is (Hemfelt & Warren, 1991:50-62).

Die onderliggende boodskap wat uit al die mishandeling aan die kind oorgedra word is: “Dit wat jy is, is nie OK nie – jy moet wees dit wat ons wil hê jy moet wees” (Bradshaw, 1990:47; Coetzer, 2005a:33).

Een van die reaksies van 'n kind op mishandeling is skaamte. Skaamte is een van die mees destruktiewe bronne van pyn wat die kind se ontwikkeling tot volwassenheid strem. Hier word nie van gewone skaamte gepraat nie, maar van toksiese skaamte (“toxic shame”) (Welch, 1997:24; Wells *et al.*, 1999:68; Coetzer, 2005a:33).

Welch (1997) koppel die skaamte van die mens aan die sondeval. Reeds vanaf die sondeval reageer die mens met skaamte op blootstelling en openbaarmaking. Een van die eerste gewaarwordinge wat Adam en Eva na die sondeval beleef het, was 'n gevoel van skaamte en dit het hulle so intens beleef dat hulle gevlug en weggekruipt het. Die mens het teen God gesondig en die gevolg daarvan was 'n skaam, skuldbelaaide mens.

'n Meer intense skaamte word beleef wanneer daar teenoor die self gesondig word en as “waardelose” deur ander gebruik word. Dié skaamte wat geïnternaliseer word as gevolg van misbruik, minagting en viktimisering, laat die slagoffer met 'n belewenis van vernedering, skuld en skande wat hom ontbloom, naak en onrein agterlaat met geen interne bronne beskikbaar om die vernedering die hoof te bied nie.

Kinders reageer meestal met toksiese skaamte op mishandeling en misbruik: “... the feeling of being flawed and diminished and never measuring up” (Bradshaw, 1990:47; Wells *et al.*, 1999:64; Coetzer, 2005a:33).

Toksiese skaamte is erger as skuldbesef. Met skuldgevoelens dink die persoon dat hy iets verkeerd gedoen het, maar dat hy dit weer kan regstel. Met toksiese skaamte beleef die onvolwasse volwassene dat daar iets met hom verkeerd is en dat hy niks daaraan kan doen nie. Toksiese skaamte kan as die kern van die gewonde kind beskryf word. Toksiese skaamte impliseer die verlies aan die „I am-ness“. Die

kind is verstoot en totaal eensaam. Die kind wat dié punt bereik het, is slegter daaraan toe as die oorlewendes van 'n konsentrasiekamp, want mishandelde gevangenes van 'n konsentrasiekamp is innerlik vry om hul vervolgers te haat en hul woede teenoor medegevangenes te bely. Die geleentheid bestaan egter nie vir kinders uit disfunksionele huise nie – hulle kan en mag nie hul pa haat nie, want hulle vrees dat hulle dan sy liefde kan verloor "Thus children, unlike concentration camp inmates, are confronted by a tormentor they love" (Miller, 1983 aangehaal deur Bradshaw, 1990:50; Coetzer, 2005a:33). Skade word dikwels veroorsaak as die kind nie toegelaat word om sy emosionele spanning deur middel van byvoorbeeld 'n huilbui te ontlaai nie (Coetzer, 2005a:29).

2.5 MEDE-AFHANKLIKHEID AS AANGELEERDE IDENTITEIT

Gesinslede in disfunksionele ouerhuise maak dikwels van destruktiewe en negatiewe gedragsspatrone as 'n verdedigingsmeganisme gebruik om 'n mate van afstand tussen hulself en die emosionele verwaarlosing, pyn, ontwrigting en ontnugtering wat in sulke ouerhuise voorkom, te bewerkstellig. Dié gedragsspatrone kan deel vorm van 'n proses van disintegrasie van die verslaafde persoon en sy gesinslede.

Die mens wat oor 'n lang tydperk aan so 'n stresvolle gesinsomgewing blootgestel is, se lewe word daardeur ingrypend beïnvloed (Favorini, 1995:827; Herman, 2001:105-107,110). Destruktiewe reaksies soos vrees, woede, skuld, skaamte, langdurige wanhoop, ontkenning, rigiditeit, verwarring en wanvormige identiteitsontwikkeling word deur die individu in sy persoon geïnternaliseer, en dit veroorsaak dat die mede-afhanklike nie in staat is tot sinvolle bindinge met God, homself, ander en die natuur nie.

Kinders in sulke gesinne implementeer onbewustelik 'n verskuilde identiteit ter wille van oorlewing (Herman, 2001:107; Stafford, 2001:274). Die ware identiteit word as ontoereikend beleef om die spanning en vrees in so 'n disfunksionele ouerhuis doeltreffend te hanteer. Verskillende persoonlikheidstipes ontwikkel en daar word van rollespel en maskers gebruik gemaak om die verwarring, pyn en seer te akkommodeer. Die emosionele belewenis van skande, skaamte, woede, pyn en

vrees gee daartoe aanleiding dat dié kinders irrasionele, ongesonde, ongebalanseerde aannames omtrent God, hulself en ander maak (Reeve, 1994:viii; Herman, 2001:106-107).

Algaande raak dié mense geïsoleerd, onttrek hulself, vereensaam en skep verwronge fantasiewêrelde of implementeer verslawende gedragspatrone om te oorleef (Stafford, 2001:274).

Die kinders sit die destruktiewe selfverdedigingsmeganismes in hul volwasse jare voort en omdat hulle hulself as volwassenes in 'n meer komplekse opset bevind, ervaar hulle probleme om emosies te hanteer en sinvol met hul medemens te bind.

Die kind wat homself voor ander moet handhaaf, verplaas homself en maak van rollespel gebruik sodat sy pyn nie 'n verleentheid vir homself en ander sal wees en hy van sy verdedigingsmeganismes beroof sal word nie. Die kind wat uit 'n disfunksionele gesinsopset kom, sal verskillende destruktiewe gedragspatrone openbaar om 'n mate van beheer oor die verlies aan die self te behou (Black, 1992:16-19; Reeve, 1994:viii; Stafford, 2001:274).

Rolle wat deur die kinders geïmplementeer word om 'n mate van orde in die wanordelike situasie te probeer bewerkstellig, is die volgende:

- **Die uitdagende kind**

Die kind wat sy ouers se gesag uitdaag, het op 'n vroeë ouderdom geleer dat hy wel sy sin sal kry, ongeag sy ouers se insette. Hy beleef sy ouers se bemoeienis in sy lewe as 'n inperking van sy regte en ontwikkel 'n weerstand teen hul ingrepe. Hy leer vroeg om outoriteit te minag en kom in opstand teen outoriteit.

Die kind is aggressief en wil die bestaande orde aanvat en afbreek. Hy kan geteister word deur erge drome, is angstig, rusteloos, gespanne, vertrou niemand, sukkel om te konformeer en is gewoond aan mense se afkeur en verwerping. Hy is slordig, intelligent, geneig tot substansmisbruik, geneig om verantwoordelikhede te ontduik en die blaam op ander te plaas.

Die kind is egter bang, seer, moeg, moedeloos, wanaangepas, alleen, eensaam en smag na aandag, liefde, aanvaarding en sekuriteit.

Die uitdagende kind maak ander mense maklik kwaad, maar is onbewus van sy vermoë om ander van hul selfstandigheid te stroop, omdat hy voortdurend in beheer van elke situasie wil wees (Anon, 2001b:85).

- **Die insiklike kind – “enabler”**

Die kind neem nie self besluite nie en laat ander toe om hom te manipuleer en te misbruik. Hy onderwerp homself aan gesag, word maklik gedomineer en is geneig om betrokke te raak by 'n dominante persoon om balans aan sy persoonlikheid te gee. Die kind se opinie aangaande homself is laag (Meyer, 2005:208). Die kind wat homself aan gesag onderwerp beleef 'n onvermoë om sy sin te kry en vrees ouers se afkeuring en dissiplinerings. Hy verloor waarde en kompenseer daarvoor deur middel van infantiele gedragsspatrone. Hy voed op goedkeuring, plesier ander en staan bekend as die vredemaker. Hy beleef homself as goed en aanvaarbaar omdat hy ander probeer plesier.

In die volwasse jare is die persoon passief, vreesagtig en vermy konfrontasie. Inherent is hy sy medemens vyandig gesind, omdat hy homself nie kan handhaaf nie. Hy hanteer sy vyandigheid op 'n afhanklike, passiewe wyse.

Die kind is geneig tot skuldgevoelens en verval maklik in depressie, pessimisme en negatiewiteit.

Dit is gewoonlik die oudste kind wat dié rol oorneem wanneer die vader weens sy verslawing nie sy verantwoordelikhede kan nakom nie. Die kind voel dikwels verantwoordelik vir die gesinsprobleme en offer homself op ter wille van vrede, liefde en aanvaarding. Die eienskappe verseker 'n leiersposisie, maar hy het nie die dryfkrag om verder te kom as wat hy is nie. Hy ontbeer die nodige sekuriteit en aanmoediging. Hy is geneig tot onsekerheid, 'n gevoel van onveiligheid en wil nie graag die sekuriteit van die onveilige huis verlaat nie.

Die insiklike kind maak maklik vriende, maar is onbewustelik passief afhanklik van ander en dit voorkom hegte binding met ander.

- **Die kind wat beheer – “controller”**

Twee soorte beheerders kom voor: emosionele en verbale “controllers”. Die emosionele beheerder maak van tranes, woede en stiltes gebruik om sy gesag oor ander uit te oefen.

Die verbale beheerder maak van dreigemente, skuld, kritiek, intimidasie, verwerping, ongelukkigheid en ontevredenheid gebruik om sy gesag af te dwing. Dié persone is voortdurend besig om alles reg en skoon te maak met die doel om almal om hom skuldig en skaam te laat voel.

Om alles en almal te beheer, plaas groot druk op die individue en kan baie uitputtend wees (Meyer, 2005:209).

- **Die kind wat homself onttrek**

Dié kind het op 'n vroeë ouderdom die woede van sy ouers so intens beleef, dat hy opdragte sonder enige weerstand uitvoer. Hy vrees lewensomstandighede wat hom kan vernietig, vermy binding met ander, maar behou genoeg kontrole oor omstandighede sodat verwerping nie beleef sal word nie. Die persoon is geneig tot dagdromery. Sy gedrag is gekontroleerd, vreesagtig, geheimsinnig en hy vermy mense.

Die persoon wat homself van ander en elke situasie onttrek, word die geleentheid ontnem om volwasse, sinvolle verhoudinge met ander aan te knoop. Wanneer hy wel in 'n verhouding betrokke raak, is hy oorversigtig en gee nie genoeg van homself in die verhouding om dit sinvol te laat ontplooi nie.

- **Die nar**

Dié persoon glo dit is sy taak om lig te bring in die moeilike omstandighede. Daar is gewoonlik 'n groepie mense om hom geskaar en hy domineer en manipuleer die groep. Heel dikwels het sy tergery en spelery 'n aggressiewe ondertoon. Op 'n satiriese, bitter manier raak hy van sy woede en aggressie teenoor die samelewing ontslae. Daar kan nie teen hom opgetree word nie, omdat hy nie werklik tot konflik

oorgaan nie. Die persoon is bang, onseker, verward en nie seker van sy plek in die huis en samelewing nie. Die kind leef nie in kontak met sy eie gevoelens nie, lag alles weg, is hiperaktief en vaar sleg op skool. Die nar-gedrag verseker begrip, liefde en aanvaarding. In die volwasse jare sukkel die volwassene om sy werk te behou, swerf rond en raak rusteloos as hy te lank op een plek bly. Sy onsekerheid, rusteloosheid en gebrek aan selfvertroue veroorsaak dat sy voorstelle nooit ernstig opgeneem word en bevordering nie maklik kom nie. Hy reageer daarop met woede, frustrasie, onsekerheid en depressie.

- **Die toppresterder**

Die kind presteer goed, werk hard, bly verskuil agter sy werk en boeke. Hy voel skuldig, skaam, verward, onseker oor al die gebeure binne die huis en probeer deur middel van sy prestasies die skaamte en skande wat hom aankleef, minimaliseer.

Die kind het 'n uitermate groot behoefte aan aandag en liefde. Deur middel van skool en sportprestasies word aandag gekoop. Hy dryf homself voort en op so 'n wyse hou hy ander op 'n afstand, waarop isolasie en vereensaming volg. As gevolg van sy prestasies word daar hoë poste vir hom aangebied wat leierskap en 'n doelgerigtheid vereis. Hy is egter nie in staat om standpunt in te neem en besluite en verantwoordelikhede te hanteer nie. Dit sal hom van bevordering weerhou.

- **Die kind met veelvuldige persoonlikhede**

Dié kind voorkom konflik met ander. Hy kom kalm voor, maar inherent is hy verward, verwerp, bang, eensaam, ongelukkig en kwaad. Hy is geneig om verskeie rolle aan te neem na gelang van omstandighede. Hy is uiters buigsaam, kan baie spanning hanteer, by moeilike omstandighede aanpas, eie behoeftes ontken, geen eise stel en is tevrede daarmee om ruggraatloos deur die lewe te beweeg. Hy handhaaf 'n lae profiel en verbind homself aan niemand.

Sy oordrewe sorgsaamheid word maklik misbruik. Hy glo dit hoort so en glo dat hy op so 'n wyse sy Maker moet dien. In ekstreme gevalle kom rolverwarring voor en tree verskillende persoonlikhede binne in die kind onafhanklik van die kind op

(vergelyk die veelvoudige persoonlikheidsafwyking (multiple personality disorder)) (Friesen, 1997:43 e.v.).

Die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM IV) definieer veelvuldige persoonlikheidsafwyking soos volg (APA, 1995:484): Die individue beleef 'n onvermoë om verskillende aspekte van identiteit, geheue en bewussyn te integreer. Elke persoonlikheidstaat kan ervaar word asof dit 'n onderskeie persoonlike geskiedenis, selfbeeld en 'n identiteit met 'n eie naam het. Daar is 'n primêre identiteit wat die individu se naam dra, en wat passief, afhanklik, skuldig en depressief is.

Die alternatiewe identiteite het dikwels verskillende name en eienskappe wat kontrasteer met dié van die primêre identiteit. Verskillende identiteite kan onder verskillende omstandighede na vore kom en kan verskil ten opsigte van die ouderdomme wat hulle meld, geslag, woordeskat, algemene kennis of oorwegende gemoedstoestand.

Aggressiewe of vyandige identiteite kan sekere aktiwiteite onderbreek of die ander identiteite in die verleentheid bring.

Individue met dié versteurings ervaar dikwels gapings in hul geheue ten opsigte van hul persoonlike geskiedenis. By volwassenes kan van twee tot honderd verskillende persoonlikhede mekaar afwissel. Die oorgang van een persoonlikheid na die ander is skielik en word gewoonlik aangebring wanneer die individu onder groot druk verkeer. Die toestand kom drie tot nege keer meer by vroue as mans voor (Coetzer, 2005a:36; Du Plessis, 2005:18-24; Coetzer, 2006: 65).

Al bogenoemde gedragspatrone by kinders impliseer opstand teen ouerlike gesag, en elk van die gedragspatrone voorkom emosionele ontwikkeling en groei. Die gedragspatrone word geïmplementeer om 'n mate van behoud van die self te bewerkstellig wanneer die ouer die kind probeer verneder, beledig of verwerp (Favorini, 1995:828; Stafford, 2001:274).

2.6 MEDE-AFHANKLIKHEID AS DISFUNKSIONELE SELFBELEWING

Om mede-afhanklikheid as disfunksionele selfbelewning te bespreek, word die volgende aspekte toegelig: selfbelewning as selfbeoordeling; selfbelewning en sekuriteit, selfbelewning en waarde; selfbelewning en vermoë; identiteitsverlies; simptome van belewning van identiteitsverlies.

2.6.1 Selfbelewning as selfbeoordeling

Identiteitvorming is 'n proses wat oor 'n aantal jare strek waardeur die individu tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n mens in eie reg is, iemand wat selfstandig en onafhanklik kan funksioneer en wat volwasse en verantwoordelik die lewe kan beleef en geniet (Louw, 1993:162).

Die individu bou sy beeld of opinie aangaande homself op, op grond van ander se opinie van hom. Die "ander" sluit sy primêre versorgers, gemeenskap en sosiale sisteem in. Die siening (selfevaluering) wat die individu oor homself nahou, word oor jare gevorm op grond van voorkoms, vaardighede en die besondere posisie wat hy in die samelewning beklee (fisiese, psigiese en sosiale faktore) (Meyer, Moore & Viljoen, 1988:169; Louw & Edwards, 1994:799; O Donnchadha, 2000:83-87).

Die begrip *self* dui op 'n proses waardeur die persoon gebeurde rondom hom vertolk en organiseer met betrekking tot sy fisiese eienskappe (voorkoms); psigiese eienskappe (sy vermoëns); en sosiale eienskappe (hoe gesellig of skaam hy homself binne verhoudinge uitleef).

Die persoon wat positiewe denke oor homself het, het 'n sterk selfbeeld omdat hy tevrede is met sy fisiese, psigiese en sosiale eienskappe en het dan ook sekerheid van sy waarde as 'n persoon.

Selfminagting of verwerping van die self verwys na die konsekwente negatiewe denke wat 'n persoon oor homself koester. Die persoon het 'n swak selfbeeld in die sin dat hy ontevrede is met sy fisiese, psigiese en sosiale eienskappe. Hy voel minderwaardig en is onseker van die waarde wat hy as 'n persoon het (Jordaan & Jordaan, 1992:700).

2.6.2 Selfbeleving en sekuriteit

Die mens het 'n identiteitsgevoel wanneer hy beleef dat hy aan ander behoort, dat hy waarde het en dat hy die vermoë het om 'n taak af te handel (suksesvol is) (Wagner, 1982:32-37, 62; Hemfelt & Warren, 1991:176-206; O Donnchadha, 2000:83-87).

Reeds in die eerste lewensjaar van die kind begin belangrike aspekte van sy persoonlikheid vorm aanneem. Die belangrikste hiervan is die kind se belewenis dat hy aan ander behoort. Dit is die eerste element van sy selfbeeld (O Donnchadha, 2000:36-39). Wanneer die kind beleef dat hy deel van die groep is en deur hulle aanvaar word, bou hy deur middel van 'n proses van identifisering emosioneel 'n verhouding met sy familie op en ervaar hy betekenis.

Op ongeveer agt maande het die baba genoeg interaksie met sy medemens beleef om sy moeder en homself as selfstandige individue te beleef. Teen dié tyd maak hy van die term “ons” gebruik as hy oor homself en sy familie dink en het hy 'n gestoorde geheuebank van positiewe insette oor homself geïnternaliseer.

As gevolg van die vermoë om met ander te empatiseer, identifiseer en assimileer, is die mens in staat om homself aan ander te bind. Die verbondenheid gee aan die mens 'n belewenis van innerlike sekuriteit en dat daar 'n besondere plek aan hom toegestaan is (May, 1994:61-63).

Emosionele sekuriteit word beleef wanneer die kind liefde en aanvaarding beleef (Plutchik, 2003:296-297).

2.6.3 Selfbeleving en waarde

Naas sekuriteit speel waarde ook 'n rol in die beleving van 'n gesonde beeld van die self. Deur middel van die aandag wat 'n persoon van ander ontvang, kan hy aflei dat hy 'n persoon van waarde is. Hy identifiseer homself met hul liefde en dink positief oor homself (O Donnchadha, 2000:93).

Liefde is volgens Wagner (1982:67-70) 'n allesomvattende emosie wat die mens positief oriënteer ten opsigte van die lewe. Om vir liefde op een of ander wyse te kwalifiseer, is uiters nadelig vir die emosionele gesondheid van die mens. Dan

internaliseer die persoonlikheid negatiewe boodskappe aangaande homself en ander en kom hy nooit tot sinvolle binding met God, die self en ander nie.

Die selfbeeld word gevorm en sentreer in 'n sinvolle verhouding met 'n ouer. Dit word verder versterk deur 'n sinvolle verhouding met die portuurgroep. 'n Liefdevolle verhouding met ander gee sin aan die lewe ongeag die ouderdom (Wagner, 1982:67; Plutchik, 2003:296-297).

2.6.4 Selfbeleving en vermoë

Volgens Wagner (1982:91) neem die "ek kan"-beleving van die kind ongeveer vyftien jaar om wasdom te bereik. In dié tyd raak die kind volwasse in alle opsigte. Op kognitiewe, fisiologiese, emosionele en sosiale gebied ontwikkel hy vinnig en deur suksesse en mislukkings heen kom hy tot kennis van homself en die invloed wat hy op sy omgewing uitoefen.

Die ouers se insette in die tydperk is onontbeerlik vir die ontwikkeling van die kind. Wanneer die kind deur ander en ander se ouers beoordeel word, is dit dikwels negatiewe terugvoer wat hy ontvang. Kinders wil weet dat daar liefdevolle ouers is wat positiewe terugvoer op 'n volwasse en verantwoordelike wyse sal kan gee (Hemfelt & Warren, 1991:193).

2.6.5 Identiteitsverdeling

Die kind uit 'n negatiewe situasie het geen interne bronne beskikbaar wat hom van sy waarde as persoon kan verseker nie. Die persoon sal sy lewe lank soek na uiterlike bronne wat hom van sy waarde kan verseker. Hy sal streef na liefkosing en streling omdat dit aan hom emosionele sekuriteit kan verseker. Selfbevrediging (soos ooreet) kan voorkom om die emosionele stres te hanteer. Struikelblokke en ongerief word negatief beleef omdat die mens nie die innerlike sekuriteit, wat 'n liefdevolle verhouding kan verskaf, ontwikkel het nie (Wells *et al.*, 1999:68; Herman, 2001:107).

Die mens mag liefde op verskeie plekke en van verskeie vriende ontvang, maar as hy 'n negatiewe verhouding met sy ouers beleef het, glo hy dat hy nie liefgehê kan

word nie. Die mens se selfbeeld het hom verseker dat hy onaanvaarbaar is en al word daar aan hom liefde betoon, voel hy bedreig, onseker en vertrou geen liefdesbetoon nie. Verhoudingsprobleme kom dan algemeen voor. Hierin kan die oppervlakkigheid van verhoudinge oor die algemeen nagespeur word. Die mens wil by ander betrokke raak, maar nie te veel en te nou nie (Bradshaw, 1990:11; Favorini, 1995:828).

Volgens Goldenberg en Goldenberg (2000:170; vergelyk ook Jacobs, 2007:51, 54), kan mense hulself nie bevry van 'n mede-afhanklike verhouding om "selfwees" genoegsaam te ontwikkel nie. Volgens hom is daar by mede-afhanklikes 'n lae vlak van differensiasie van die self. Dit veroorsaak dat die mede-afhanklike minder aanpasbaar en emosioneel afhanklik is van ander. As gevolg van die lae differensiasievlakke word die verlies aan die self in so 'n mate beleef dat die mede-afhanklike se lewe slegs draai om die beheer van, manipulasie en behaging van die alkoholafhanklike.

2.6.6 Simptome van belewing van identiteitsverlies

'n Negatiewe belewenis van die self vorm 'n ongesonde en onstabiele basis waarvandaan die individu homself na buite moet laat geld. 'n Heelheid van menswees word nie beleef nie en 'n onrus en angs dat hy nie goed genoeg is nie, word voortdurend beleef (Arterburn, 2004:56).

Wanneer 'n ander se identiteit oorgeneem word, lei dit tot chroniese onsekerheid.

Selfvertroue is gekoppel aan sekuriteit. As die individu nie sekuriteit en geborgenheid binne sy omgewingsopset beleef het nie, ontwikkel angs en skuld en dié individu ervaar sy ganse bestaan as onveilig. Hy ontwikkel 'n gevoel van tuisteloosheid.

Die onsekerheid gaan met 'n oordrewe skuldbewussyn gepaard en die individu beleef sy lewe as uitmekaar geskeur. Daar is nie 'n innerlike binding tussen die identiteit en die persoonlikheid nie (Louw, 1993:180).

As gevolg van 'n onvermoë van die mede-afhanklike om sinvol met sy medemens te bind, is hy geneig tot selfbejammering, liggeraaktheid, fyngevoeligheid en maak hy

van allerlei destruktiewe gedragspatrone gebruik om die aandag op homself gevestig te kry.

Die belewing van identiteitsverlies manifesteer op verskillende maniere, byvoorbeeld as vyandigheid, skuld, vrees en woede.

- **Vyandigheid**

As gevolg van die negatiewe belewenis van die self projekteer die mens vyandige gevoelens na ander. Vyandigheid is die gevolg van 'n vrees vir verwerping, 'n verlies aan "behoort aan". Identiteitsverlies word ervaar en ongemak word beleef met gevolglike vyandigheid, wat vermyding en verwydering tussen mense veroorsaak. So is dit nie vir dié persoon moontlik om 'n liefdesverhouding met ander op te bou nie.

Frustrasie, vernedering, skuld, vrees en skaamte is emosies wat vyandigheid ontlok. Al drie bronne wat identiteit verskaf, word deur dié negatiewe emosies aangeval. Die persoon se belewenis van "behoort aan" gaan verlore en as gevolg van frustrasie en vrees word die individu se vermoë om sukses te behaal, ondermyn. So word 'n gevoel van "ek kan nie" beleef (Wagner, 1982:42; O'Donnchadha, 2000:68-75).

Die vyandige persoon isoleer homself onbewustelik en die gevoel dat hy nie deel van die groep is nie, word geïnternaliseer.

- **Skuld**

Die vyandige persoon blameer ander vir sy onvermoë terwyl die skuldige persoon homself blameer. Die skuldige beleef 'n waardeloosheid wat hom dwing om te verander, want voortdurend word beleef dat die self sleg en ontoereikend is en dat ander nie van hom kan hou nie. Al dié negatiewe emosies veroorsaak dat die individu nie met sy medemens kan empatiseer en ander se positiewe gevoelens jeens hom kan ervaar nie (Wagner, 1982:43).

Inherent het die mens 'n behoefte aan waarde. Lof versterk die positiewe belewenis van die self. Wanneer gevoelens onderdruk word en behoeftes en begeertes ontken word, word persoonlikheidsontwikkeling gestrem. Dan word die mens gemotiveer om

dinge reg te doen ter wille van goedkeuring en nie ter wille van sy ontwikkeling nie. Hy pas sy gedrag aan omdat sy **waarde** afhanklik is van positiewe terugvoering. Wanneer die mens gekritiseer word, word 'n gevoel van **onvermoë** beleef. Die mens vind dit moeilik om foute te erken en verdedigingsmeganismes soos rasionalisasie, ontkenning en projeksie word gebruik om 'n gevoel van **waarde** te behou.

Een van die eienskappe van mede-afhanklikheid is om eie behoeftes en begeertes te ontken ter wille van 'n verhouding met ander. Die onderhouding van dié ongesonde verhouding, met gepaardgaande negatiewe oriëntasie teenoor die self, gee aanleiding tot gebrekkige identiteitsontwikkeling en verlies aan die self (vgl. 1.3.3) (Cowan, Bommersbach & Curtis, 1995:223; Arterburn, 2004:56).

- **Vrees**

Ook ten opsigte van vrees is die gedrag van die mede-afhanklike kenmerkend. Navorsing gedoen deur Jack (1991, vergelyk Cowan, Bommersbach & Curtis, 1995:223), met 'n klompie depressiewe vroue, het aangetoon dat vrees by die vroue geïntegreer is as gevolg van die negatiewe situasie waarbinne hulle hulself bevind het. Die depressie is toegeskryf aan 'n verlies aan mag om hulself in so 'n situasie te handhaaf en 'n disintegrasie van die self terwille van oorlewing (Herman, 2001:103-110).

Vrees is 'n algemene emosionele respons by die mens om stresvolle situasies te hanteer. Navorsing gedoen deur Klein (1981) en Barlow (2000) het aangetoon dat soveel as die helfte van volwassenes wat met vrees, angsaanvalle en verlies aan beheer presenteer, traumatiese skeidingsangs in hul kinderjare beleef het (vergeelyk Plutchik, 2003:316-318).

Vrees inhibeer sosiale interaksie met ander, affekteer die liggaam nadelig (bors-, nek-, buik- en hoofpyne, naarheid, duiseligheid, braking, palpitasies en hiperventilasie) en verander die mens se **vermoë** om take aan te pak en deur te voer, nadelig (Wagner, 1982:44; Plutchik, 2003:316).

- **Woede**

Volgens Plutchik (2003:187, 329, 333), kan woede verskeie vorme aanneem. Dit word om verskeie redes aangewend, onder meer om angsbelewensisse te verminder, weerbaarheid te oorbrug, onsekerheid en hulpeloosheid te kamoefleer en oorlewing te verseker.

Wagner (1982:68, 108) glo dat die persoon wat deur middel van woede sy behoeftes aan ander bekend moet maak, waarskynlik verwerping beleef. Sy belewenis van aanvaarding word bedreig. As die mens deur woedebuie moet veg vir liefde en aanvaarding, beleef hy homself as waardeloos. Deur middel van woede leer die mens om te manipuleer en te straf. Die kind in negatiewe omstandighede leer om sy woede te beheer om daardeur ander se toegeneentheid te verseker of om sy woede te onderdruk om ander plesier te verskaf. In albei gevalle leer die mens dat liefde en versorging verdien moet word. As hy goed is, word hy liefdevol behandel; as hy sleg is, word hy geïsoleer.

2.7 MEDE-AFHANKLIKHEID EN DIE LIGGAAM

In die afdeling sal die volgende bespreek word: mede-afhanklikheid en fisiese simptome; mede-afhanklikheid en liggaamlike druk en mede-afhanklikheid en liggaamlike hulp.

2.7.1 Mede-afhanklikheid en fisiese simptome

Volgens Coetzer (2005a:34) is daar gevind dat individue met psigosomatiese en psigiatriese siektesimptome dikwels as skisofrene gediagnoseer word. Dié mense word in hospitale opgeneem met 'n presenteerbare probleem, maar die onderliggende kernprobleem, naamlik die van 'n destruktiewe mede-afhanklike gesinsverhouding, geniet dikwels nie aandag nie.

Herman (2001:86-87) glo dat die mens wat oor 'n lang tydperk aan trauma onderwerp is, posttraumatiese siektesimptome (PTS) openbaar wat die persoonlikheid van die mens kan versteur. Die versteurings manifesteer in gedragspatrone soos angstigheid, slapeloosheid, huilerigheid, werkgierigheid,

rusteloosheid en met tyd glo die mense dan ook dat hul liggame teen hulle gedraai het. Hulle kla van hoofpyne, gastro-intestinale siektes, rug- en buikpyne. Op sosiale gebied is die mense geneig om hulself van ander te onttrek, wat 'n verandering en verskraling van hul leefwêreld meebring en verdere vermydingsgedragspatrone tot gevolg het (Favorini, 1995:827; Martsof, Sedlak & Doheny, 2000:150-152; Stafford, 2001:274-275).

In sy boek, *The healing power of a Christian mind*, lig Backus (1996:57-67) die verband tussen liggaam, siel en gees toe. Hy beklemtoon die invloed wat die mens se gees-, denkprosesse en emosies op die liggaam uitoefen. Hieruit kan afgelei word dat die mede-afhanklike se denke en gedrag sy liggaamlike gesondheid sal affekteer.

Navorsing gedoen deur bioloë verbonde aan die National Institute of Mental Health maak melding van 'n senuweekoppeling tussen selle in die immunitietstelsel en die hipotalamus in die brein. Die verbinding impliseer kommunikasie tussen die witbloedselle in die immunitetiesisteem en die brein. Wanneer die gees en denke van die mens afgetakel word deur stres en trauma, word die mens se belewenis van homself en die gebeure rondom hom daardeur beïnvloed (Steyn & Verwey, 1998:30; Coetzer, 2006:68). Die mede-afhanklike wat aan langdurige trauma onderwerp is, presenteer met depressie en angs en beleef homself as 'n slagoffer van sy omstandighede.

Studies gedoen op 33 leukemie-pasiënte toon aan dat die kinders ses maande voor die aanvang van hul siekte onderwerp is aan maatskaplike probleme wat egskedding, verlating, dood en verhuising ingesluit het (Jacobs & Charles, 1980:11).

Die mede-afhanklike wat oor 'n lang tydperk aan traumatiese omstandighede uitgelewer is, presenteer soms met persoonlikheidsversteurings wat in die literatuur bekend staan as grens-, skisoïde- en antisosiale persoonlikheidsversteurings (Sadock & Sadock, 2003:803-818).

2.7.2 Mede-afhanklikheid as hantering van liggaamlike druk

Van die bogenoemde persoonlikheidsversteurings kom by die mede-afhanklike voor. Die mede-afhanklike vind dit moeilik om homself sinvol in die samelewing te ontplooi. As gevolg van die hoë spanningsvlak wat die mense moet hanteer, word adrenalien in die bloedstroom afgeskei wat in die brein as gemak geregistreer word. Die herhalende mede-afhanklike gedrag oorstimuleer egter die afskeiding van adrenalien, meer NAD-koënsieme word benodig om die oormaat adrenalien af te breek, en die gevolg is 'n groter biochemiese ongemak wat hanteer moet word. Dit is die bese siklus van verslawing (Plutchik, 2003:290; Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding, 2006:202-207).

Die mede-afhanklike ervaar ook wilsverlies: Hy verloor perspektief, gee beheer prys en sy lewenskwaliteit neem af (Meyer, Moore & Viljoen, 1993:447; Jacobs, 2007:57;).

2.7.3 Mede-afhanklikheid en liggaamlike hulp

Die mens is 'n eenheidswese wat integrasie beleef tussen liggaam, siel en gees. Dis nodig dat die mens homself sal leer ken en verstaan dat daar aan hom 'n eie spesifieke persoonstruktuur gegee is en dat hy alleenlik homself kan wees in 'n bepaalde liggaam binne 'n spesifieke lewensfase (Louw, 1993:162).

Die mens moet verstaan dat hy die moontlikhede wat aan hom gegee is, so sal ontwikkel dat realisering van die self kan plaasvind. Op dié wyse stel die mens vas wie die ek is. Die ek is die kern van elke mens wat rigting gee en die bestuur van die mens behartig. Dit is die sedelike bewussyn in die mens wat aanspreekbaar en verantwoordelik is vir sy doen en late. Deur die ek kan die mens in vryheid kies, handel, en homself ontsluit. Wanneer hierdie ek vernietig word deur omstandighede, mense en die self, word 'n verlies aan identiteit of menswees beleef (Louw, 1993:163).

Die mede-afhanklike persoon kan sy metaboliese energietekorte aanvul met natuurlike voeding asook suplemente soos koënsieme, vitamienes en minerale.

Voeding, oefening en rus dra by tot die mens se fisiese, emosionele en geestelike gesondheid (Backus, 1996:53).

2.8 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

In voorafgaande hoofstuk is die aard van identiteitvorming en -beleving by die persoon met mede-afhanklikheid in die hulpwetenskappe nagevors. Daar is aandag gegee aan die volgende aspekte: Mede-afhanklikheid as verslawing, as gestremde identiteitvorming, as aangeleerde identiteit, as disfunksionele identiteitsbeleving, en die liggaamlike aspekte van mede-afhanklikheid.

- **Mede-afhanklikheid as verslawing**

Verslawings oor die algemeen, is 'n progressiewe proses van aftakeling van die individue binne die gesinsisteem, waar die verslaafde voortdurend pogings aanwend om die proses te beheer, nie daarin slaag nie en die lewe as onhanteerbaar beleef. Daar word dan van destruktiewe gedragspatrone en rolle gebruik gemaak om aan te pas by die negatiewe situasie in 'n poging om behoud van die self te verseker.

In die hedendaagse kultuur is verhoudingsverslawing 'n al groter wordende probleem. Mede-afhanklikheid behels 'n betrokkenheid by 'n ander persoon wat min of meer dieselfde graad van afhanklikheid as hy openbaar. Verkeerdelik verwar die individue die aangetrokkenheid tot mekaar as ware liefde. Inherent openbaar albei egter 'n diepliggende emosionele behoefte wat hulle glo sinvol deur die ander versorg sal kan word. Die individue word egter so gedreineer deur dié veeleisende liefde, dat hulle nie in staat is om 'n eerlike evaluering van hul motiewe en verwagtinge van hul verhouding te maak nie. Uiteindelik vra hulle te veel van mekaar en versmoor mekaar.

- **Mede-afhanklikheid as gestremde identiteitvorming**

In die afdeling is aangetoon hoe die kind oorgaan tot disfunksionele identiteitvorming vanuit 'n negatiewe gesinsisteem.

Volwassewording is 'n lewenslange proses waar sekere ontwikkelingstake in elke fase van ontwikkeling suksesvol afgelê moet word. Dit is die taak en verantwoordelikheid van ouers om hul kinders in die poging te begelei en hulle te help om op fisiese, psigiese en geestelike vlak hul volle potensiaal te bereik.

Dit is slegs moontlik as die kind weet dat hy aanvaar word. Dit gee aan hom die versekering dat hy aan iemand behoort, waarde het en oor unieke vermoëns beskik. Die kind moet begelei word tot ontdekking van sy liggaam, sy omgewing, sy uniekheid en kosbaarheid. Wanneer die kind homself in 'n gesonde gesinstruktuur bevind waar liefde, aanvaarding, groei en ontwikkeling aangemoedig word, is dit vir die kind moontlik om optimaal te ontwikkel, en kan hy homself as uniek, kosbaar en besonders beleef en kan hy die belewenis hê dat hy iemand van waarde is.

Wanneer ouers egter self vanuit 'n negatiewe gesinsisteem kom, sal hulle die ontwikkelingspogings van hul kinders as bedreigend ervaar, hierdie pogings inhibeer en 'n onvermoë beleef om die ontwikkeling van die kind tot volwassewording te hanteer. Wanneer die kind in so 'n opset 'n waardeloosheid ervaar, kan hy sy ervaring van uniekheid en kosbaarheid verloor en sal die kind sy lewe lank soekend bly om die behoefte bevredig te kry.

- **Mede-afhanklikheid as aangeleerde identiteit**

Waar waardetoekenning en sekuriteit ontbreek en die kind besef dat sy voortbestaan van homself afhang, sal die kind dikwels ingestel wees om te manipuleer om sy behoeftes bevredig te kry. Dan maak die onseker, onveilige kind van allerlei gedragspatrone en rollespel gebruik om 'n mate van behoud van die self te verseker. Rolle wat onbewustelik geïmplementeer word, is onder meer die rebel, "enabler", "controller", nar, toppresteerder, die kind wat homself onttrek en die een wat homself alles laat welgeval. Bogenoemde gedragspatrone impliseer opstand teen ouerlike gesag en voorkom emosionele groei en ontwikkeling.

- **Mede-afhanklikheid as disfunksionele selfbeleving**

Identiteitvorming is 'n proses wat oor 'n aantal jare strek waar die individu tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n individu in eie reg is. Die mens beleef 'n

identiteitsgevoel wanneer hy beleef dat hy aan ander behoort, dat hy waarde het en dat hy die vermoë besit om 'n taak af te handel. In die eerste lewensjaar is dit belangrik dat die kind sal beleef dat hy aan ander behoort.

Die persoon beleef waarde as hy die aandag wat aan hom gegee word as positief beleef en dit sinvol internaliseer. Die vermoë om 'n taak aan te pak en af te handel, neem volgens Wagner (1982:91) ongeveer 15 jaar om wasdom te bereik. In dié tyd is die insette van die ouers belangrik omdat dit aan die kind die nodige sekuriteit gee om nie moed op te gee nie en doelgerig vorentoe te beur.

Wanneer die individu homself negatief beleef, is sy oriëntasie teenoor die self en ander negatief. As gevolg van die onvermoë van die mede-afhanklike om sinvol met sy medemens te bind, is hy geneig tot selfbejammering, liggeraaktheid en fyngesvoelheid. Hy maak van destruktiewe gedragspatrone gebruik om die aandag op homself gevestig te kry. Deur middel van vyandigheid, skuld, vrees en woede handhaaf die individu homself na buite en vervreemding en isolasie word deel van sy verwysingsraamwerk.

- **Mede-afhanklikheid en die liggaam**

Omdat die mede-afhanklike onder die indruk verkeer dat liefde, begrip en aanvaarding verdien moet word en voortdurend voortgedryf word deur die vrees dat hy nie goed genoeg is nie, eis die druk uiteindelik sy tol. Die individue ontwikkel psigosomatiese siektesimptome wat op verskeie maniere deur middel van die liggaam presenteer.

Voordat daar nie tot 'n begrip van die mede-afhanklike gedragspatroon gekom word nie, sal die persone die gedragspatroon bly herhaal en bly die mense vir jare vasgevang in die afwaartse spiraal van verslawing sonder om insig in hul eie destruktiewe gedragspatroon te kry. Die mense moet dus in die praktyk sinvol begelei word om positief met die verlede af te handel, sodat die lewe voluit geleef kan word. Hiervoor sal praktiese riglyne in Hoofstuk 6 aangebied word waar die mede-afhanklike begelei word om in afhanklikheid van die Drie-enige God 'n nuwe lewe met nuwe uitdagings tegemoet te gaan.

2.9 SLOT

Nadat vasgestel is watter lig die hulpwetenskappe werp om mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem te verstaan, sal hierdie insigte in die volgende hoofstuk (Hoofstuk 3) empiries getoets en verruim word.

HOOFSTUK 3

'N EMPIRIESE ONDERSOEK VAN MEDE-AFHANKLIKHEID EN IDENTITEIT

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die proses verduidelik wat gebruik is om mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem empiries na te vors. Die volgende aspekte word bespreek: die doel van die empiriese ondersoek; die aard en proses van empiriese navorsing; kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing; afbakening van die kwalitatiewe navorsing; die implementering van die gestruktureerde onderhoude; samevattende gevolgtrekkings, en slot.

3.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In Hoofstuk 2 is menswetenskappe deur middel van 'n literatuurstudie nagevors en 'n metateorie geformuleer oor mede-afhanklikheid. Die verstaan van mede-afhanklikheid sal die empiriese navorsing rig en die empiriese navorsing sal op sy beurt weer die metateoretiese verstaan kontroleer en na verwagting verbreed (vergelyk Heyns & Pieterse, 1998:39). Die metateoretiese insigte (Hoofstuk 2) en basisteoretiese insigte (Hoofstuk 4) sal gebruik word en in hermeneutiese wisselwerking gebruik word om 'n praktykteorie (Hoofstuk 6) daar te stel.

Die doel van die hoofstuk is om vanuit 'n pastorale perspektief empiries te ondersoek hoe en waarom identiteitsverlies by persone met mede-afhanklikheid voorkom.

3.3 DIE AARD EN PROSES VAN EMPIRIESE NAVORSING

Oor die algemeen is navorsing daarop ingestel om kennis te vermeerder sodat 'n bestaande situasie na 'n meer aanvaarbare situasie verander kan word (Heitink, 1999:225).

Praktiese teologie bestudeer die mens se geloofsreaksie op God se bemoeienis met hom (Heyns & Pieterse, 1998:7). Dit is die taak van die praktiese teoloog om die handeling (praktyk) van mense krities te ondersoek met die doel om vas te stel wat die handeling gemotiveer het.

Hierdie empiriese studie ondersoek en verklaar die geloofsuiting van die mede-afhanklike persoon en stel die navorser in staat om die data wat op so 'n wyse ingesamel is, saam met die voorafgaande literatuurstudie in 'n metateorie te verwerk. Deur die ontleding en interpretering van die data kan vasgestel word wat die behoeftes van die gelowige is (Heyns & Pieterse, 1998:21; Van Rooyen & Combrink, 1990:70).

Die hipotese dat mede-afhanklikheid 'n identiteitsprobleem is, is reeds bevestig deur die literatuurstudie (Hoofstuk 2) en word nou ook empiries ondersoek om die geldigheid daarvan te bevestig (Heitink, 1999:224-240). 'n Persoon met 'n verslawing beïnvloed sy gesinslede en 'n gesinslid kan daarop reageer met mede-afhanklikheid. Die ervaringsproses van die persoon met mede-afhanklikheid sal deur empiriese navorsing op 'n wetenskaplike wyse verken, beskryf, getoets en verklaar word (Heyns & Pieterse, 1998:77-82).

In hierdie empiriese studie sal die prakties-teologiese model van ABBO gebruik word om data te versamel en te ontleed met die doel om riglyne te formuleer vir die berading van persone wat mede-afhanklikheid as hul identiteit aanvaar het (ABBO, 2006:1ev)

3.4 KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

Verskillende navorsingsmetodes kan gebruik word om data in te samel. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes of 'n kombinasie van die twee is die bekendste navorsingsmetodes wat in die sosiale en natuurwetenskappe gebruik word (Heyns & Pieterse, 1998:82-85; Janse van Rensburg, 2007:4-7). Die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word soos volg aangedui:

3.4.1 Kwantitatiewe navorsing

In kwantitatiewe navorsing word algemene stellings gemaak en daar word getoets of die stellings in individuele gevalle geldig is. Daar word van 'n *deduktiewe* werkswyse gebruik gemaak. Die data word sistematies en op 'n gestandaardiseerde wyse verkry. 'n Ontleding word gedoen van verskeie elemente wat saam 'n geheel vorm. Die fenomene wat bestudeer word, is redelik algemeen. Data word geïnterpreteer, gedefinieer en numeries en statisties weergegee. Die navorsingskonstruk is gestandaardiseer en kan gedupliseer word. Vraelyste moet met die proefgroep getoets word voor dit in gebruik gestel word. Dit is objektief, waarde-vry en word nie beoordeel in kategorieë van reg of verkeerd nie (Bauer & Gaskell, 2002:7-10; Janse van Rensburg, 2007:4).

3.4.2 Kwalitatiewe navorsing

Hierdie navorsingsmetode ondersoek probleme wat nie algemeen voorkom nie en persone se unieke omstandighede word geïnterpreteer om hul unieke situasies te verstaan. 'n *Induktiewe* werkswyse word gevolg. Die data word geïnterpreteer op grond van intuïsie, waarneming en verstaan van die situasie. Die benadering is holisties ten opsigte van interaksie tussen verhoudings en gebeure. Die navorsingsmetode is onderhewig aan verskeie veranderlikes. Daar word nie 'n spesifieke werkswyse gevolg nie en die navorsing kan nie gedupliseer word nie (Bauer & Gaskell, 2002:7-10; Janse van Rensburg, 2007:5).

Kwalitatiewe navorsing staan ook bekend as veldnavorsing, gevallewerk, of interpretatiewe benadering (Mouton, 1988:1). Volgens De Vos, Schurink en Strydom (1998:15) maak die kwalitatiewe navorsingsmetode van verbale data gebruik wat op 'n nie-formele en filosofiese wyse ingesamel is en toegespits word op individue en gesinne, veral die individu binne die gesinsisteem (Van Rooyen & Combrink, 1990:69). Die kwalitatiewe benaderingswyse konsentreer op die kwaliteit van menslike handeling binne die individu se natuurlike omgewing (Van Rooyen & Combrink, 1990:70).

Kwalitatiewe navorsing is daarop ingestel om mense se ervarings binne hul sosiale, kulturele en historiese konteks te verstaan, hul stories te ondersoek en by inligting uit

te kom wat die egtheid van menslike ervarings weergee (Steyn & Lotter, 2006:6). Volgens Janse van Rensburg (2007:5-7) is hierdie navorsingsmetode buigsaam en groei en ontwikkel dit namate die ondersoekproses vorder. Dit veroorsaak dat data en ontleding van data gelyktydig kan plaasvind, wat teorievorming vergemaklik.

Kwalitatiewe navorsing kan beskrywend, verklarend of hipoteties van aard wees (Heitink, 1999:228-231):

- **Beskrywende navorsing:** Hier word die navorsing sistematies beskryf op grond van die data wat verkry is.
- **Eksplorerende of verklarende navorsing:** Die tipe navorsing het ten doel om 'n teorie te formuleer wat in 'n hipotese kan ontwikkel. Die hipotese hoef nie noodwendig getoets te kan word nie. In dié tipe navorsing word baie tyd aan die verklaring en interpretering van data bestee en daar word sterk geleun op die intuïtiewe aanvoeling van 'n probleem.
- **Hipotetiese navorsing:** In dié tipe navorsing word 'n sekere hipotese nagevors ten opsigte van sekere data wat geglo word wel bestaan, maar wat in die praktyk waar gemaak moet word. Die tipe navorsing gaan die hele empiriese proses van observasie, induksie, deduksie, toetsing en evaluering deur (Heitink, 1993:231). Observering impliseer die invordering en kategorisering van data. Uit die data word deur induksie 'n hipotese gevorm. Op grond van die hipoteses word deur deduksie afleidings gemaak. In hierdie hoofstuk word die hipotese dat mede-afhanklikheid 'n disfunksionele identiteit weerspieël, getoets.

3.5 AFBAKENING VAN DIE KWALITATIEWE NAVORSING

Om mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem empiries na te vors, is die kwalitatiewe navorsingsmetode gekies, en wel om die volgende redes: 'n klein groepie mense is betrek; hier word met woorde gewerk en nie met syfers nie; die mense is selektief genader waar hul gedrag en emosies ondersoek en geïnterpreteer is; die metode gee aan die deelnemers die geleentheid om hul wêreld op hul eie besondere wyse te beskryf en dit gee die navorser die geleentheid om sinvol by die deelnemers betrokke te raak (Janse van Rensburg, 2007:5-7).

Dié ondersoekmetode behels gestruktureerde onderhoude met vyf deelnemers om vas te stel hoe die mede-afhanklike sy leefwêreld beleef, en watter aanpassings hy maak om sy bestaansopset te hanteer.

Die deelnemers het skriftelik toegestem tot die onderhoude. Die deelnemers het insae gehad in wat oor hulle geskryf is om geldigheid te kontroleer. Verder is die riglyne van die Etiekkomitee van die NWU gevolg.

Die ondersoek het gefokus op vyf persone tussen die ouderdom van 44 en 61 jaar wat reeds vanaf geboorte hulself in disfunksionele gesinsopsette bevind het. Die navorser het besluit om te fokus op deelnemers in hul middeljare omdat die mede-afhanklike gewoonlik eers in die middeljare tot die gevolgtrekking kom dat al sy pogings om 'n sinvolle bestaan te voer, futiel is. Op dié ouderdom, volgens Erikson (Sadock & Sadock, 2003:211-217) (vergelyk. 2. 4. 3), begin die mens homself vrae afvra ten opsigte van die sin en doel van sy bestaan en is die individu moeg gestry teen 'n chaotiese bestaan wat dreig om hom en sy leefwêreld te vernietig.

Al vyf die deelnemers het in negatiewe huislike omstandighede grootgeword en het nooit tot konstruktiewe identiteitvorming gekom nie. Hierbenewens staan die persone ook in 'n verhouding met gesinslede met verslawings: Deelnemer A is getroud met 'n verhoudingsverslaafde. Deelnemer B se man was 'n seksverslaafde; Deelnemer C se vader was 'n alkoholverslaafde; Deelnemer D se man is 'n alkoholverslaafde (sy het gekies om die "controller"-rol in die huweliksverhouding in te neem); Deelnemer E is getroud met deelnemer D en neem die "enabler"-rol in die huweliksverhouding aan.

Navorsing met die deelnemers het ernpiriese data na vore gebring wat die metateoretiese argument (Hoofstuk 2) van die navorsing doeltreffend getoets het, naamlik: dat daar 'n verband bestaan tussen mede-afhanklikheid en identiteitvorming.

Die vyf (5) deelnemers is sosiaal betrokke by die navorser met die gevolg dat die navorser die deelnemers en hul omstandighede redelik goed geken het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die navorsing vinniger op dreef kon kom en openlikheid ervaar is.

Die navorser het oor 'n tydperk van 3 maande 5 tot 6 onderhoude met elk van die deelnemers gevoer wat ongeveer 1½ - 2 uur elk geduur het. Die eerste twee sessies is gewy aan die verduideliking van die navorsingsprojek en die gerusstelling van die deelnemers.

Deelnemers A, B en C het hulself tot die sessies bereid verklaar en die drie vrae sonder veel teësprak, onsekerheid of onwilligheid beantwoord. Die navorser het die indruk gekry dat die mense graag hul leefwêreld wil deel. Deelnemers D en E, getroud met mekaar, was aanvanklik onseker en het verkies om die navorser saam te sien. Al die gesprekke is op band opgeneem met die toestemming van die betrokkenes. Die bandopnames is by die navorser beskikbaar. Daar is nie tuiswerkopdragte aan die deelnemers gegee nie.

3.6 IMPLEMENTERING VAN DIE GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

3.6.1 Fokus van die onderhoude

Die onderhoude is gestruktureer aan die hand van hoofsaaklik oop vrae met die doel om mede-afhanklikheid as identiteit te verstaan. Die vrae is in drie kategorieë verdeel op grond van die metateoretiese navorsingsbevindings van Hoofstuk 2, naamlik:

- Die situasie van die mede-afhanklike;
- die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde; en
- die mede-afhanklike se identiteitskeuse.

Die vraelys is as Bylaag A aangeheg in die navorsingsverslag. Onderhoude is met die deelnemers gevoer 'n week nadat die vraelyste uitgedeel is.

3.6.2 Verslag van onderhoude

Die verslag rapporteer die empiriese navorsing wat gedoen is. Daar word na die gespreksgenote verwys as deelnemers A, B, C, D en E. Hul skriftelike toestemming

is verkry om die inligting te publiseer. Ontleding van die data sal geskied aan die hand van die onderhoude wat gevoer is:

3.6.2.1 Verslag van onderhoud met deelnemer A

3.6.2.1.1 Die situasie van die mede-afhanklike

Deelnemer A, 44 jaar oud, is een van twee aangenome kinders. Sy het moeilike kinderjare beleef wat gekenmerk is deur verwerping, emosionele verwaarlosing en seksuele molestering.

Op 19-jarige ouderdom is deelnemer A getroud met haar man, 'n verhoudingsverslaafde, wat haar en hul kinders met aggressiewe gedragspatrone beheer en bestuur het en sy verantwoordelikhede as man en vader versaak het. Die huwelik is gekenmerk deur stryd.

Deelnemer A se man het gesukkel om 'n werk te hou en het geswerf van werkplek tot werkplek. Hy kon nie met geld werk nie en rekeninge vir groot bedrae geld het by die huis opgedaag. Hy was aggressief, bakleierig, sou "stil-stuipes" kry en vir dae aaneen van die huis af wegbly. Veral wanneer daar baie druk op hom was, sou hy by vriende of familie gaan bly, van haar en die kinders vergeet en sy verpligtinge teenoor sy werk verwaarloos. Deelnemer A se man het haar en haar kinders aangerand; baie op hulle geskel en geskree; en haar skoonfamilie by hul gevegte betrek om op so 'n wyse sy gedrag te regverdig (vgl. 2.4.1).

3.6.2.1.2 Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde

Met die aanvang van die huwelik aanvaar deelnemer A haar man se aanrandings. Sy paai, kalmeer, bedien en versorg hom in 'n poging om sy guns te wen en sy humeur in toom te hou (vgl. 2.3). Namate omstandighede versleg, voel sy genoodsaak om die gesin te versorg, gaan 'n lening by die bank aan en koop 'n sakeonderneming. Na 7 jaar is dit 'n sterk en florerende onderneming met verskeie werkers in haar diens, ook haar man.

Na 24 jaar is sy egter moeg en moedeloos. Sy kry migraine-aanvalle en word twee keer in die hospitaal opgeneem vir spanning (vgl. 2.7.1). Sy werk baie hard, het gewig opgetel; sinies geraak, 'n interdik teen die aanranding verkry, die pastoor en prokureur se hulp ingeroep en uiteindelik 'n egskeiding aanhangig gemaak, omdat sy bang, gefrustreerd, seer en teleurgesteld was. Sy het geleer om mense te vermy en is afsydig, koud en eenkant. Sy vertrou niemand nie en raak oppervlakkig betrokke by ander en wonder wanneer sy kan loop (vgl. 2.6.6; vgl. 4.4.9). Saans om 20:00 drink sy slaappille om interaksie met haar man te voorkom. Haar kinders identifiseer hulself met haar afsydige en geïsoleerde gedragspatrone en beleef hulself as martelare en slagoffers en het dit klaarblyklik as hul identiteit aanvaar.

3.6.2.1.3 *Die mede-afhanklike se identiteitskeuse*

Deelnemer A se hantering van haar man word gemotiveer deur haar denke, begeertes en vrese. Sy dink dat sy nie waarde het nie en glo dat dit nie so prominent uitstaan as sy van vermydende gedragspatrone gebruik maak nie. Sy ervaar 'n magteloosheid en 'n moedeloosheid en het haar vertroue in die mensdom verloor. Sy beleef 'n groot behoefte aan veiligheid, sekuriteit en waardering. Sy sê sy wil skei, maar is tog afhanklik van haar man se goedkeuring, aandag, liefde en aanvaarding. Sy glo nog dat hy vir haar uitkoms sal kan gee en bly hoop dat 'n wonderwerk sal gebeur.

Sy het 'n sterk, florerende sakeonderneming en hoewel sy sê dat sy nie haar prestasies uitblaker nie, is die onderneming tog 'n bron van sekuriteit en waarde. Sy het egter ook geleer dat waarde en sekuriteit wat deur eie insette verdien word, nie so veel werd is as aanvaarding en vertroeteling wat ongevraag, sonder enige insette, oor jou uitgestort word nie (vgl. 2.6.3). Sy vrees die isolasie, verwerping en vervreemding wat op 'n egskeiding mag volg, en vrees terselfdertyd dominerende, aftakeling en mishandeling.

Deelnemer A het onder die druk van die ontbering van liefde, aandag, aanvaarding en goedkeuring 'n uitermate groot behoefte ontwikkel om iewers aan iemand te behoort. Om aan iemand te behoort, impliseer sekuriteit (vgl. 2.6.2).

Sy het 'n groot behoefte aan waardering en om deel van die groep te wees. Daarom sal sy versigtig en waaksaam 'n lae profiel handhaaf en meer gee as wat van haar verwag word bloot om guns te wen en aanvaarding te koop. Ander se goedkeuring is vir haar belangrik.

Sy bevind haarself in 'n huweliksverbintenis waar albei partye mekaar se behoefte aan liefde, aandag en aanvaarding wou bevredig (vgl. 2.3). Sy glo dat haar man se liefde aan haar die nodige sekuriteit sal kan gee en dat sy koestering haar emosionele vakuum sal kan vul wat aan haar 'n mate van identiteit kan verskaf (vgl. 2.4.4). Sy glo dat sy onafhanklik en selfstandig is, maar is tog afhanklik van haar man se bemoeienis in haar lewe.

Kenmerkend van die mede-afhanklike het sy haarself aan haar man opgeoffer met die veronderstelling en verwagting dat daar 'n ruiltransaksie van liefde, aanvaarding en sekuriteit sou plaasvind (vgl. 2.3).

Aan die een kant wil deelnemer A graag hê dinge moet verander. Aan die ander kant het sy vrede gemaak met haar omstandighede en glo nie dat verandering moontlik is nie. Sy is besig om haar geloof en vertroue in haar man te verloor, maar wil nie graag in haarself glo nie, omdat sy nie werklik bestaan nie (vgl. 2.4.2; 4.4.10). Sy beleef haarself as 'n onbeduidende muurblom en haar man as 'n brullende leeu.

Die navorser glo dat as deelnemer A begelei word om haar waarde en sekuriteit primêr in God te vind, sy nie meer oorafhanklik van haar man en ander sal wees nie en in staat sal wees om haar man volwasse en verantwoordelik te hanteer. Deelnemer A het met 'n album van haar eie lewe begin. Dit is baie terapeuties. Elke detail is in die album opgeneem. Sy het afskeidsbriewe aan haar biologiese ma en pa geskryf.

Sy is afhanklik van die Here sover dit haar sakeonderneming en lewe betref, maar vertrou die Here tog nie volkome nie. Sy sien haar man nog as die een wat vir haar uitkoms moet gee al het hy in die 24 getroude lewensjare getoon dat hy nie daartoe in staat is nie. Kenmerkend van die mede-afhanklike bly hy aan 'n ongesonde verhouding vasklou in 'n poging om die waardevermindering wat aan 'n gebroke verhouding gekoppel word, te verminder (vgl. 1. 3. 3.1).

3.6.2.2 Verslag van onderhoud met deelnemer B

3.6.2.2.1 *Die situasie van die mede-afhanklike*

Deelnemer B het reeds druk in haar gesin van oorsprong beleef. Sy is die derde van vier kinders. Die oudste twee kinders was 10 jaar ouer as die laaste twee dogters. Hul moeder het voltyds beroepswerk gedoen en was baie uithuisig. Die moeder het die jongste kind, toe nog 'n baba, oral met haar saamgeneem. Deelnemer B, 'n bietjie ouer, het by die huis gebly en soms die verantwoordelikhede van die huishouding op haar geneem. Die kinders het gou geleer om selfstandig en onafhanklik te wees. Onderlinge binding en samesyn in die gesin was gering, ook met familie.

Deelnemer B is op 21-jarige ouderdom getroud. Haar man het 'n sterk dominerende en manipulerende geaardheid gehad en kon almal om hom vinnig opsom en bestuur. Ook binne sy werksituasie kon hy effektief delegeer. Volgens hom was hy 'n belangrike man en het almal beïndruk, ook die familie. Hy het hoë eise aan haar gestel, hom nie veel aan haar gesteur nie, was met niks tevrede en het wantrouig en beledigend gereageer op die sukses wat sy in haar werk behaal het.

Haar man het 'n seksverslawing gehad: Hy het by baie vroue betrokke geraak en kon hulle om sy pinkie draai. Hy was gepreokkupeerd met seks en het vir jare 'n seksuele verhouding met sy vrou se oudste suster gehad. Deelnemer B was hiervan onbewus.

Uit hul huwelik is twee seuns gebore. Die oudste het kontak met sy moeder en versorg haar. Die jongste het geen kontak met sy moeder nie. Hy is onlangs getroud en het haar nie na die onthaal genooi nie.

Deelnemer B was 15 jaar getroud, waarna die huwelik ontbind is. Sy is nou reeds 14 jaar geskei en is nou 50 jaar oud.

3.6.2.2.2 *Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde*

Deelnemer B het baie tyd en moeite aan haar man bestee en kursusse gevolg sodat die huis in 'n tuiste sou ontwikkel. Sy het haar man op alle terreine tegemoet probeer kom en die huis, tuin en haar voorkoms kort-kort verander om hom te plesier. Sy het geleer om te spring as hy praat en het probeer om hom nie onnodig te ontstel nie. Sy het elke bietjie aandag en liefde opgeslurp en het 'n oorafhanklike, verskonende gedragstyl aangeleer.

As gevolg van die gebrek aan sekuriteit is deelnemer B se selfvertroue ondermyn met gepaardgaande onvermoë om haar wêreld sinvol te bestuur. Dit het daartoe aanleiding gegee dat sy mense al meer begin vermy het, stil en eenkant geword het, en al meer in haar dop begin kruip het.

Haar sosiale interaksie is gekenmerk deur voortdurende konflik met haar bure en blamering van ander. Sy was chronies moeg en siek en was geneig om selfgesentreerd en behep met haar siektes en omstandighede te wees.

3.6.2.2.3 *Die mede-afhanklike se identiteitskeuse*

Deelnemer B se sekuriteit is bedreig deur die talle vroue wat haar man interessant gevind het. Sy ontevredenheid met alles en sy negatiewe gedrag teenoor haar het 'n boodskap van verwerping oorgedra. Haar behoefte aan liefde, waardering en aanvaarding het haar gedragstyl teenoor haar man en ander beïnvloed en het gelei tot negatiewe interaksie met haar medemens. Verder het sy geglo die skuld vir hul mislukte huwelik het by haar gelê.

Deelnemer B is nou reeds 14 jaar geskei en het intussen baie verander. Sy het haarself geheel en al in die Here belê en 'n groter toegeeflikheid teenoor haar bure geopenbaar. Sy versorg die ouer dames in haar woonstelkompleks in liefde en het geleer om ander mense meer te vertrou. Haar gesondheid is nog nie baie goed nie, maar sy het gewig verloor en voel beter.

Die navorser het vier jaar gelede kontak met die dame gehad. Toe was haar woonstel klein, koud, donker en lae en lae gordyne het voor die venster gehang. Sy het oor die algemeen onseker voorgekom, die berader nie vertrou nie en afsydig en

koud op die navorser gereageer. Namate die verhouding tussen die navorser en die deelnemer gevorder het en die deelnemer se verhouding met die Here verdiep het, het sy begin ontspan. Sy beleef haarself nie meer as 'n slagoffer nie en het geleer om haar man en suster te vergewe.

Haar opinie van haarself is nog gering en sy maak nog van masker- gedragspatrone gebruik deur haarself geslote en verberg te hou agter mure en gordyne. Die navorser glo egter dat sy gelei kan word om die son en "Lig" volkome te vertrou en oorwinning oor haar geslote en vermydende gedragspatrone kan verkry.

3.6.2.3 Verslag van onderhoud met deelnemer C

3.6.2.3.1 *Die situasie van die mede-afhanklike*

Deelnemer C is 'n middeljarige dame. Sy was die oudste dogter van 'n gesin van 5 kinders en het grootgeword in 'n disfunksionele ouerhuis waar haar vader kwaai gedrink het en haar moeder as gevolg van 'n traumatiese geboorteproses geen belangstelling in haar as kind getoon het nie. Haar vader sou vir maande nie drink nie, maar wanneer hy rusteloos en geïrriteerd raak, het die hele huis geweet 'n moeilike tydjie lê vir hulle voor. Haar vader sou humeurig en gespanne raak, hulpvaardig, skuldig en afhanklik van haar moeder, die prys van 'n brood omsit in die prys van 'n glas brandewyn en dan vir dae aanmekaar drink.

Deelnemer C het intense verwerping deur beide ouers beleef. Daar is baie op haar geskree en met haar geraas. Vernedering, beledigings en verkleining het voorgekom. Sy is deur haar vader gedryf om te presteer, meer ter wille van sy eie aansien. Haar pa het soms aandag aan haar gegee, soms nie.

Op 25-jarige ouderdom is sy met 'n volwasse en gebalanseerde man getroud. Die huwelik was redelik gesond, maar sy het gesukkel om aan te pas by haar nuwe omgewing en die eise wat die huwelik en omgewing sou stel. Sy het gesukkel om haar kinders groot te maak en het 'n onbeheerbare behoefte gehad om hulle dood te maak. Sy het hulle baie geslaan en met hulle geraas. Na vier jaar is 'n berader besoek. Die dame het vir baie jare by die berader gebly. Die berader het haar "pa" geword en sy het alles vir hom gevra en met hom bespreek. Haar man het haar

liefdevol versorg. Sy is tans redelik goed versorg en het nog een afhanklike kind in die huis.

3.6.2.3.2 *Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde*

In 'n poging om aan te pas by die moeilike omstandighede in haar ouerhuis het Deelnemer C negatiewe en destruktiewe mede-afhanklike gedragspatrone aangeleer en vir jare daarin volhard.

Die dame was onseker van haar plek en posisie in die ouerhuis en het geleer om die atmosfeer en buie van die huis en gesin te lees voordat sy toenadering of binding met die res van die gesin probeer soek het. Onsekerheid (vgl. 2.6.6) word 'n kenmerk van haar gedragspatroon en dit beïnvloed haar verhouding met haar medemens, skoolwerk en God. Sy kan nie veel van haar jeugjare onthou nie, maar onthou dat sy op 5-jarige ouderdom van die huis probeer wegloop het en dat haar ma en buurvrou daaroor gelag het.

Deelnemer C het nagmerries asook geheueverlies gekry, gesukkel om haar verantwoordelikhede na te kom en het van vermydende gedragspatrone gebruik gemaak om deur haar dag te kom. Sy was bakleierig, geïrriteerd en rusteloos. Vordering op skool was wisselvallig. Sy het geleer om mooi te sit, eet, lag en aan te trek om haarself meer aanvaarbaar te maak. Sy het presteer in 'n poging om waarde aan haarself toe te voeg, was oorversigtig, het min gepraat, en het plekke vermy waar sy met mense te doen moes kry. Sy het in dagdromery verval en kon nie onthou of sy alles gedoen het en wat nog gedoen moes word nie.

Die destruktiewe gedragspatrone het deur die jare voortgeduur. Sy het haar kinders gedryf om te presteer, het gesukkel om probleme op te los en probleme vermy of ander gemanipuleer of verskillende persoonlikhede geskep om haar te help. Sy het kursusse bygewoon om haarself te ontwikkel en meer aanvaarbaar te maak. Sy het geleer om te kruip en almal te plesier, om versigtig te wees en niemand onnodig kwaad te maak nie (vgl. 2.5; 4.4.10). Sy het 'n "people pleaser" geword en haar kinders geleer om mense te plesier. Sy het 'n hulpbehoewende, afhanklike gedragspatroon aangeleer in 'n poging om ander te manipuleer om aan haar aandag en liefde te gee. Sy het van 'n voortdurende koue gekla. Dit was 'n psigiese koue wat

die isolasie en verwerping versinnebeeld het. Sy is liggeraak, gespanne en selfgesentreerd.

3.6.2.3.3 *Die mede-afhanklike se identiteitskeuse*

Deelnemer C beleef haarself as sleg en waardeloos. Sy glo nie sy is iets werd of dat sy haar goeie man en kinders verdien nie. Sy vrees mense, voel bedreig deur hulle en dink voortdurend hulle gaan haar verwerp. Haar vriendekring is klein, interaksie met die portuurgroep is swak en sy voel ontuis en minderwaardig.

Sy begeer aandag, liefkosing, vertroeteling, waardering, respek, veiligheid en warmte. Sy wil graag aanvaar word en ontsien niks om dit te bewerkstellig nie. Sy glo dat as jy goed doen, word jy aanvaar en as jy sleg is, word jy verwerp (vgl. 2.6.6; 4.4.7).

Sy is nie seker of God wel bestaan en of dit wat sy in boeke lees, wel waar kan wees nie.

Deelnemer C se pa is ongeveer 8 jaar gelede oorlede. Eers op 49-jarige ouderdom, na die dood van haar vader en die geweldige impak wat sy dood op haar gehad het, het sy, in afhanklikheid van die Here, begin verander en kon die persoonlikheidsversteurings wat deel van haar identiteit geword het, sinvol verwerk word.

Die traumatiese gebeure het haar gekonfronteer met die sinloosheid en doelloosheid van haar bestaan en sy is tot selfondersoek gedwing. Onder leiding van die Here het herskepping en vernuwing ingetree en beleef deelnemer C 'n toenemende verdieping en heiliging in haar lewe.

Sy het vasgestel dat dit nie nodig is om te presteer, ander se goedkeuring te koop of om aanvaar te word nie. Dinge wat voorheen as belangrik geag is, het hul waarde verloor en sy begin die nodige aanpassings in haar lewe maak. Sy het 'n sterk wil, werk hard, het insig in haar probleme en probeer volwasse en verantwoordelik haar wêreld bestuur. Die gesin vorm 'n hegte eenheid en geniet mekaar. Daar word elke oggend en aand huisgodsdiens gehou.

3.6.2.4 Verslag van onderhoud met deelnemer D

3.6.2.4.1 *Die situasie van die mede-afhanklike*

Deelnemer D, 'n 56-jarige dame, is die oudste van vier kinders. Sy het op 9- jarige ouderdom by haar ouma gaan bly nadat haar moeder en oupa in een jaar oorlede is, en die vader die huis verlaat het.

Hulle was arm. As oudste dogter het sy die verantwoordelikheid gekry om die ander kinders te versorg. Sy het geleer om hard te werk en orde te skep. Skolasties het sy nie ver gevorder nie omdat die ander kinders versorg moes word. Sy is op 'n vroeë ouderdom getroud en het gou vier kinders gehad.

Na haar huwelik was haar huisgesin altyd hulpbehoewend en maatskaplike werkers het haar man telkens oor sy werkloosheid aangespreek en gedreig om hul kinders weg te neem. Sy het self begin werk, dit het beter gegaan, maar haar man het in werkloosheid en dronkenskap bly verval.

Haar man se alkoholverslawing word gekenmerk deur 'n rusteloosheid en gespannenheid wat hom humeurig gemaak het, laat vloek en skel het en in die laaste tyd na 'n geweer laat gryp het.

Haar man se slordigheid, morsigheid en dis-respek, begin haar nou vang, sê sy.

3.6.2.4.2 *Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde*

Die dame werk hard. Sy is bakleierig, skree, vloek en skel. Sy het 'n ultimatum aan haar man gestel om te verander. Sy beheer haar wêreld met 'n ysterhand. Sy floreer op goedkeuring en aandag en maak van hulpbehoewende gedragspatrone soos ongelukkigheid en selfbejammering gebruik om ander te manipuleer om by haar betrokke te raak. Sy probeer om deur haar hulpeloosheid en hopeloosheid aandag, liefde, aanvaarding en sekuriteit te verseker (vgl. 2.5). Mense het mettertyd geleer om deur haar blaamverskuiwende gedragspatrone te sien. Haar selfbejammering frustreer sommige en aktiveer ander weer tot diens.

Nou na al die jare is sy moeg, moedeloos, ontnugter, huilerig en klaerig. Sy beleef chaos, vrees, woede en 'n magteloosheid en onvermoë om haar wêreld te bestuur.

3.6.2.4.3 *Die mede-afhanklike se identiteitskeuse*

Deelnemer D glo haar man is die oorsaak van al haar ellende en dat sy geen skuld daaraan het nie.

Sy is bekommerd oor ander se opinie van haar. Sy is oormatig bewus van haar gebreke en onvermoë. Sy maak haar waarde afhanklik van hul goedkeuring. Sy vrees die verwerping van die gemeenskap en wend alle pogings aan om haar huis, tuin en man goed te laat vertoon, want: "*'n Vuil huis maak 'n swak indruk.*" Sy vrees kritiek en kry skaam oor die swak indruk wat gemaak word.

Sy begeer liefde, goedkeuring, en aanvaarding; iemand wat kan sê: "mooi so, knap gedaan". Omdat sy oorafhanklik is van haar man se respek, voel sy waardeloos en onveilig as hy haar vloek en skel.

Sy soek haar sekuriteit en vermoë in ordelikheid en beheer.

Deelnemer D floreer op haar moeilike omstandighede en teer op die aandag, liefde, aanvaarding en hulp wat die predikante, beraders, familie, welsyn en bure wil aanbied. Sy glo dat verandering moontlik sal wees as haar man verander.

Deelnemer D het vir ses maande hulp by 'n berader ontvang. Daarna het verskeie predikante hul plig en verantwoordelikhede teenoor die huisgesin probeer nakom. Die navorser is egter onseker of herstel hier moontlik is solank deelnemer D volhard in haar denke, begeertes en vrese. Die deelnemer teer op die aandag wat sy van die gemeenskap kry, sien haarself as 'n slagoffer en alle pogings van die navorser om haar tot ander insigte te bring, is afgewys. Sy blameer haar man vir haar omstandighede en het 'n onvermoë om haar eie aandeel in haar situasie raak te sien.

3.6.2.5 Verslag van onderhoud met deelnemer E

3.6.2.5.1 *Die situasie van die mede-afhanklike*

Deelnemer E is 'n klein, maer 61-jarige man. Hy was die jongste van vier kinders. As sieklike baba is hy deur sy moeder oorbeskerm en volgens die familie, bederf. Sy vader was 'n sterk en volwasse figuur en het soms sy vrou aangespreek oor haar beskermende gedragspatroon teenoor die jongste kind.

Deelnemer E is getroud met deelnemer D. Die huwelik was van die begin af onstabiel. Die gedrag en strategie van deelnemer D is hierbo in 3.6.2.4 (2) beskryf en het druk op deelnemer E geplaas. Sy is 'n klaerige, onvergenoegde vrou wat niks goed gevind het nie, oor alles ontevrede was en haar man van alles beskuldig het. In sy eie woorde sê deelnemer E: *"Dit help tog nie"*. Sy is altyd kwaad, ongelukkig en ontevrede.

Tydens die onderhoudvoering het deelnemer E se vrou hom voortdurend in die rede geval. Sy was daartoe geneig om hom by die kinders en haar vriendinne te verklaar en om van hom gebruik te maak wanneer hulle huishoudelike artikels reggemaak moes word.

Die interaksie tussen deelnemers D en E kan soos volg beskryf word: Hy onderwerp homself gelate aan sy vrou se aftakeling, neem nie self besluite nie en laat toe dat sy hom manipuleer, domineer en misbruik. Deur middel van trane, woede en stiltes oefen sy haar gesag oor hom uit en deur die voortdurende skoonmaak van die huis word hy tot skuld en skaamte verdoem (vgl. 2.5; 4.4.9; 4.4.10).

3.6.2.5.2 *Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde*

Binne in die huweliksverhouding reageer die twee partye verskillend op die druk wat hulle op mekaar uitoefen. Hy ontwikkel 'n alkoholverslawing en sy verval dieper in haar verhoudingsverslawing deur haar man te oorvra en aggressief te domineer.

Deelnemer E het soos volg gereageer op sy vrou se verhoudingsverslawing. Hy is moedeloos en openbaar 'n hulpeloosheid en hopeloosheid en aanvaar interaksie

met haar op 'n gelate wyse sonder om veel te protesteer. Hy praat selde, is stil en eenkant, vermy interaksie met sy medemens, vertrou niemand en hou homself met sy eie wêreld besig. Sy vriendekring is baie klein en bestaan uit sy vrou se vriende.

Hy is werksku, lusteloos en moedeloos en maak van vermydende gedragspatrone, dagdromery en alkoholmisbruik gebruik. Hy is passief, onseker, neem die lewe waar en neem nie verantwoordelikheid vir enigiets nie. Hy doen takies en werkies vir ander om op so 'n wyse goedkeuring en aanvaarding te verdien (vgl. 2.5).

As hy gedrink het, reageer hy op sy vrou se aftakeling met 'n geskel en 'n gevloek en probeer haar op allerlei maniere frustreer en irriteer. Na 33 jaar het hy belangstelling in alles om hom verloor.

3.6.2.5.3 *Die mede-afhanklike se identiteitskeuse*

Deelnemer E se gedrag (2) is gebaseer op sy uitermate groot begeerte dat sy vrou en ander mense hom sal aanvaar. Hy soek sy identiteit (sy sekuriteit, waarde en vermoë) by sy vrou. Sy bied dit nie aan nie en bedreig dit eerder. Hy ontwikkel 'n negatiewe opinie aangaande homself in reaksie op haar kritiek. Hy glo dat hy die sondebok is en voel skuldig en skaam (vgl. 2.5; 2.6.1).

Deelnemer E verwag nie verandering nie omdat 'n gelatenheid by hom posgevat het. Hy glo nie dat verandering moontlik is nie.

Die deelnemer het goed gereageer op die persoonlike en liefdevolle benadering van die navorser en dit bevestig die waarneming dat hy oorafhanklik van liefde, aandag en aanvaarding is.

3.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die empiriese navorsing het aangetoon dat die deelnemers mede-afhanklikheid as hul identiteit aanvaar het. Die keuse is gemaak in reaksie op die druk van die verslawings van saakmakende naasbestaandes in hul lewe. Die bevindings uit die empiriese studie word vervolgens bespreek aan die hand van die situasie van die

mede-afhanklike; die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde; en die mede-afhanklike se identiteitskeuse.

3.7.1 Die situasie van die mede-afhanklike

Al die deelnemers was afkomstig uit destruktiewe ouerhuise waar die ouers van rigiede, onvolwasse en onverantwoordelike opvoedingswyses gebruik gemaak het om hul kinders op te voed, te beheer of te manipuleer (vgl. 2.4.5).

Al die deelnemers is uitgelewer aan 'n verslaafde gesinslid wat hulle met buierige gedragspatrone gemanipuleer en probeer beheer het.

Deelnemers C en D is onderwerp aan die buie en gedrag van 'n alkoholverslaafde. Die alkoholverslaafde se gemoedstemming word so deur alkohol versteur dat sy verhouding met alkohol belangriker word as sy verhouding met familie, vriende en werk. Namate die verslawing toeneem, het die verslaafde die alkohol nodig om normaal te voel wat uiteindelik tot isolasie, verwerping en vervreemding aanleiding gee. So is die alkoholverslaafde nie in staat om met sy gesin 'n verhouding op te bou nie met die gevolg dat verhoudingsbou primêr van die gesin se kant af moet kom. Die gesin genereer allerlei gedragspatrone om met die verslaafde 'n sinvolle verhouding op te bou, waaronder mede-afhanklikheid (vgl. 2.3).

Ook die seksueel verslaafde se verslawing neem mettertyd die sentrale plek in sy lewe in. Algaande beweeg die persoon verder weg van die werklikheid van vriende, familie en werk en word die seksueel verslaafde se geheime lewe 'n groter realiteit as sy openbare lewe. Die toestand noodsaak dat die seksueel verslaafde 'n vals identiteit aan ander moet voorhou wat uiteindelik oorgaan in die distorsie van die werklikheid. Deelnemer B se verhouding met haarself en haar medemens is nadelig beïnvloed deur haar seksueel verslaafde man.

Die verhoudingsverslaafde is so ingestel op die opinie van ander, dat hy voortdurend pogings aanwend om sy gewaande aansien te behou of negatiewe kritiek te vermy. In die proses word vrou en kinders opgeoffer (vgl. 2.3).

Die mede-afhanklikes in hierdie studie was uitgelewer aan die ongebalanseerde optrede van 'n verhoudings-, alkohol- en seksueelverslaafde wat onvolwasse en onverantwoordelike eise aan hul gesinslede gestel het en hul grense oortree het.

Dit het daartoe aanleiding gegee dat die mede-afhanklikes onseker geraak het ten opsigte van die plek en doel van hul bestaan en die persone is gedwing om die nodige aanpassings te maak ten einde sin aan hul chaotiese bestaan te gee (vgl. 2.3).

3.7.2 Die mede-afhanklike se hantering van die verslaafde

Die deelnemers het op hul naasbestaandes se verslawings gereageer deur laasgenoemdes se behoeftes bo hul eie te stel. Op dié wyse word hul eie behoeftes, begeertes en gevoelens geïgnoreer en hang hul opinie aangaande hulself grootliks af van hoe goed hulle daartoe in staat is om ander te behaag, versorg of hul probleme vir hulle op te los (vgl. 2.4.1).

Die mede-afhanklikes het hul wêreld as 'n bese en gevaarlike plek beleef en elke deelnemer het homself teruggetrek in 'n eie klein, veilige ruimtetjie. Hulle het die sinloosheid van die gebeure met wanhoop, kompulsiewe optredes, misbruik van substansie en ongesonde verhoudings probeer hanteer (vgl. 2.5; 2.4.4; 4.4.9).

Al die deelnemers het met psigosomatiese siektesimptome gepresenteer. Deelnemer A het baie spanning beleef en was kort-kort in die hospitaal. Deelnemer B het beperkte lewensgehalte gehad as gevolg van die aftakelende situasies in haar ouerhuis en huweliksverbintenis. Deelnemer C het 'n psigiese koue oorgehou wat later as skuiling moes dien teen die aanslae van haar omgewing. Deelnemers D en E is gekenmerk deur 'n ongelukkigheid, ontevredenheid en onvergenoegdheid wat hul gesondheid nadelig beïnvloed het (vgl. 2.7.1; 4.4.10).

Al vyf (5) deelnemers het van vermydende gedragspatrone gebruik gemaak om deur hul dag te kom. Deelnemer A het voortdurend “geskenkies” vir haar man gekoop om goedkeuring en aanvaarding te verseker. Deelnemer B het geslote gebly agter mure, boeke en gordyne (vergelyk 2.5). Deelnemer C het van veelvuldige persoonlikhede gebruik gemaak om haar wêreld te hanteer (vergelyk 2.5), terwyl deelnemers D en E

van rollespel, soos die “controller-” en “enabler-”rolle gebruik gemaak het om mekaar te beheer en te bestuur (vgl. 2.5).

By deelnemers A, D en E is ’n gelatenheid ervaar. Deelnemer E gebruik die woorde “dit is so” kort-kort sonder om iets daarmee te sê. Deelnemer A het aanvaar dat sy nie veel beter verdien nie en het haar daarby berus, terwyl deelnemer D moeg geveg was en nie meer die krag gehad het om verder te gaan nie (vgl. 2.3).

Al die deelnemers het ’n aanduiding gegee dat hulle hard gewerk het. Dit is ’n kenmerk van mede-afhanklikes om hard te werk omdat hul lewens buite beheer is en hulle aanhoudend orde uit die chaos probeer skep (vgl. 2.3; 2.7.1).

Al die deelnemers het ’n aanduiding gegee dat hulle nie goed op skool gevaar het nie. Volgens Magwaza en Edwards (1991:23) is die kognitiewe ontwikkeling van kinders vanuit disfunksionele ouerhuise gewoonlik swak.

Al die deelnemers het ’n poging aangewend om verantwoordelikhede teenoor hulself te vermy, maar weer ’n uitermate groot verantwoordelikheid geopenbaar teenoor ’n man, pa of vrou van wie se liefde, aanvaarding en goedkeuring hulle afhanklik was (vgl. 2. 4).

Die navorser het ’n selfgesentreerdheid by al die deelnemers opgemerk. Hulle was oor die algemeen meer selfgerig as taakgerig. Dit het veroorsaak dat hulle binne werksverband nie baie presteer het nie. Werk is as ’n las beleef omdat dit oor die algemeen in ander se belang aangewend is. Hulle het gesukkel om hulself in werksverband uit te leef (vgl. 4.4.4).

By al die deelnemers is ’n intense skaamte en minderwaardigheidsgevoel beleef, wat hul interaksie met hul medemens beïnvloed het. Die deelnemers was gespanne en het gesukkel om hulself sinvol in omgewingsverband te ontplooi (vgl. 2.5).

Die mede-afhanklike leef in ontkenning omdat die skok en pyn van gebeure in die kinderjare so groot was dat geheueverlies voorkom. Die ontkenning word as ’n oorlewingsmeganisme gebruik wat die mens in staat stel om vir ’n tyd lank aan te gaan met sy lewe om sodoende emosioneel te oorleef (vgl. 2.4.3) (Anon, 1997a:48).

Die mede-afhanklikes het 'n onvermoë om hul emosies te herken en korrek daaraan uiting te gee omdat hulle in hul kinderjare geleer het om dit te vries. Hulle het geleer dat hul emosionele belewenisse van geen belang is nie (vgl. 2.4).

Wanneer skaamte, vrees, skuld en depressie beleef word, is die mede-afhanklike geneig om ander te blameer vir sy foute, neem 'n selfverheffende gedragspatroon in, vermy plekke, gebeure en persone waar emosionele blootstelling mag voorkom of ontken dat hy verantwoordelik is vir die negatiewe toedrag van sake (vgl. 2.6.6; 4.4.6).

As gevolg van vrees, woede-, skuld- en skaamtebelewenisse is die mede-afhanklike geneig om aanvallend op te tree, oppervlakkig by ander betrokke te raak of selfvernietigende gedragspatrone te openbaar (vgl. 2.6.6; 4.4.9).

Die mede-afhanklike is geneig om gemoedsopkikkers en slaapmiddels te gebruik om van sy skuld- en skaamtelas ontslae te raak (vgl. 2.6.6).

As gevolg van die mede-afhanklike se ongesonde interaksie met homself en ander word die persoon deur sy medemens geïgnoreer en geïsoleer wat verdere negatiewe selfspraak en gedrag tot gevolg het (vgl. 4.4.9).

3.7.3 Die mede-afhanklike se identiteitskeuse

Die intense behoefte aan sekuriteit, waarde en vermoë het veroorsaak dat die deelnemers hulself tot die uiterste toe gedryf het en niks ontsien het om dit te verkry nie (vgl. 2.5).

Die mede-afhanklike verwar liefde en jammerte en voel aangetrokke tot medemense met probleme sodat hy as redder kan intree (vgl. 2.5). Op dié wyse word liefde en aanvaarding gekoop.

Die mede-afhanklike erken nie 'n eie bestaan met behoeftes, voorkeure en begeertes nie en kan homself gevolglik nie in 'n situasie handhaaf nie. Die persoon neem die skuld vir alles wat verkeerd loop (vgl. 2.4).

Die mede-afhanklike se grense is so dikwels oortree dat hy nie geleer het om homself te handhaaf indien hy misbruik of verneder word nie (vgl. 2.4.1).

Die mede-afhanklike het 'n oorontwikkelde sin vir verantwoordelikheid om op so 'n wyse sy eie foute te kamoufler, maar skram ook weg van verantwoordelikheid teenoor die self omdat die self nie regtig bestaan nie (vgl. 2.4.1).

Ongesonde, onrealistiese denk- en gedragspatrone word geïnternaliseer, wat lei tot die distorsie van die werklikheid en uiteindelijke identiteitsversteuring (vgl. 2.7).

Die mede-afhanklike deelnemers het hulself oor die algemeen as hulpbehoewend beleef en het van allerlei gedragspatrone gebruik gemaak om mense se aandag, aanvaarding, hulp, liefde, ondersteuning en versorging te koop. Mense, en selfs hul kinders, is emosioneel afgepers en gemanipuleer om vir hulle te doen wat hulle vir hulself gedaan moes kry (vgl. 2. 4; 2.6.5).

Deelnemers D en E het geglo dat ander of die Here hul omstandighede moet verander en dat hulle nie self vir die verandering verantwoordelik is of insette van hul kant moet maak nie. Kinders en volwassenes vanuit negatiewe en destruktiewe omstandighede wat hulself as slagoffers beleef, beskou hulself as nie in staat om hul omstandighede te verander nie omdat hulle nie gewoon daaraan is om inisiatief aan die dag te lê en eie insette te lewer om verandering mee te bring nie. Hulle glo ander moet vir hulle doen wat gedoen moet word (vgl. 2.6.5).

As gevolg van 'n vrees vir verwerping het hulle hulself aan hul mans, ouers, vriende, familie en omgewing as mooi, goed, slim, hardwerkend en onbesproke aangebied om te voorkom dat verwerping beleef of 'n verhouding verbreek word (vgl. 1. 3. 3.1; 2.6.6).

Die mede-afhanklike word 'n afhanklike of trou met een of ontwikkel 'n ander vorm van kompulsiewe persoonlikheid soos 'n werkolis – alles in 'n fanatiese poging om sy ongesonde behoeftes te bevredig as gevolg van sy hipersensitiwiteit vir verwerping (vgl. 2.6).

Die mede-afhanklike het geleer om disfunksioneel te dink om sy skuld- en skaamtelas te verminder. Hy is geneig om te dink dat ander die oorsaak van sy probleme is (vgl. 2.6).

Wanneer die self as ontoereikend beleef word, is die mede-afhanklike geneig om alles te oordryf en word ander se negatiewe interaksie as katastrofaal beleef. Die irrasionele aannames maak die mede-afhanklike meer kwesbaar vir ander se negatiewe gesindheid en projeksie teenoor hom (vgl. 2. 6.6).

Uit die empiriese navorsing het dit duidelik geword dat die mede-afhanklikes hul identiteit (sekuriteit, waarde en vermoë) primêr afhanklik gestel het van ander mense (hul verslaafde naastes).

3.8 SLOT

In hierdie hoofstuk is die verband tussen mede-afhanklikheid en disfunksionele identiteitsvorming empiries ondersoek. Daar is van onderhoude en vraelyste gebruik gemaak om die nodige uitkomst te bereik. In die volgende hoofstuk sal Skrifperspektiewe ondersoek word om te bepaal watter insigte die Skrif en die Christelike tradisie bied oor mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem.

HOOFSTUK 4

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP INDIVIDUE WAT MEDE-AFHANKLIKHEID TYDENS HUL IDENTITEITVORMING VESTIG

4.1 INLEIDING

'n Basisteorie vir 'n pastorale model behels die interpretasie van Bybelse norme, waardes en kriteria van die mens se optrede ten opsigte van 'n spesifieke studieveld, binne die raamwerk van pastorale berading (Schoeman, 2005:14). Venter (1993:247) beskryf 'n basisteorie as die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif. Hierdie Skrifondersoek is belangrik omdat dit dien as basisteorie vir die sistematiese beskrywing van die wese en doel van die refleksiedomein vanuit die Skrif. Dit is ook noodsaaklik dat die navorsing vanuit die Skrif gefundeer word, want dit is juis vanuit die Skrif dat die mens beraad kan word en tot getuie gebring kan word van God se groot daad (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3).


4.2 DOEL EN METODOLOGIE

Die doel van hierdie hoofstuk (4) is om deur die ondersoek van bepaalde Skrifperspektiewe en die Christelik-teologiese tradisie 'n basisteorie te formuleer oor die aard van identiteitvorming by die persoon met mede-afhanklikheid.

Soos reeds genoem in hoofstuk 1, berus hierdie studie op die metodologiese model van Zeffass wat ontwikkel is vir die Praktiese Teologie. Die model dek die velde van basis-, meta- en praktykteorie en is 'n hulpmiddel om die verkeer tussen teorie en praxis te vergemaklik en te bevorder. Die verhouding tussen teorie en praxis is 'n bipolêre spanningsverhouding. Die teorie is nie die praktyk nie en die praktyk is nie die teorie nie. Tog is dit onlosmaaklik aan mekaar verbind, met 'n voortdurende wisselwerking. Zeffass (1974: 166) vergelyk 'n model met 'n landkaart wat 'n groot onoorsigtelike gebied klein en makliker verstaanbaar maak. Die landkaart kan

natuurlik nie al die besonderhede weergee nie. 'n Model is dus nie volledig nie en baie vereenvoudig, maar dit lei tot meer verstaanbaarheid.

In Zeffass se model vir die Praktiese Teologie word vanaf 'n bepaalde praksis tot nuwe teorievorming beweeg, wat weer tot 'n nuwe praksis lei (Heyns & Pieterse, 1998:38-40). Met betrekking tot hierdie studie sal die proses dan soos volg daar uitsien (vergelyk die meegaande grafiese voorstelling van Zeffass se metode met betrekking tot die bespreking wat volg):



- **Praxis een**

Praxis een behels die huidige omstandighede soos dit ervaar word in die praktyk. Die huidige omstandighede word ondersoek deur navorsing ten opsigte van die teologiese oorlewinge en 'n situasie analise te doen, waarna dit in wisselwerking tot mekaar geplaas word, sodat nuwe prakties teologiese teorieë ontwikkel kan word.

Die teorieë wat hieruit ontwikkel word, word dan in praktyk toegepas en sodoende word daar gepoog om na praxis twee te beweeg.

In hierdie studie word praxis een in hoofstuk 1 uiteengesit, opsommend kom dit neer op die volgende:

Identiteitvorming by die mens is 'n proses wat oor 'n aantal jare strek en is nou verbonde aan sy interaksie met sy versorgers en omgewing. Wanneer die interaksie tussen die individu en sy versorgers negatief verloop, is die persoon geneig om sy eie identiteit prys te gee ter wille van aanpassing en oorlewing. As gevolg van die mede-afhanklike se groot behoefte aan sekuriteit, liefde en aanvaarding dryf die persoon homself tot die uiterstes om dit te verkry, en word die persoon vasgevang in 'n afwaartse spiraal van verslawing. Basisteoretiese ondersoek van Skrifperspektiewe het aangetoon dat die mens, geskape na die beeld van God, op grond van die soenverdienste van Jesus Christus deur die Heilige Gees tot identiteitsherstel begelei kan word.

- **Teologiese oorlewering**

Praxis een het sy oorsprong in die teologiese oorlewering. Die teologiese oorlewering behels die siening en ingesteldheid van die samelewing tot op hede rondom hierdie kwessie en word hoofsaaklik beïnvloed deur Bybelse oortuigings en die hulpverlening wat geskied vanuit 'n pastorale vertrekpunt. Sulke oorleweringe het dan ook in die verlede 'n besondere invloed gehad betreffende die wyse van hulpverlening aan die mede-afhanklike persoon. In hierdie studie word die teologiese oorlewering eerstens nagevors in hoofstuk 4 waar daar eksegetiese van toepaslike Skrifgedeeltes gedoen word, ten einde die aard van identiteitvorming by die persoon met mede-afhanklikheid Skriftuurlik na te vors; en tweedens, in hoofstuk 3 word die tema verder belig deur navorsing te doen rondom 'n pastoraalgerigte psigologiese benadering met betrekking tot identiteitsverlies by persone met mede-afhanklikheid - dié proses vorm dan uiteindelik die basisteoretiese perspektiewe van hierdie studie.

- **Situasie analise**

Tesame met die teologiese oorlewering is 'n situasie analise noodsaaklik. In die situasie analise word daar deur middel van 'n empiriese ondersoek gekyk na wat die aard van die huidige hulpverlening aan die mede-afhanklike persoon is. Wanneer 'n

empiriese situasie analise gedoen word, word die kennis van die hulpwetenskappe ingespan, sodat 'n juiste beeld van die werklikheid verkry kan word. Vervolgens word die verskillende hulpwetenskappe se bydraes rondom die tema van mede-afhanklikheid in hoofstuk 2 ondersoek. Die gegewens van die ondersoek word onderling met mekaar vergelyk en verder vind daar dan 'n wisselwerking tussen die teologiese oorleweringe en die situasie analise plaas. Gesamentlik kom dit tot die vorming van nuwe prakties-teologiese teorieë wat in die praktyk getoets word deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek (hoofstuk 3). Hoofstuk 2 en 3 vorm dan gesamentlik die metateoretiese afdeling van hierdie studie.

- **Praksis twee**

Praksis twee hou verband met die toepassing van die nuutgevormde prakties teologiese teorie en dit realiseer uiteindelik dan in hoofstuk 6 van hierdie studie waar praktykteoretiese riglyne aan die orde gestel word met betrekking tot die identiteitsherstel van die mede-afhanklike persoon. In hierdie hoofstuk word die nuut voorgestelde riglyne dan ook telkens getoets aan die oorleweringe en die situasie.

In hierdie hoofstuk (hoofstuk 4), word die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid vervolgens ondersoek in die lig van die volgende Skrifperspektiewe

- Skepping (Gen. 1:26-28).
- Sonde (Gen. 3:1-24).
- Verlossing (Joh. 3:1-21).
- Heiliging (Ef. 4:25-5:14).

Die genoemde Skrifperikope sal grammaties-histories geëksegetiseer word en daar sal kortliks ook na toepaslike Bybelkarakters verwys word as voorbeelde van mede-afhanklikheid, byvoorbeeld Saul, Aäron en Petrus (De Klerk & J van Rensburg, 2005:3e.v.).

4.3 SKEPPINGSPERSPEKTIEF

4.3.1 Inleiding

Die skeppingsperspektief word vanuit Genesis 1:26-28 ontgin in vergelyking met enkele ander toepaslike Skrifgedeeltes soos Genesis 2, Psalm 8 en Hebreërs 2. Die volgende aspekte van die skeppingsperspektief op die mens se identiteit sal aandag geniet: die mens se oorspronklike identiteit; die mens se besondere posisie voor God; die betrokkenheid van die Drie-enige God by die mens; die volmaaktheid van die mens; die mens as beeld van God; die mens as verteenwoordiger van God en die mens se verhouding met God, ander mense, die self en die natuur.

4.3.2 Oorspronklike identiteit

Om die mede-afhanklike persoon te verstaan, moet die eerste of oorspronklike mens in sy skeppingstaat bestudeer word omdat die mens sy oorspronklike identiteit met sy skepping kry (Heyns, 1974:71; Brueggemann, 1982:31; Vosloo & Van Rensburg, 1993:772). Met sy skepping het Adam 'n volmaakte identiteit gehad (Adams, 1979:3; McGee, 1998:16; Anderson, 2000:31). Hy was 'n individu met 'n eie persoonlikheid, gawes, talente, wil en begeertes en, volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) artikel 14, was hy goed, regverdig en heilig (vgl. Heyns, 1992: 171, 192, 194).

Die moderne mens is 'n korrupte, verwronge beeld van die oorspronklike mens. In werklikheid sou die enigste normale, gebalanseerde mense Adam, Eva en Jesus Christus wees (Erickson, 2005:171). Daarom behoort die ondersoek van die mens as beeld van God nie te begin met die mens volgens die "orde van sondeval en verlossing" nie, maar met die mens volgens "die orde van die skepping" (Wolters, 1992:47).

In Genesis (begin) word die ontstaan van alle dinge, ook van die mens, beskryf. Gen 1:26-28 dui die besondere betrokkenheid van God by die skepping van die mens aan en ook die besondere waarde wat die mens vir God gehad het.

4.3.3 Besondere posisie

In Genesis 1:1-31 spreek God en alles kom tot stand. In Gen 1:26 is dit asof God asem ophou voordat Hy tot die skepping van die mens oorgaan (Heyns, 1992:172).

God beraadslaag met Homself en gee so uitdrukking aan die besondere posisie van die mens in die skepping en die besondere verhouding waarin Hy tot die mens sal staan (Hamilton, 1991:134; Verhoef, 2000:15; Erickson, 2005:134).

4.3.4 Betrokkenheid van die Drie-enige God

In Gen 1:26 verwys God na Homself in die meervoudsvorm: “*Kom Ons maak die mens...*” (Hamilton, 1991: 134; Mathews, 1996:160; Verhoef, 2000:15). Op dié wyse word die Drie-enige God se teenwoordigheid en persoonlike betrokkenheid by die skepping van die mens veronderstel: Skeppergod (Gen 1:1); Gees van God (Gen 1:2; Job 33:4; Ps 104:30); en Seun van God (Woord) (Gen 1:3; Joh 1:1-3; 1 Kor 8:6; Hebr 1:10).

4.3.5 Die volmaaktheid van die mens

Die volmaaktheid van die mens word beklemtoon deur God se reaksie op dit wat Hy geskep het: “... dit was baie goed” (Gen 1:31). Dawid eer God vir die amper goddelike wese wat Hy geskape het en beskryf die mens as die toppunt van God se skepping: “U het hom net ’n bietjie minder as ’n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon” (Ps 8:5-7).

4.3.6 Beeld van God

Omdat mede-afhanklikheid omskryf kan word as die verlies aan die self, of die internalisering van ’n ontoereikende, negatiewe en destruktiewe beeld van die self (vgl. 1.3.3), moet nader ingegaan word op die betekenis van die uitdrukking “beeld van God”.

Deur die eeue was daar uiteenlopende menings oor wat onder die beeld van God verstaan moet word. Klem is byvoorbeeld gelê op die rasonale, funksionele of verhoudingsaspekte van die mens (Hamilton, 1991:137; Mathews, 1996:167; Erickson, 2005:166). Ten spyte van die uiteenlopende sienswyses stem eksegete saam dat die beeld van God net op die mens van toepassing is en hom van ander skepsels onderskei en uniek maak (Dordtse Leerreëls, hoofstukke 3 en 4; Packer, 2003:56; Erickson, 2005:166).

Letterlik dui die term beeld van God op 'n afbeelding of skadubeeld van God. Volgens Louw (1993:124-126) dui die term op die totale bestaan van die mens en sy gerigtheid op God.

Brueggemann (1982:32) glo dat God Homself wil bekend maak en daarom het Hy die mens toegelaat om Hom af te beeld en Hom kenbaar te maak (Mathews, 1996:168).

Adam se geskiedenis as beeld van God, dui sy identiteit aan. Sy identiteit was dat hy sy sekuriteit, waarde en vermoë volkome in God gevind het.

- **Sekuriteit**

Die mens se sekuriteit is geleë in die feit dat hy aan God behoort. McGee (1998:xi) glo dat die eerste en belangrikste behoefte van elke mens is om iewers en aan iemand te behoort (vergelyk Mark 12:13-17) (Anderson, 2000:31; Erickson, 2005:166).

Die mens as 'n afskaduwing van God, leef in die skadu van God en word deur God oorskadu. Dit impliseer algehele afhanklikheid van, en geborgenheid in God (Hand 17:28) (Louw, 1993:123, 185; Van de Beek, 1995:119). Die afhanklikheidsbeginsel gee aan die mens sekuriteit: Hy is onder God se beskerming en bestuur en het die verantwoordelikheid om in afhanklikheid van God keuses uit te oefen (Neh 9:6; Hand 17:25, 28) (Hoekema, 1986:9).

Adam en Eva het 'n besondere plek by God gehad en is met eer, roem en blydschap oorlaai (Vosloo & Van Rensburg, 1993:772). En omdat die mens aan God behoort het, was hy daarop ingestel om vir Hom te lewe. Daarin ervaar die mens sekuriteit, vrede en vreugde, en daarin beleef die mens dan ook dat sy lewe waarde en betekenis het (Anderson, 2000:31).

- **Waarde**

Omdat die mens deur God geskep is, het hy waarde (Helberg, 1980:21). Die wete dat die mens geskep is en nie deur evolusie ontwikkel het nie, gee aan die mens die belewenis dat God hom bewustelik en doelgerig tot stand gebring het, dat God

kennis van hom dra, en dat Hy 'n besondere taak en doel vir hom in gedagte het (Erickson, 2005:166).

Die geskape mens vind veral waarde en betekenis as hy binding en samesyn met sy Skepper beleef (König, 1995:39; Shannon, 2003:115).

Genesis dui God aan as iemand wat vreugde gevind het in dit wat Hy geskep het; 'n God wat sy skepping vashou, versorg, koester, dit eer en respekteer; 'n God wat die mens wat Hy geskape het, nie as niks ag nie: "*Maar hoe is hij niets, terwijl God hem toch verheerlijkt? Hoe is hij niets, tot wie Gods hart genegen is?*" (Berkouwer, 1957:18).

- **Vermoë**

Die mens as afbeelding van God het die vermoë gekry om die taak en opdrag waartoe hy geskape is, na te kom (Erickson, 2005:177). God het die mens vir slegs een doel geskep naamlik: om tot sy eer te leef deur Hom te aanbid, sy naaste lief te hê en die skepping te versorg (Hamilton, 1991:139; Mathews, 1996:175).

4.3.7 Verteenwoordiger van God

In Gen 1:26-27 word beklemtoon dat die mens as *verteenwoordiger* van God geskep is. Vir Calvyn is die begrip *verteenwoordiger (gelykenis)* slegs 'n verdere omskrywing van *beeld van God* (Duvenage, 1967:90; Heyns, 1974:86). Die woord *gelykenis* is aan die woord *beeld* toegevoeg om Adam se volmaaktheid te beklemtoon.

baie skrywers is dit eens dat die verteenwoordigingsaspek van die mens as beeld van God van besondere betekenis is. Volgens Vosloo & Van Rensburg (1993:8) weerspieël baie van die mens se eienskappe iets van God se eienskappe. In die NGB Artikel 1 word na God se eienskappe verwys as dat Hy goed, regverdig en heilig is, en op dieselfde wyse word in Artikel 14 van die NGB na die mens se goedheid, regverdigheid en heiligheid voor God verwys (Berkouwer, 1957:35; Heyns 1992:127). Wanneer die mens herskep en vernuwe word in Jesus Christus, vertoon hy al meer die eienskappe van geregtigheid en heiligheid. So is die mens die beeld en gelykenis van God (Ef 4:17-24) (De Klerk, 2001:80).

God is handelend en werkend teenwoordig op aarde. Die mens is 'n sigbare verteenwoordiger van God in wat hy *is*, en in wat hy *doen* (Heyns, 1974:88; 1978:127; 1992:174; König 1995:37). God is die Skepper van die heelal, maar ook die mens het die vermoë ontvang om te skep, te heers, lief te hê en te ken.

Heyns (1974:88) en König (1995:37) beklemtoon dit dat daar geen identiteit en kontinuïteit tussen God en mens bestaan nie – slegs ooreenkomste. Die navorser stem saam: Daar is niks Goddeliks aan die mens nie; God is Skepper en die mens is skepsel, met 'n volkome menslike identiteit (Verhoef, 2000:18).

4.3.8 Verhouding met God

Die Skrif openbaar dat die mens se identiteit bepaal word deur die verhoudinge waarbinne hy homself bevind (Gerber, 1989:54; Pyne & Blackmon, 2006:138). Die mens staan in ses verskillende verhoudings: tot God, sy naaste, homself, natuur, kultuur, en strukture.

Menswees impliseer om as iemand (self/ek) te lewe en die mens kan slegs iemand wees en tot 'n ek ontwikkel as hy in 'n verhouding tot 'n ander iemand staan. In sy verhoudinge moet die mens tot kennis van die self en eie identiteit kom en sy bestemming as mens bereik (Louw, 1993:125, 128).

God verbind Homself op 'n besondere wyse aan die mens. Hy skep, onderhou en herskep die mens. Dit is Hy wat vir die mens lewensasem inblaas en van oomblik tot oomblik lewe gee (Ps 104:29; Ps 139). Volgens Berkouwer (1957:31) praat die hele Bybel oor die interaksie tussen God en mens. Van watter kant daar ookal na die mens gekyk word, word die mens in sy betrokkenheid op God geskets (Hamilton, 1991:137; Heyns, 1992:199; Van Wyk, 1992:2).

Die mens is 'n geskape wese, totaal afhanklik van God, maar die mens is ook 'n persoon, met die vermoë om keuses uit te oefen (Jos 24:15) (Helberg, 1980:21; Anderson, 2000:28). Die mens het die verantwoordelikheid om te antwoord op God se inspraak in sy lewe (Fil 2:12-13) (Shannon, 2003:11; Erickson, 2005: 136).

Die innige verhouding tussen God en mens word onderstreep in Gen 1:27 waar die woord *geskep* drie keer in vers 27 herhaal word. Die mens word geëer, gerespekteer

en geniet deur die Een wat hom in aansyn roep (Davidson, 1973:24; Brueggemann, 1982:31; Mathews, 1996:166).

God tree direk met die mens in gesprek (1:28, 29) en so verander God die mens tot 'n ek en 'n jy. Hy verander die mens tot 'n tweede persoon, 'n aangesprokene, 'n gespreksgenoot. God spreek oor die mens 'n skeppende woord en tot die mens 'n seënende woord. Deur die seënende woord gee God Homself aan die mens sodat hy nooit alleen of sonder God sal wees nie (Heyns, 1974:81).

Die mens was in staat om met sy wil in alles met die wil van God ooreen te stem. Daarom is Adam nie te verontskuldig nie: Hy was volmaak, maar het uit eie beweging sy ondergang bewerk (Duvenage, 1967:92; Anderson, 2000:28, 32). Dit is uit eie keuse dat die mens in mede-afhanklikheid verval en sy vryheid en individualiteit prysgee.

Die antwoord op die mens se vraag "Waarom lewe ek?" word gevind in sy verhouding tot God. Dit is die taak van die Christen berader om die mens te lei om in sy geloof volwasse te word, dit wil sê om die sin en betekenis van sy lewe in sy verhouding met God te vind (Louw, 1993:181; Anderson, 2000:18).

4.3.9 Verhouding met mense

God skep die mens in verhouding met ander mense (Gen 1:26-28). Hy maak vir Adam 'n hulp, een soos hyself (Gen 2:23). Die mensepaar het nie net aan God behoort nie, maar ook aan mekaar (Gen 2:18) (Anderson, 2000:32; Erickson, 2005:134).

Alle dinge is interafhanklik van mekaar geskep en daarom kan die mens nie sonder sy medemens, sy omgewing en die natuur voortbestaan nie (Erickson, 2005:136). God het gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Gen 2:18). Mense het mekaar nodig en moet mekaar help. In 'n mede-afhanklike verhouding ontaard die interafhanklikheid tussen mense in oorafhanklikheid.

Net soos wat God waarde toegevoeg het aan alles wat Hy geskep het, behoort die mens as beeld van God liefde, respek en welwillendheid aan sy naaste te betoon (Packer, 2003:56).

Die verhouding van Jesus Christus tot die Vader en sy medemens is die maatstaf vir alle vorme van samesyn. Medemenslikheid as proses hou in dat mense hulself aan mekaar openbaar, na mekaar luister en met mekaar praat. Naasteliefde (1 Joh 4:7) misbruik nie die medemens vir eie gewin nie en verslaaf die self ook nie aan ander deur oorafhanklikheid nie. Liefde respekteer die medemens as beeld van God (Hamilton, 1991:137; König, 1995:38).

In die verhouding tussen ouers en kinders word ouers deur God in 'n besondere posisie geplaas. Dit is die taak en verantwoordelikheid van ouers om God by hul kinders te verteenwoordig. Waar ouers dit nie doen nie, is dit moontlik dat kinders mede-afhanklikheid ontwikkel (Heyns, 1974:92; De Klerk, 2001:111).

God plaas die mens in 'n inter-afhanklike relasie tot sy medemens. Saam moet Adam en Eva God dien deur oor die skepping te heers, mekaar te help en 'n nageslag te bou (Gen 1:28). God eis dat mense mekaar respekteer (Packer, 2003:56). Geen mens mag inbreuk maak op 'n ander se reg tot vryheid en gemeenskap met God en 'n ander verkneg of misbruik vir eie gewin nie (König, 1995:38; Erickson, 2005:166). Interafhanklikheid sluit oor- en mede-afhanklikheid uit.

4.3.10 Verhouding met die self

God het 'n persoonlike bestaanswyse en verwys na Homself as “Ek”. Net so het die mens 'n persoonlike bestaanswyse met 'n bewussyn, 'n selfbewussyn, en 'n ek. Die mens is geskep met die vermoë tot selfinsig, selfrefleksie, selfbeoordeling. Die mens se selfsiening moet bepaal word deur God se oorspronklike beoordeling: “dit was baie goed” (Gen 1:31) (Heyns, 1974:102-109; Wolters, 1992:38).

In die Skrif word die mens telkemale opgeroep om sy lewe af te lê, te haat en prys te gee (vergelyk bv. Matt 10:34-39; Luk 14:26-27). Die Skrifgedeeltes verwys na die gevalle sondaar wat opgeroep word om God eerste te stel. Die mens voor die sondeval is “baie goed” geskape (Gen 1:31) en omdat hy 'n afbeelding van God was, mag hy homself nie haat nie, slegs sy sondige aard of identiteit.

Die Persone van die Drie-enige God staan in 'n besondere verhouding tot mekaar (Joh 17:21): Hulle is lief vir Mekaar (Joh 17:24) en tree nie onafhanklik van Mekaar

op nie. Net so staan die mens in verhouding tot homself (Pyne & Blackmon, 2006:139).

Die mens kan homself ken, sy lewensdoel, moontlikhede en grense. Die ware kennis oor die self word verkry deur introspeksie, deur die openbaring van die Heilige Gees vanuit die Skrif. So byvoorbeeld leer die mens wat sy taak en verantwoordelikhede is, dat hy die aarde moet versorg, sy naaste moet liefhê, moet groei, ontwikkel en voortplant. Die mens leer wat sy gawes en talente is, wat sy sonde is en dat hy slegs deur die genade van die Here Jesus Christus van sy sonde en van die Bose verlos kan word (Heyns, 1974:103; Wolters, 1992:36).

Die lewe wat God geskape het, in Christus gered het, deur die Heilige Gees geheilig het, wat God deur sy Gees onderhou en met gawes en talente versier het, wil Hy in sy diens gebruik. Daarom moet die mens homself, as beeld van God, respekteer (Vosloo & van Rensburg, 1993:19).

Die mens wat God verloor, verloor homself en soek homself soms terug in ander mense en verval dan in mede-afhanklikheid.

4.3.11 Verhouding met die natuur

Die mens is geskep as kroon en versorger van die skepping. As verteenwoordiger van God moet hy kultuur vorm. Sy identiteit is die van koning en rentmeester.

God het die mens geskape en in 'n bepaalde lewensruimte geplaas (Gen 2:8). Binne in die lewensruimte het die mens die opdrag gekry om oor die aarde te heers (Gen 1:28), dit te bewerk, te bewaak (Gen 2:15) en te gebruik (Gen 1:29) (Wolters, 1992:36).

Heers met geweld en misbruik van die skepping word nie in Gen 1:26-28 veronderstel nie, wel die taak om die aarde te bewerk en bewoonbaar te maak (Hamilton, 1991:139).

4.3.12 Samevatting

Die volgende aspekte van die skeppingsperspektief op die mens se identiteit is bespreek: die mens se oorspronklike identiteit; die mens se besondere posisie voor God; die betrokkenheid van die Drie-enige God by die mens; die volmaaktheid van die mens; die mens as beeld van God; die mens as verteenwoordiger van God en die mens se verhouding met God, ander mense, die self en die natuur.

Vervolgens word daar gekyk hoe die mens se oorspronklike identiteit deur die sonde aangetas is

4.4 SONDEPERSPEKTIEF

4.4.1 Inleiding

Die doel van die afdeling is om uit die Skrif (veral Gen 3:1-24) en die Christelik teologiese tradisie aan te toon hoe die mens toelaat dat die Bose hom verkneg en hy sodoende verhinder word om sy ware identiteit tot volle ontplooiing te bring. Die sondeperspektief sal aan die hand van die volgende aspekte bespreek word: die verband tussen skepping en sonde; die oersonde; doelverdeling; verandering van posisie; blaamverskuiwing; gestremde identiteit; verdorwe beeld; versteurde verhouding tot die naaste; verydelde verhouding met die self en disharmonie met die natuur.

4.4.2 Die verband tussen skepping en sonde

Die Skrif dui die mens as 'n volmaak geskape wese aan wat as beeld van God 'n besondere plek en posisie by God gehad het. Die mens het gewet waar hy met God staan en in hoe 'n mate hy aan God verbonde was. Dit het aan hom die nodige sekuriteit, waarde en vermoë gegee om volwasse en verantwoordelik oor sy werklikhede te heers. In afhanklikheid van sy Vader kon hy die aarde beheer, homself en sy verhouding met sy medemens sinvol ontplooi en doelgerig sy roeping vervul.

Maar vanaf Gen 3 word die mens vanuit sy vervalte staat belig. Met die oersonde het die mens sy besondere posisie by God verloor. Die beeld van God wat hy moes vertoon, is versteur en sy verhouding tot God, homself en ander is ontwig en geminimaliseer. 'n Klemverskuiwing tree in: vanaf 'n Godgesentreerde na 'n selfgesentreerde mens (Blackaby, 2002:26). Die mens soek sy identiteit buite God en sukkel om in sinvolle verhoudinge met God, homself, ander mense en die natuur betrokke te raak.

Om duidelikheid oor die identiteit van die mens in sy vervalte staat te kry, sal eers vasgestel moet word wat met sonde bedoel word en hoe dit die mens se identiteit beïnvloed het.

4.4.3 Die oersonde

In Gen 3 word beskryf hoe die mens deur die slang tot opstand teen God verlei is. Deur 'n skynbaar onskuldige vraag (Gen 3:2) word Eva se aandag gevestig op dit wat sy nie ontvang het nie (Davidson, 1973:40). Sy word verlei deur die begeerlikheid wat die vrug ingehou het. Die vrug was goed om te eet, mooi om na te kyk en kon kennis gee.

Volgens Vosloo & Van Rensburg (1993:13) word hier die klassieke weg van die sonde beskryf: Die mens bevraagteken God se integriteit; wantroue volg; 'n begeerte om soos God te kan wees tree in; en 'n drang na selfbevrediging ontwikkel. Die vrou rasionaliseer haar begeerte (die vrug kon kennis gee); kom in opstand teen die heersersposisie van God (Jes 14:14; Eseg 28:2) (Helberg, 1980:24); kry aansien in haar eie oë; verheerlik haarself; daag God se gesag uit (Gen 2:16-17); en eet die verbode vrug (Rom 1:21, 28, 29-31) (MacArthur & Mack, 1994:36-43; Erickson, 2005:189).

4.4.4 Doelverydeling

Die Skrif gebruik verskeie woorde om sonde te omskryf, maar basies dui sonde daarop dat die mens sy doel en eindbestemming mis in sy gedrag, gedagtes en bestaan (Spr 8:36; 19:2) (Anderson, 2000:32-38; Erickson, 2005:189). As die mens nie sy lewe sinvol ontplooi nie, vind daar 'n versteuring van God se orde plaas.

Sonde is opstand teen en ongehoorsaamheid aan God en dit sal so bly tensy die mens deur die Heilige Gees tot insig kom van sy foutiewe denk – en gedragspatrone deur middel van die Woord van God (1 Tim. 1:5; 2 Tim 3:16; Joh 14:21).

4.4.5 Verandering van posisie

Die besondere posisie wat die mens voor die sondeval by God gehad het – naamlik: om eerste gemaak te wees, 'n ganse skepping vir en ter wille van hom geskape te hê, gesag te ontvang, verantwoordelik te wees vir mens en dier, die verbod persoonlik van God te ontvang – is hom nou ontnem (Vosloo & Van Rensburg, 1993:14).

4.4.6 Blaamverskuiwing

Die mens verontskuldig homself en blameer God, die duiwel, of die samelewing vir sy verval. Die mens is egter nie te verontskuldig nie (Jak 1:14,15) (Duvenage, 1967:92). Hy laat toe dat hy oorheers word deur sy begeertes. Die mens het 'n verantwoordelikheid teenoor homself en ander om volwasse en beheersd oor sy behoeftes, begeertes en die samelewing die wag te hou en nie toe te laat om homself deur sy begeertes te laat oorheers nie. Die mens moet hom deur God laat beheer (Gen 4:5-7; Ef 5:18).

Die verbod (Gen 2:17) onderstreep die mens se verantwoordelikheid om keuses uit te oefen en daarvoor in te staan (Gerber, 1989:52; Vosloo & Van Rensburg, 1993:11).

4.4.7 Gestremde identiteit

Die kennis wat Adam en Eva verkry het (Gen 3:6), was 'n selfgesentreerde, negatiewe kennis wat hul naaktheid, skuld en skaamte voor God en mens ontbloom het. Die sekuriteit en vrymoedigheid wat hulle by God beleef het, is hulle nou ontnem: hulle vlug en kruip weg (Gen 3:7). Geestelike dood, verwydering en vervreemding tussen God en mens en mens en mens, tree in (Kol 1:21) (Anderson, 2000:32, 36-38; Waltke, 2001:92).

Die mensepaar hang vyeblare om, om sodoende ontbloting voor mekaar te voorkom (Waltke, 2001:91-92). Die naak, skuldbelaaide mens staan ontbloot en waardeloos voor God en gryp na enigiets om die ontbloting te minimaliseer. Die mens – gestroop van sy posisie, waarde, sekuriteit en vermoë – maak van destruktiewe hanteringsmeganismes (waaronder mede-afhanklikheid) gebruik om 'n mate van beheer oor sy vervalde wêreld te behou.

4.4.8 Verdorwe beeld

Die mens se verhouding met God is met die sondeval versteur. Calvyn was van mening dat die beeld van God in die mens nie heeltemal verlore gegaan het nie, maar in 'n groot mate vervorm, besmet en verderf is (Van Wyk, 1992:1-14).

Daar is uiteenlopende menings oor die verliesbaarheid van die beeld van God of dat "klein oorblyfsels" daarvan in die mens behoue sou gebly het na die sondeval (NGB artikel 14) (Van Wyk (1992:10). Die Skrif getuig dat die mens na die sondeval die beeld van God nie verloor het nie (Gen 9:6; Jak 3:9). Die uniekheid en kosbaarheid van die mens word telkens in die Skrif aangedui (Jes 43, 44:1-5; Ps 8; Ps 100:3-5). Die mens bly aangewese op God en die beeld van God word deur die mens gereflekteer of gedeflekteer (Verhoef, 2000:17-18).

Eksegete erken dat die beeld van God na die sondeval slegs versteur geraak het en dat die mens dit nie verloor het nie (Dooyeweerd, 1969:17; Hoekema, 1986:11; Heyns, 1992:184; Van de Beek, 1994:116; Erickson 2005:166).

'n Verhouding tussen God en mens bly bestaan, al verset die mens hom daarteen (Gerber, 1989:54; Erickson, 2005:166). Al is die mens nie met God besig nie, is God met die mens besig. God gebruik die mens nog in sy diens en hou deur sy genade die mens in stand (Wolters, 1992:47).

Juis omdat die mens 'n afbeelding van sy Maker is, is die mens geskape met 'n religieuse drang om sy hele tydelike lewe en werklikheid toe te spits op diens aan God/afgod.

Deurdat die mens homself aan die Satan verkneg en geglo het dat hy "soos God" sal kan wees, het 'n geestelike dood by die mens ingetree. Maar die sondeval kon die

religieuse drang van die mens om na sy oorsprong te soek, nie vernietig nie. Die sonde kan die drang van 'n mens in 'n afvallige koers instuur, maar die mens bly steeds soekend na God. Deur die verlossingswerk van Jesus Christus word die beeld van God in die mens herstel (Gerber, 1989:55; Louw, 1993:125; Pyne & Blackmon, 2006: 138).

4.4.9 Versteurde verhouding tot die naaste

Die grondverhouding van die mens is sy verhouding tot God en omdat dié verhouding as gevolg van die sonde skade gely het, is die mens se verhouding met sy medemens ook versteur. Die mens is nie in staat om sy medemens te behandel as Gods beeld nie. Naywer, jaloesie, agterdog, woede, haat, vrees, angs en wantroue word binne verhoudinge beleef. Verwerping, isolasie, vereensaming, verwydering en vervreemding kom voor en mense gaan oppervlakkig en gekunsteld met mekaar om (König, 1995:34-41; Erickson, 2005:201).

Na die sondeval is die mens in sy gedagtes, voorkoms en optrede nie meer volmaak en heilig nie. Die mens as 'n volmaakte, geïntegreerde wese bestaan nie meer nie en die mensepaar sien mekaar in hul gebrokenheid en gedisintegreerdheid raak (Helberg, 1980:26).

Verhoudingsverslawing is ook een van die gevolge van die sonde (Wolters, 1992:43-45). Die mens wil mag en geweld oor 'n ander uitoefen met die doel om hulle te misbruik. Volgens Vosloo & Van Rensburg (1993:472) is mag slegs aanvaarbaar wanneer dit aan God se gesag onderworpe is. Dit is nie 'n reg nie, maar 'n verantwoordelikheid. Die mens in sy vervalde staat oefen mag oor 'n ander uit in die huwelik, huisgesin, skool, maatskappye en regeringsinstansies. Soms word selfs godsdiens gebruik in die mens se eiebelang om mag te verkry en dan maak die mens daarop aanspraak dat God aan sy kant is.

'n Tipiese verslawingspatroon wat in 'n verhouding kan ontwikkel, is die interaksie tussen magsmisbruik en oorinskiklikheid (Erickson, 2005:200). Ooronderdanigheid hou in dat die individu sy naaste groter en magtiger as homself beleef en gee aan 'n ander mag om oor hom te heers (Gen 3:16) (De Klerk, 2001:103).

Die sondige mens verwerp God se beheer oor sy denke, wil en daade en gee homself oor aan eiesinnigheid (Heyns, 1992:179; Erickson, 2005:189). Die mens verwerp die heerskappy van God en word oorheers deur die begeerte om sy identiteit buite God te vind: by homself of by ander mense (Louw, 1993:179).

'n Duidelike voorbeeld in die Skrif van iemand wat sy identiteit by mense gesoek het, is **Saul**. In die Bybel word Saul geskets as 'n man na God's hart (1 Sam 9:17; 10:1; 10:9-16; 11:12-15), 'n goeie krygsman en koning. Maar al was Saul in God se oë die uitverkorene, was sy opinie omtrent homself gering. Hy moet as koning gesalf word, maar „hy kruip weg tussen die bondels goed“ (1 Sam 10:22b). Saul beleef homself as minderwaardig (1 Sam 15:17) en die geringskatting bring ingrypende gevolge vir homself en sy gesin mee (1 Sam 31:4-6). Al was God se Gees in hom vaardig (1 Sam 10:6) en al is daar na hom as 'n profeet verwys (1 Sam 10:11-12), was hy baie afhanklik van die opinie van die volk (1 Sam 18:7-9). Saul het sy identiteit nie in God gesoek het nie, maar by sy manskappe. Saul se voortdurende ongehoorsaamheid (1 Sam 13:10-14; 1 Sam 15-30), bring verwydering tussen hom en God mee (1 Sam 16:14). In die soveelste geveg teen die Filistyne, word Saul verslaan, selfmoord volg, sy drie seuns sterf en Saul se kop en wapens word op 'n vernederende wyse dwarsdeur die Filistynse landstreek gestuur.

Ook Saul se dogter, **Mikal** is ingestel op haar posisie en status voor die volk. Sy stel meer belang in die opinie van die volk as die eer van God. Wanneer Dawid voor die ark van God uitdans (2 Sam 6:13-15) en hy homself, volgens haar, voor die volk verneder, tref die Here haar en word sy die voorreg van moederskap ontnem (2 Sam 6:16-23) (McClung, 1985:18).

In Eks 32:1-7 maak **Aäron** homself aan dieselfde gedragspatrone skuldig deur aan die volk se versoek toe te gee en 'n goue kalf te bou. Aäron kan homself as leier nie onder druk handhaaf nie. Hy maak van oorafhanklike gedragspatrone gebruik om te voorkom dat hy aansien onder die volk verloor.

In die Nuwe Testament word **Petrus** se gedrag met die kruisiging van Jesus Christus uitgebeeld. Petrus, een van die eerste en getrouste volgelinge van Jesus Christus, een van die binnekring (Matt 26:36-46; Luk 22:39-46; Joh 18:1-2), swig voor menslike druk en ontken dat hy Jesus Christus ken.

In Matt 26:69-75; Mark 14:66-72; Luk 22:56-62 en Joh 18:15-18, 25-27 word Petrus se verloëning van Jesus Christus beskryf. Al die evangelies dui aan dat Petrus met oortuiging sy verbintenis met Jesus Christus ontken het. Al die evangelies dui aan dat hy dit drie keer gedoen het. Drie evangelies dui aan dat hy daarna bitterlike berou getoon het. Die Johannes evangelie dui sy groei en ontwikkeling na die voorval aan en in Joh 21:15-25 is Petrus se versoening met Jesus Christus opgeteken. Hy word bemoedig en versterk en opnuut is daar aan hom opdragte gegee ten opsigte van die kudde van God. Later wys Paulus vir Petrus tereg as hy hom aan nie-Joodse gelowiges onttrek "*omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis*" (Gal 2:12).

Oor die algemeen is mense se goedgesindheid en opinie vir die mens belangriker as God se opinie. Petrus se gedrag voor die kruisiging van Jesus Christus versinnebeeld die mens se gedrag jeens Jesus Christus oor die algemeen (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1439). Gelowiges wat hulself in situasies bevind waar daar vrae oor hul Christelike waardes en norme gevra word, maak van dieselfde gedragspatrone as Petrus gebruik en maak of hulle Jesus Christus glad nie ken nie (Gal 2:11-14).

4.4.10 Vervreemde verhouding met die self

Die identiteit van die mens is geleë in sy verbondenheid aan God. Hy is kind van God, maar as die mens kies om sy lewe in te rig volgens sy eie onafhanklike, outonome keuses, is die gevolg daarvan vervreemding van die self. Hierdeur word die mens ook ontmens, dit wil sê hy word van homself en van die sin van sy bestaan vervreem omdat hy God se bedoeling met homself mis (Van Niekerk, 1993:60).

Die hedendaagse mens bevind homself in 'n kulturele opset waar hy van alle kante deur sy kultuurwerke omsluit word en die uitsig op God en sy bemoeienis met die mens nie meer beleef nie (Van Niekerk, 1993:60). Daarom word die besondere vertrouens-verhouding en harmonie tussen God en mens versteur en God se insprake en teenwoordigheid word as waardeloos geag, gevrees en vermy (Vosloo & Van Rensburg, 1993:14).

Verskeie ideologieë het deur die eeue die mens verlei om sy vertrouwe op ander bronne te plaas as sekuriteite vir 'n sinvolle toekoms (Dooyeweerd, 1969:9; Louw, 1993:99,117).

In die verlede is die rede van die mens as algenoegsaam aangedui (Steyn & Verwey, 1998:15) en in die Post-Moderne era word die ego steeds verabsoluteer. Die mens is van mening dat hy sy toekoms kan skep deur sy eie krag (Dooyeweerd, 1969:8; Louw, 1993:99, 117). Die verwêreldliking dompel die samelewing in 'n krisis (Wolters, 1992:42; Van Niekerk, 1993:53-70;).

Die mens wat meer as mens wil wees en vir homself goddelike outonomie wil toe-eien, word uiteindelik minder as 'n volwaardige mens (Van Niekerk, 1993:53-70). Die mens raak uiteindelik vervreemd van homself. Hy beleef 'n identiteitskrisis en bly soek na betekenis buite Jesus Christus (Dooyeweerd, 1969:14). Die mede-afhanklike beleef homself as waardeloos en daarom vind hy dit nodig om homself aan 'n ander te verkneg met die hoop dat dit aan hom die nodige waarde en sekuriteit sal besorg.

4.4.11 Disharmonie met die natuur

In die tuin was alles volmaak: die verhoudinge tussen God en mens, en mens en mens, en mens en natuur. Na die sondeval het alles egter verander. Die aarde is vervloek (Gen. 3:17) en die mens is van die skepping vervreem deurdat dit wat hy moet bewerk, voortdurend weerstand bied teen kultivering (Gen 4:12) (Van Niekerk, 1993:53-70).

Die mens se liggaam is ook aangetas deur die sonde. Hy word gebore met genetiese gebreke wat veroorsaak dat die menslike liggaam energie metaboliese tekorte ontwikkel. Die tekorte plaas druk op die persoon in die vorm van chemiese ongemak. Sommige persone hanteer die ongemak met verslawing, onder andere verhoudingsverslawings, waaronder mede-afhanklikheid (ABBO, 2006: 199-202).

4.4.12 Samevatting

Die sondeperspektief op mede-afhanklikheid en identiteit het gefokus op die verband tussen skepping en sonde; die oersonde; doelverdeling; verandering van posisie; blaamverskuiwing; gestremde identiteit; verdorwe beeld; versteurde verhouding tot die naaste; verydelde verhouding met die self, en disharmonie met die natuur.

In sy genade herstel God die mens se identiteit deur sy verlossingswerk.

4.5 VERLOSSINGSPERSPEKTIEF

4.5.1 Inleiding

Die verlossingsperspektief word primêr vanuit Johannes 3:10-16a bespreek en vergelyk met ander toepaslike Skrifgedeeltes. Die perikoop handel pertinent oor die verlossing van die mens deur die vernedering en verhoging van Jesus Christus en die eis van geloof in Hom. Die volgende aspekte van die verlossingsperspektief op die mens se identiteit sal aandag geniet: die verband tussen skepping, sonde en verlossing; die verlossingswerk van God; die versoeningswerk van Jesus Christus buite die mens: sy plaasvervangende lewe, dood en opstanding; die lewewekkende werk van die Heilige Gees in die mens; die aanneming van Jesus Christus deur die geloof; selfverlossing; nuwe identiteit; gevolge van die wedergeboorte en samevatting.

4.5.2 Die verband tussen skepping, sonde en verlossing

Daar is reeds aangetoon dat God met die skepping besondere waarde geheg het aan dit wat Hy geskape het (Jes 43). Van al die skepsels het veral die mens 'n besondere plek by God gehad (Gen 1:26-27); is hy met besondere vaardighede toegerus (Gen 1:28); het hy in 'n besondere verhouding tot God, homself, sy medemens en die aarde gestaan; en het hy geweet wat sy identiteit en roeping was.

Onder invloed van die Bose kom die mens egter in opstand teen God (Gen 3:1-6): hy leef nie meer in gehoorsaamheid en in afhanklikheid van God nie. Om die skuld en skaamte wat hom na die sondeval aangekleef het te probeer verminder, het die mens in al sy verhoudinge destruktiewe gedragspatrone aangeleer, waaronder mede-afhanklikheid as verslawing.

God is egter 'n genadige God, en al vervloek Hy die slang en die aarde (Gen 3:14,17) en stuur Hy die mens uit die paradys uit, gee Hy in Gen 3:15 'n belofte wat die mens tot seën sou strek: Hy belowe 'n Verlosser wat die verhouding tussen God en mens sou herstel en die mens weer in sy oorspronklike posisie as kind van God sou bevestig.

4.5.3 Die verlossingswerk van God

Met die sondeval het die mens sondig en verdorwe geraak en verdien die dood as straf op sy skuld. In Joh 3:1-21 word aangetoon hoe God uit genade die mens verlos deur sy Seun en sy Gees (Rom 5:10; Gal 3:10,13; Kol 1:21, 22; Tit 3:5) (Hendriksen, 1976:139-144; Kruse, 2003:111-115).

Deur sy soendood oorwin Jesus Christus die kwaad en stel God die mens regverdig en heilig voor Hom (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3, 4; Kavic, 2005:255). In die ou verbond het God homself deur middel van sy stem, sy spreke en daade, aan die mens geopenbaar. In die nuwe verbond openbaar God Homself by uitstek deur middel van sy Seun (Hebreërs 1:1 & 2). God het volledig mens geword in die Persoon van Jesus Christus (Kol 1:19-20; Kol 2:8) (Hendriksen, 1976:281; Du Plessis, 1978:20; Wolters, 1992:58, 71). Die Seun van God het mens geword sodat Hy aan mense die hemelse dinge bekend kon maak (Barrett, 1970:177; Hendriksen, 1976:136; Groenewald, 1980:85; Kruse, 2003:109).

Voor die grondlegging van die aarde het God mense in Christus uitgekies om sy kinders te wees (Ef 1:4, 11). Deur middel van weergeboorte realiseer die besluit van God en bewerk God lewe in die hart van die mens. Die mens word beweeg om na God te draai en te reageer op God se insprake in sy gees (Foulkes, 1989:55; Perkins, 2000:377; Muddiman, 2001:67).

4.5.4 Die versoeningswerk van Jesus Christus buite die mens: sy plaasvervangende lewe, dood en opstanding (3:10-16a)

Al het die mens deur sy eie wilsbesluit God se vyand geword, het God tog die mens van voor die grondlegging van die aarde liefgehad (Joh 3:16). God het alles voorsien om die breuk te herstel (Rom 5:8-11; 2 Kor 5:11-21; Ef 2:11-18; Kol 1:20). Deur die

ingryping van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees, word die weg aangedui waarvolgens die mens weer toegang tot God en sy koninkryk kon verkry (Jonker 1983:80-82; Groenewald, 1985:78-87; Kruse, 2003:109-111).

- **Jesus Christus se plaasvervangende lewe**

In Joh 1:14 word Jesus se menswording eenvoudig en reguit gestel. “Die Woord het mens geword”. Met sy menswording en ontleding het Jesus Christus by sy Goddelike natuur die volledige menslike natuur aangeneem (Fil 2:6-7) (Müller, 1977:39-45). Sy identiteit as mens was diensbaarheid, onderworpenheid, geringheid en onaansienlikheid (Hendriksen, 1976:84; Groenewald, 1980:36-37). Na sy mensheid was Jesus Christus volmaak, sonder sonde (Groenewald (1985:84-87). In hierdie sin vervang Hy die eerste Adam (Rom 5:15-21).

Jesus Christus gehoorsaam sy Vader volkome en vervul so alle geregtigheid. As mens het Hy sy identiteit (sekuriteit, waarde en vermoë) in God gevind. Christus herstel die sondige menslike identiteit en verseker daardeur in beginsel dat mense se identiteit en lewe soos Syne kan wees (Erickson, 2005:264).

- **Jesus Christus se plaasvervangende dood**

Omdat die mens gesondig het, eis God vergelding. God het sy liefde aan die mens bewys deur sy enigste Seun aan die dood oor te gee en Hom as 'n Sondige te verklaar (Rom 5:10; Joh 3:16) (Hendriksen, 1976:139; Groenewald, 1980:86-87; Jonker, 1983:77-90).

Deur die Middelaar se plaasvervangende dood word die mens bevry van sy skuld (Erickson, 2005:264). As Middelaar verteenwoordig Jesus Christus God se liefde by die mens. Deur sy soenverdienste verteenwoordig Jesus Christus die sondige wêreld by God (Rom 5:10) (Heyns, 1978:284; Jonker, 1983:77-79; Heim, 2005:21-25). Op grond van God se genade en ontferming neem Hy die soenoffer van Jesus Christus aan en versoen op die wyse die wêreld met Homself (2 Kor 5:19) (Heyns, 1978:284; Heidelbergse Kategismus, Sondag 6).

- **Jesus Christus se plaasvervangende opstanding en hemelvaart**

Die koperslang (Num 21:4-9) is “opgerig”, en was goed sigbaar (Joh 3:14). Net so moes Jesus Christus “verhoog” word, eers aan die kruis en daarna deur sy opstanding en hemelvaart.

Jesus se opstanding het die weg gebaan vir die gelowige om tot ’n nuwe staat van lewe deur te dring (1 Pet 1:3). Jesus Christus se werk op aarde vorm die basis van die wedergeboorte (Kapic, 2005:253-259).

Die mens word op grond van die kruisdood en opstanding van Christus tot regverdige, geheiligde verklaar – dis sy nuwe identiteit. Jesus Christus het opgestaan om deur sy Gees die gelowige deel te laat kry in die vryspraak wat Hy vir die mens verwerf het. Die opstanding is ook die beginsel van die mens se heiligmaking. Die gelowige word in die regte verhouding met God gebring en opgewek tot ’n nuwe lewe. Die mens kan sy nuwe identiteit utoeleef.

Jesus Christus se opstanding is ook die waarborg van die gelowige se liggaamlike opstanding en verheerliking (1 Kor 15; Rom 8:11). Jesus Christus is opgewek in heerlikheid. Aan Hom word ’n Naam gegee bo alle ander name (Müller 1977:39-45). Hy staan op met ’n verheerlikte menslike identiteit. Hy stel as Verheerlikte en Verhoogde sy identiteit as borg vir die mens (Heidelbergse Kategismus, Sondag 17).

4.5.5 Die lewewekkende werk van die Heilige Gees in die mens

Jesus Christus het uit genade (Ef 1:4-6), sonder die mens se toedoen, versoening vir hom bewerk (1 Joh 2:2; 4:10). Net so moet die gees van die mens herskep word deur die Gees van God (Joh 3: 5) sodat hy tot ’n nuwe mens gemaak kan word en vrygemaak kan word van die slawerny van die sonde (Hendriksen, 1976:134; NGB artikel 24 vgl. Heyns, 1992:277; Kruse, 2003:106; Heidelbergse Kategismus, Sondag 14).

Voordat ’n sondige mens die koninkryk van God binne kan gaan, moet hy opnuut gebore word en die geboorte moet “van bo” (Joh 3:3, 5) geïnisieer word. Die mens se gees moet ontsluit word (Joh 4) (Morris, 1975:215; Venter & Van der Walt, 1989:23; Borchert, 1996:173; Kruse, 2003:106).

Hierdie gebeure binne in die mens word deur die Skrif aangedui as 'n geskenk wat God uit genade aan die mens gee (Joh 1:13, 3:5; Jak 1:18; Joh 2:29, 5:1; 1 Pet 1:23; Tit 3:5; Ef 1:3-3:3) (Dordtse Leerreëls hoofstuk 3, 4; Hendriksen, 1976:134; De Klerk, 2001:10).

Deur die Heilige Gees en met die Woord word die uitverkore mens op 'n geestelike wyse in Christus herbore. Deur 'n kom tot geloof, kom tot 'n besef en kom tot 'n aanvaarding van dit wat Jesus Christus vir die gelowige verwerf het, word die mens weer gebore (Rom 5-8) (Coetzee, 1990:505; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1851).

Jesus Christus gee die Gees, wat hy van God die Vader ontvang het toe Hy gedoop is (Joh 1:32-34), aan die uitverkore gelowiges (Joh 7:37, 39; 1:33; 4:13-14; Ef 1:4) (Coetzee, 1990:66). Dit is die taak van die Heilige Gees om die mens te roep, hom aan die Woord te bind, te wederbaar en aan hom geloof te skenk (Rom 8:27) (Heyns, 1978:296-300). Die Heilige Gees plant of plaas die gelowige in Jesus Christus (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3, 4; Groenewald, 1980:82; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1851).

4.5.6 Die aanneming van Jesus Christus deur die geloof

Jesus se soenoffer en identiteit moet beslissend ontvang/ aangeneem/ toegeëien word deur middel van geloof deur die krag van die Heilige Gees (Joh 3:16b-21). God werk nie buite die mens om nie. Hy gee sy Seun en eis dat die mens Hom aanneem. Deur geloof verkry 'n mens die reg om 'n kind van God te word (1:11-12) (Hendriksen, 1976:79-82; Groenewald, 1980:19; Venter & Van der Walt, 1989:20).

Die Drie-enige God is aktief betrokke by die wederbaringsproses van die mens: God die Vader is die Inisieerder, Jesus Christus die Heilbewerker en die Heilige Gees die Waarmaker van die heil. Die mens het die opdrag om te reageer op God se werking in sy gees (1 Pet. 1:23). God maak Homself deur sy Woord aan die mens bekend (Matt 28:19; Hand 8:35:37) (Venter & Van der Walt, 1989:20; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1860). Die lewe of geboorte word in die gelowiges bewerk deur die Heilige Gees wanneer die mens die Woord aanvaar en in die Seun glo. Die verband tussen God se wederbarende werk en die mens se geloof is 'n misterie.

4.5.7 Geen selfverlossing

Die Jode – en ook Nikodemus as leermeester van die wet – het geglo dis moontlik om die koninkryk van God te beërwe deur die onderhouding van die wet (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1975). Jesus Christus kom vanuit die hemel en die weg tot God is deur Hom as Middelaar, nie deur die mens se wetsonderhouding nie, maar deur 'n nuwe geboorte.

4.5.8 Nuwe identiteit

Jesus Christus verbreek die kloof tussen God en mens en nou is die mens weer kind van God (Kol 1:20; Ef 1:10; 1 Pet 2:24, 25) (Müller, 1977:39) (Fil 2:5-8). Die lewe van die kind met sy Vader word aangedui as „ewige lewe“. Die term „ewige lewe“ word dwarsdeur die evangelie in allerlei skakeringe gebruik en dui “die salige en kontinue in-gemeenskap-wees met Christus en met die Vader” aan (Coetzee, 1990:41).

Die mens se ware identiteit kan ook omskryf word in terme van lig. Lig is die simbool van waarheid, die simbool van lewe, van 'n regte verhouding met God (De Klerk, 2001:93). Die mens se gedagtes, woorde en gedrag moet in ooreenstemming kom met sy nuwe identiteit as lig. Na die sondeval het die mens 'n identiteit van duisternis gehad; na die wedergeboorte en die herskepping, is dit 'n identiteit van lig. Deur die nuwe lewe straal die mens die beeld van Jesus Christus uit: goed, reg en waar. Die mens se lewe moet soos lig, helder, oop en transparant wees.

4.5.9 Gevolge van die wedergeboorte

Tit 3:5 beskryf wat met die gelowige gebeur wat deur die Heilige Gees vernuwe word. Die wedergeboorte gee 'n sekerheid aan die gelowige dat hy 'n kind van God is. Verder, wil hy nie meer sonde doen nie (Joh 3:9) (Venter & Van der Walt, 1989:25). Die Heilige Gees lei die mens om sy nuwe identiteit uit te leef en sy ou (mede-afhanklike identiteit) af te lê (Wolters, 1992:67-69).

4.5.10 Samevatting

Die betekenis van die verlossingsperspektief vir die tema van identiteit en mede-afhanklikheid is bespreek aan die hand van die volgende punte: die verband tussen die skepping, sonde en verlossing; die verlossingswerk van God; die versoeningswerk van Jesus Christus buite die mens; die lewewekkende werk van die Heilige Gees in die mens; die aanneming van Jesus Christus deur die geloof; selfverlossing; nuwe identiteit; en gevolg van die wedergeboorte.

Nadat die verlossingsperspektief in die lig van Joh 3 in vergelyking met ander Skrifdele bespreek is, sal daar nou aandag gegee word aan die Skrifperspektief van heiliging.

4.6 DIE HEILIGINGSPERSPEKTIEF

4.6.1 Inleiding

Die heiligingsperspektief sal ontgin word vanuit Efesiërs 4:25-5:14 aangesien die perikoop pertinent handel oor die praktyk van die nuwe identiteit en lewe, gegrond op die gawe van die nuwe lewe (Ef 1-3). Die perikoop dra 'n sterk vermanende karakter, hoofsaaklik ten opsigte van die gelowiges se woorde en hul dade (Roberts, 1983:136-152; Liefeld, 1997:115-123).

Die heiligingsperspektief word bespreek aan die hand van die volgende: Die verband tussen verlossing en heiliging; heiliging as gawe van God en verantwoordelikheid van die mens; heiliging as 'n voortgaande proses; as gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod; as die werk van die Heilige Gees; as lewe in gemeenskap met gelowiges; as die verwerkliking van die mens se nuwe identiteit en as stryd teen verslawing (mede-afhanklikheid).

4.6.2 Omskrywing van heiliging

Heiliging is 'n gawe van God (Rom 6:23; Ef 1:3-6; Joh 1:12; Rom 8:16; Fil 1:6; Rom 8:30), en terselfdertyd ook 'n proses en opdrag waarby die mens elke dag betrokke

is (1 Tess 4:1; 1 Kor 3:1-2; Heb 5:12-14; Ef 4:11-13; 2 Tim 4:7; Fil 3:14; Heb 12:1-2) (Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1845).

4.6.3 Die verband tussen verlossing en heiliging

In 4.5.4 is aangetoon dat die mens verlos word deur die plaasvervangende lewe, dood en opstanding van Jesus Christus en die wederbarende werk van die Heilige Gees. Deur wedergeboorte is die mens se natuur herskep, sy gees ontsluit en die selfgerigte mens herskep tot 'n mens met 'n Godgerigte identiteit. Die mens kry beslissend deel aan die verlossing deur middel van geloof.

Op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus, verklaar God die gelowige regverdig. Sy posisie voor God verander van isolasie en vervreemding tot 'n staat van guns en aanvaarding. God verklaar dat die mens se sondes hom vergewe is, sy skuld volledig betaal is en dat hy blaamloos voor God mag verskyn. Wettiglik kry die mens nou weer 'n kind-identiteit (Rom 5:1; 6:23) (NGB artikel 24 vgl. Heyns, 1992:277-288; Erickson, 2005:318; Heidelbergse Kategismus, Sondag 17).

Die eerste drie hoofstukke van die Brief aan die Efesiërs handel oor die herstel van die mens se identiteit (Härle, 2006:458-460). In die tweede deel (Ef 4:1 – 6:20) word die pasbekeerde gelowiges opgeroep om hul identiteit as uitverkore, verlose mense uit te leef.

Met sy wedergeboorte word die mens deur die Heilige Gees in Jesus Christus ingeplant en kry hy deur geloof deel aan Jesus Christus se identiteit (Heyns, 1978:319; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1851) (Ef 2:8; 3:17; Fil 1:29). Die verandering geskied deur kennis van Christus. Toe die Efesiërs Hom "*leer ken het*" (Ef 4:20), het hulle deel gekry aan die heil van God, en omdat God heilig is, eis Hy van die gelowiges heiligheid (Lev 19:1; 1 Pet 1:16).

4.6.4 Heiliging as gawe van God én verantwoordelikheid van die mens

In die eerste hoofdeel (Ef 1:3-3:21) word God se genade beskryf. Deur 'n besondere heilsplan (Ef 2:4-7, 18; Ef 3:14, 20, 21; Jes 9:5-6; Sag 9:9-10), word die mens verlos

vanuit sy doodsbestaan om kinders (Ef 1:4-6), eiendom (Ef 1:7-12) en deel van God se volk te wees (Ef 1:13-14) (Wolters, 1992:63, 74-78).

Deur die eeue was die heilsplan verborge, maar na die versoening, bewerk deur Jesus Christus, het God dit goed gedink om sy plan aan die mens bekend te maak. In die volheid van die tyd (Ef 1:10) het God die hemelse- en aardse dimensies van die kosmos saamgesnoer onder Jesus Christus (Ef 2:8; Fil 1:29; Ef 1:22) (Müller, 1977:35-36; Roberts, 1983:34-37; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1845-1855). Die veranderinge wat in die mens plaasvind is die bonatuurlike werk van God (Ef 2:8; Rom 3:24) (Jonker, 1983:63; Foulkes, 1989:84; Erickson (2005:326). Hy is die Inisieerder van die heiligingsproses (1 Tes 5:23; Ef 5:26; Tit 2:14; Hebr 13:20-21). Die heiliging word egter nie buite om die mens bewerk nie; God werk in die mens om Sy wil te doen (Roberts, 1983:27; Heyns, 1992:282-287; Vosloo & Van Rensburg, 1993:1823). Voorheen was die mens se verstand verduister, het hy God nie geken en het hy geen kennis van sy kragtige werkinge in die mens gehad nie (Ef 1:17-21). Maar nou moet die mens (gelowiges) antwoord op God se genade (Ef 4:1-6:20) (Foulkes, 1989:53; Muddiman 2001:57; De Klerk, 2001:4; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1845).

4.6.5 Heiliging as 'n voortgaande proses

Die heiliging van die menslike identiteit is 'n proses wat voortduur tot die dag van sy dood (Ef 2:20-22; Fil 1:6; 1 Kor 1:8) (Erickson, 2005:318; Pyne & Blackmon, 2006:135). Die gelowige word na die bewerking van geloof en wedergeboorte nie aan homself oorgelaat nie, maar word deur die voortdurende inwerking van die Gees gewillig en bekwaam gemaak om die wil van God te ken en te doen (Fil 2:12-13). Die Heilige Gees verenig die weergebore gelowige deur geloof met Jesus Christus om as "rank" of "loot" (Joh 15) deur Hom gevoed te word. Heiliging behels 'n voortdurende gerigtheid op 'n toekoms waar die beloftes van God in vervulling moet gaan (Louw, 1993:184; Heidelbergse Kategismus, Sondag 21).

Die mens reageer op God se bemoeienis met hom deur werk, orde, groei en dissipline (Ef 1:3-15; 1 Tess 4:1; Heb 12:5-11; Pred 3:11-12; Heb 12:7) (Anderson, 2000:29; De Klerk, 2001:62).

Die gelowiges is koninkryk, huisgesin, tempel, geestelike huis en gebou van God (Ef 2:19-22). In die gebou word voortdurend nuwe stene vasgemessel en die gebou bly groei en ontwikkel. Jesus Christus is die hoeksteen en die apostels en profete die fondament van die gebou (Ef 2:20-22) (Foulkes, 1989:96; De Klerk, 2001:49; Hanekom, Lombard & Smuts, 2004:1849).

4.6.6 Heiliging as gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod

In die Efesiërbrief word die gelowiges opgeroep tot heiliging op verskeie terreine: (Ef 4:24-5:14; Kol 3:5-14).

- Hulle word gemaan tot waarheid, integriteit en die aflegging van leuens (Ef 4:25-27; 5:6-10; Kol 3:9; Sag 8:16).
- Hulle moet hul verskille met mekaar uitmaak. Kletsery, bedroewing van die Heilige Gees en diefstal word teenoor harde werk gestel. Deur harde werk word die beeld van Christus vertoon (Ef 4:28-30; Hand 20:35; 1 Tess 4:11; Gal 6:10; Ef 4:29; Matt 12:36).
- „Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet“, moet hulle staak met raserige bakleiery, navolgers van God wees en mekaar vergewe, soos God hulle in Christus, vergewe het (Ef 4:31-5:2; Matt 5:48; Joh 13:34; Gal 1:4; 2:20).
- Vuil praatjies werk destruktief in op medegelowiges en moet laat staan word (Ef 5:3-5; Kol 3:8-9; 1 Pet 2:1).

(Foulkes, 1989:168-169; Liefeld, 1997:124-131; Perkins, 2000: 429; De Klerk, 2001:84; Muddiman, 2001:176, 223-233).

Die gelowiges is nuwe mense, met 'n nuwe gesindheid, houding, ingesteldheid, insig, uitsig en toekoms. Hulle vertoon die beeld van God in die kragveld van God se liefde (De Klerk, 2001:87; Erickson, 2005:317, 320). Die Heilige Gees gee aan hulle rus, kalmte en vrede (Perkins, 2000:434; De Klerk, 2001:87).

4.6.7 Heiliging as die werk van die Heilige Gees

Dit is die werk van die Gees om God aan die gelowiges te openbaar en in 'n verhouding met God te bring (Ef 1:17).

Die gelowiges moet hulle gedagtes en dade onder die beheer van die Heilige Gees stel (Ef 5:15, 16; Kol 4:5) en diensbaar leef (Ef 5:17; Rom 12:2). Diens aan God word onder andere gekenmerk deur entoesiasme en dankbaarheid en diens aan mekaar deur onderlinge onderrig en verdraagsaamheid (Ef 5:21; Fil 2:3; Rom 12:3; Gal 5:13; 1 Pet 5:5).

Die onderlinge gesindheid van verdraagsaamheid gee aanleiding tot nuwe liefdevolle verhoudings binne huweliks-, gesins- en werksverband (Ef 5:22, 23; Ef 6:5).

Die Gees bind gelowiges saam (Kol 3:14; Ef 4:1-6), lei hulle na hul eindbestemming (Ef 4:14), oefen sy krag in hulle uit (Ef 1:19), maak die geheimenisse van God aan hulle bekend (Ef 1:9), verlig hul geestesoë om te kan sien, laat hulle in gemeenskap met God leef (Ef 1:17,18) en maak hulle weerbaar teen die Bose (Ef 6:17) (Foulkes, 1989:250-276; Muddiman, 2001:250-255; De Klerk, 2001:113).

4.6.8 Heiliging as lewe in gemeenskap met gelowiges

God sien die Efesiërs nie slegs as individue raak nie, maar ook as uitverkorenes wat deel uitmaak van 'n groter geheel naamlik die liggaam van Christus. Die gelowiges kan nie in isolasie van mekaar volwasse raak nie. Die volwassewordingsproses word gedra deur eenwording en dit word onderhou deur die liefde.

Verantwoordelikheid moet vir mekaar aanvaar word (Ef 4:16). Jesus Christus vul die liggaam met Homself en deur onderlinge liefde, geduld en verdraagsaamheid vul en verryk die gelowiges mekaar (Liefeld, 1997:94; Perkins, 2000:419; Muddiman, 2001:177, 183).

As Koning beheer Christus verhoudinge deur sy Gees. Die gevolg is liefde tussen lidmate, vrede tussen man en vrou, ouer en kind, werkgewer en werknemer (De Klerk, 2001:101).

Ef 5:22 handel oor die nuwe bedeling waarin Jesus Christus onderdrukking beëindig en die vrou in 'n nuwe posisie teenoor haar man plaas, waar sy hom vrywillig en in

liefde versorg. Soos wat Jesus Christus die kerk liefhet so moet die man sy vrou liefhê. Sy liefde vir haar moet elke hindernis wat verhinder dat sy haar vroulike identiteit kan uitleef, uit die weg ruim. Sy liefde moet haar vul, sodat haar nuwe identiteit as mens van die lig, vol van die Heilige Gees, helder kan deurskyn (De Klerk, 2001:107-108). Die man se opofferende liefde aan sy vrou gee die vrou die ruimte om te ontwikkel om meer en meer te word wat God se bedoeling met haar was.

Aan ouers is ook gesag oor hul kinders gegee, nie om te misbruik, domineer, verneder, manipuleer en te verkleineer nie, maar om, onder beheer van die Heilige Gees, liefde aan hul kinders te betoon. Die kind se persoonlikheid en identiteit mag nie kwaad aangedoen word nie. Ouers moet die kind lei om self sy waarde as skepsel en verlore te ontdek. Onvolwasse, selfgesentreerde ouers, wat hul wil en oortuigings op hul kinders afforsee, plaas druk op hulle kinders. Die kinders kan as gevolg van vrees, skuld, angste en 'n behoefte aan aanvaarding, hulleself tot mede-afhanklike gedragsspatrone wend ter wille van oorlewing. Kinders is breekbare, kosbare geskenke van God en daarom moet hulle sensitief en simpatiek hanteer word binne die sekuriteit wat die liefde bied (De Klerk, 2001:113).

4.6.9 Heiliging is die verwerkliking van die mens se nuwe identiteit

Gelowiges is besondere mense: mense wat deur God uitgekies is, aan Hom behoort (1:1-4) en sy eiendom is; mense wat nie meer soos slawe lewe nie, maar met 'n nuwe identiteit, doelgerig op pad na die ewigheid.

Volgens Pyne & Blackmon (2006:134) is dit belangrik dat die gelowige sal besef wie hy nou is. Hy is 'n nuwe skepping. Geen mens kan optree anders as hoe hy homself sien nie: "Wie ons is, bepaal hoe ons dink en hoe ons dink, bepaal hoe ons optree" (De Klerk, 2001:87).

Om nuut te dink en te leef is 'n proses waardeur die totale mens radikaal deur die Heilige Gees verander word. Die mens beleef 'n kennis in Christus dat al sy skuld weggeneem is en dat hy op die bodem van sy bestaan met God versoen is. Daar vind integrering tussen die ek en die self plaas deurdat die sondige breuk tussen die ek en die self deur die regverdigings- en heiligingsproses tot 'n geheel genees word.

Die mens is nou 'n geïntegreerde volwasse persoonlikheid wat oor 'n inherente nuwe kwaliteit van lewe beskik naamlik: die opstandingslewe vanuit 'n innige gemeenskap met Jesus Christus (Louw, 1993:181).

Die uiteindelijke doel van die uitverkiesing, groei en heiliging van die gelowige is die herstel van die eer van God. Die mede-afhanklike moet begelei word tot identiteitsherstel, tot gelykvormigheid aan die beeld van die Seun (Rom 8:29). Wanneer Jesus Christus gestalte in die mede-afhanklike gekry het, sal hy God reg ken en dien (Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 6).

4.6.10 Heiliging as stryd teen verslawing (mede-afhanklikheid)

Paulus doen 'n beroep op die gelowiges om te breek met hulle ou identiteit: verhard, afgestomp, ver van God, selfgesentreerd. Dan sal hulle ook kan afreken met hulle ou lewenswyse: leeg, donker, losbandig, vuil, sonder selfbeheersing en vol onkunde. (Ef 4:17-24) (Liefeld, 1997:111; Perkins, 2000:425; De Klerk, 2001:78; Muddiman, 2001:179).

Wanneer die mede-afhanklike beleef dat hy gewas, skoon, nie meer ver, maar naby God mag kom, dat hy welkom is en dat God hom daar wil hê, beleef hy geborgenheid, liefde en krag. Die sekuriteit dat die gelowige aan God behoort, motiveer hom om God te gehoorsaam. Sy stryd teen die sonde kom nie uit vrees nie, maar uit liefde (Rom 8:14-16; Gal 3:10-11; Fil 4:19).

Heiliging gaan met selfverloëning skuldbelydenis en stryd gepaard (Heyns, 1978:321), maar dis ook 'n pad van oorwinning, hoop en vreugde.

4.6.11 Samevatting

Die heiligingsperspektief is bespreek aan die hand van die volgende hoofpunte: Die verband tussen verlossing en heiliging; heiliging as gawe van God en verantwoordelikheid van die mens; heiliging as 'n voortgaande proses; as

gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod; as die werk van die Heilige Gees; as lewe in gemeenskap met gelowiges; as die verwerkliking van die mens se nuwe identiteit en as stryd teen verslawing (mede-afhanklikheid).

4.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

4.7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk, hoofstuk vier, is daar deur die ondersoek van bepaalde Skrifperspektiewe en die Christelik-teologiese tradisie 'n basisteorie geformuleer oor die aard van identiteitsvorming by die persoon met mede-afhanklikheid.

Die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid is ondersoek in die lig van die volgende Skrifperspektiewe: skepping (Gen 1:26-28); sonde (Gen 3:1-24); verlossing (Joh 3:1-21); en heiliging (Ef 4:25-5:14).

4.7.2 Skeppingsperspektief

In die Genesis-verhaal word die mens geskets as 'n intelligente, volwasse, verantwoordelike wese wat in volkome afhanklikheid van God besluite kon neem en kon optree. Hy word aangedui as 'n mens wat deur God geskep is, van wie God baie verwag het, wat in ideale omstandighede geplaas is en in wie se behoeftes ten volle voorsien is. Hy word aangedui as een wat geëer en gerespekteer is deur die Een wat hom in aansyn geroep het.

Die mens is met 'n volmaakte identiteit geskep: Hy was naamlik kind van God, het 'n besondere posisie by God gehad, was kosbaar in God se oë en het die vermoë gehad om die aarde te versorg en te bestuur. Die mens was in 'n interafhanklike verhouding met sy medemens betrokke en daar was geen sprake van mede-afhanklikheid nie.

4.7.3 Sondeperspektief

Die volmaak geskape mens, wat so hoog deur sy Skepper geag is, het homself deur sy sonde van God weggekeer, homself teen God verhef en onafhanklik van God

verder probeer voortbestaan en sou geneig wees om mede-afhanklike verhoudinge met sy medemens te vestig.

Na die oersonde het die mens gekies om homself van God te distansieer. Diè besluit en daad hou verreikende gevolge vir hom, sy medemens, natuur en kultuur in. Die doel waartoe God die mens geskape het, naamlik om Hom te eer, het nou verlore gegaan en die mens soek na sy identiteit buite God. Die mens sukkel om die vervreemding en verwydering tussen God en mens, mens en mens en mens en natuur te hanteer. Hy identifiseer homself met die destruktiewe, negatiewe werklikhede waarbinne hy homself bevind en word verlei om van ander metodes soos verslawings gebruik te maak om sy lewe sinvol te ontsluit.

Die skeppingsperspektief toon aan hoe hoog God die mens geag het, hoe kosbaar die besondere verhouding tussen God en mens was en hoeveel moeite God gedoen het om die mens veilig en versorg voort te laat bestaan. Die sondeperspektief wys hoe die mens sy heersersposisie aan 'n ander afstaan, hoe die Bose die heersersposisie ten volle benut, uitbuit en die mens op alle terreine verkneg.

4.7.4 Verlossingsperspektief

In die verlossingsperspektief is aangetoon hoe God die Vader, Seun en Heilige Gees die mens van sy valse identiteit en doodsbestaan verlos.

In sy genade bewerk God versoening tussen Hom en die mens deur sy Seun, Jesus Christus. As Middelaar en Plaasvervanger het Jesus Christus die wet vervul, die smarte van die hel deurgemaak, die dood oorwin en as Oorwinnaar en Heerser vir die mens opnuut 'n plek by God bewerk. Deur die wedergeboorte en aanneming van Jesus is dit vir die mens moontlik om weer terug te keer na sy oorspronklike posisie as kind van God.

4.7.5 Heiligingsperspektief

Uit die Skrif is vasgestel dat heiliging 'n gawe en opdrag van God is wat nie buite om die mens bewerk word nie, maar in die mens deurdar dat die mens die wil van God ken

en doen. Dit is 'n proses wat deur die Heilige Gees onderhou en voortgestu word, waar eenheid met Jesus Christus en medegelowiges bewerk word, waar die heerlikheid van God aan die mens geopenbaar word en die mens al meer verander word na die beeld van die Seun. Heiliging is 'n lewe wat gekenmerk word deur onderlinge liefde, geduld, verdraagsaamheid en die verwerkliging van 'n nuwe identiteit in Jesus Christus.

4.8 SLOT

In die basisteoretiese hoofstuk is die betrokkenheid van al drie die Persone van die heilige God by die mens aangetoon. Daar is aangedui met watter identiteit die mens geskep is, hoe die identiteit deur die sonde belemmer is, hoe dit in Christus verlos is, en hoe die identiteit deur die Heilige Gees vernuwe word.

In die volgende hoofstuk, hoofstuk 5 sal daar gekyk word na navorsing wat op teologiese gebied gedoen is ten opsigte van mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem.

HOOFSTUK 5

TEOLOGIESE BASISTEORIE

5.1 INLEIDING

Met betrekking tot die onderwerp van mede-afhanklikheid is daar, afgesien van navorsing binne die hulpwetenskappe, in die verlede vanuit sekere teologiese kringe ook redelik in diepte gekyk na hierdie terrein. Dit is vervolgens belangrik om ook aandag te gee aan bydraes in hierdie verband.

5.2 DOEL

Die doel van hierdie hoofstuk is om te fokus op veral drie pastorale genesingsmodelle met betrekking tot die versorging van die mede-afhanklike persoon. Die drie modelle wat aan die orde gestel gaan word, is dan die volgende:

- Filadelfia Opleidingsentrum se genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon (ANON, 2001a).
- Die model van ABBO (Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding, 2006).
- Hemfelt, Minirth en Meier se tien-fase genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon aan die hand van hul boek, "Love is a Choice" (1989; Coetzer, 2007).

Daar gaan vervolgens gepoog word om op 'n evaluerende wyse kortliks die benaderings van al drie aan die orde te stel.

5.3 FILADELFIA OPLEIDINGSENTRUM SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON

Filadelfia Opleidingsentrum is 'n Bybels gefundeerde sentrum in Bloemfontein waar studente in berading vanuit 'n Christelike oogpunt opgelei word om berading aan persone met geestelike en emosionele probleme te doen en hulle in die proses dan tot geestelike herstel te begelei.

Die sentrum definieer mede-afhanklikheid soos volg: mede-afhanklikheid word as 'n persoonlikheidskenmerk of –versteuring gesien waar die persoon uitermate betrokke is by die self en apaties staan teenoor ander. Die mede-afhanklike persoon se gedrag vorm dan 'n patroon van ontoereikendheid wat tydens vroeë volwassenheid ontwikkel en aan ten minste vyf van die volgende kenmerke herken kan word:

- Reageer op kritiek met gevoelens van vrees, skaamte of verleentheid.
- Laat ander toe om hom te misbruik tot eie voordeel.
- Voel onbelangrik, devalueer eie prestasies en talente en verwag ignorering wanneer hy nie presteer nie.
- Glo eie probleme is uniek, en slegs enkele spesiale persone sal verstaan.
- Gepreokkupeerd met fantasieë van voortdurende onheil.
- Volgehoue begeerte na aandag en bewondering.
- Staan nie op eie regte en het gebrekkige empatie met hulself maar oordrewe empatie met ander.
- Verwag kritiek, onregverdige behandeling en verwerping – daar is dus deurgaans agterdog en wantroue.
- Ervaar 'n onvermoë om eie gevoelens te identifiseer of te ervaar.

Filadelfia opleidingsentrum se hulpverlening aan die mede-afhanklike word vervolgens onder algemene en spesifieke riglyne ingedeel. Onder algemene riglyne

word aandag gegee aan hoofsaaklik die mede-afhanklike kind en die probleme wat hy binne sy gesinsopset beleef.

Onder spesifieke riglyne word meer gefokus op hulp wat verleen word aan die volwasse mede-afhanklike en die probleme wat hy binne sy gegewe situasie ervaar.

5.3.1 Algemene hulpverlening aan die mede-afhanklike kind

- **Luistervaardighede kan gebruik word om die kind te help om uitdrukking te gee aan opgekropte emosies**

Hier word gefokus op gevoelens van wrokkigheid en woede. Vir die mede-afhanklike is 'n normale gesinslewe vreemd en hy skram daarvan weg as gevolg van die vernederings wat in sommige situasies ervaar word deur die gedrag van die afhanklike ouer.

- **Bou op hul bestaande sterk punte**

Mede-afhanklikes vanuit ongesonde ouerhuise moet tot 'n groot mate staatmaak op eie hulpbronne ter oorlewing. Dit het daartoe gelei dat die kinders dikwels uitsonderlike oorlewingsmeganismes op spesifieke terreine ontwikkel het. Daarom moet die bestaande sterk punte geïdentifiseer en gebruik word as basis vir beplanning tot die beste wyse van aanpassing.

- **Verskillende maniere van aanpassing binne die gegewe situasie moet uitgewerk word**

Wanneer die ouer byvoorbeeld in 'n toestand van bedwelming is en 'n rusie ontstaan, moet die kind homself so gou as moontlik van die toneel verwyder. As dit 'n vernedering word om vriende huis toe te bring, moet dit tot die minimum beperk word.

- **Probleemoplossende vaardighede en rollespel van verskeie moontlike situasies moet ingeef word**

Stel maniere voor aan die hand waarvan die kind meer orde en struktuur aan sy persoonlike daaglikse roetine kan gee. Dit maak die ongemaklike of chaotiese lewensomstandighede tuis draagliker.

- **Aksies kan bespreek word wat die mede-afhanklike kind kan loods om meer verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem**

Langs hierdie weg leer die mede-afhanklike om meer onafhanklik binne sy familiestruktuur te funksioneer.

- **Die mede-afhanklike kind moet aangemoedig word om verhoudings te bou met volwasse gelowiges en sosiale belangegroepes buite die familie**

Dit bevorder sy kontak met ander waar hulle meer "normale" sosiale interaksies en gedrag kan beleef. Vir baie kinders wat in huise leef waar ouers maksimale afhanklikes is, is onbetroubaarheid, leuens en vrees, die enigste lewenswyse wat hulle ken.

- **Die mede-afhanklike moet tot deeltydse werk aangemoedig word**

Dit kan ook een of ander gesonde aktiwiteit impliseer wat hom sal toelaat om meer tyd van die huis af konstruktief te spandeer.

- **Tree as rolmodel op om die kind te help om vertroue in en vrymoedigheid teenoor ouer mense te ontwikkel**

Die kind het in sy lewe saam met afhanklike of afwesige ouers, nog net die harde kant van die lewe leer ken, met weinig of geen vertroue in volwassenes. Een van die gevolge hiervan is dat die betrokke kind geneig is om te oorreageer op die geringste ongeregeldheid of skok van vertroue.

- **Die mede-afhanklike kan tot die volgende insigte begelei word:**
 - Hy is nie alleen nie, baie ander sit met soortgelyke probleme – hy mag dus daaroor praat.
 - Dit is nie sy fout of skuld dat die ouer 'n afhanklike geword het nie.
 - Daar is professionele hulp en leiding vryelik beskikbaar vir die hele gesin.
- **Betrek die kind by groepsbesprekings**

Hanteer afhanklikheid, mede-afhanklikheid asook tipiese denke, emosies en gedragsreaksies daar rondom. Dit stimuleer gesonde maatskaplike interaksie met die portuurgroep en portuurleier. Onderdrukte woede moet ook op konstruktiewe wyse in die groep hanteer word.

5.3.2 Spesifieke hulpverlening aan die mede-afhanklike volwassene

Hier word veral op die gedrag van die mede-afhanklike volwassene gefokus.

5.3.2.1 Ou aangeleerde gedrag

Gedragspatrone wat hier aandag sal geniet is die mede-afhanklike se diepgewortelde skaamte, woede, vrees en hulpeloosheid wat reeds tydens die kinderjare geïnternaliseer is. Die “te skaam om vriende huis toe te bring” het in later jare 'n omvangryke impak op die gemoed van die mede-afhanklike uitgeoefen.

- **Skaamte**

Oor die algemeen reageer die mede-afhanklike soos volg op skaamte, vrees, woede, pyn en hulpeloosheid:

- Fisiese onttrekking van ander om moontlike kritiek te vermy.
- Vermyding van oogkontak. (Kyk af).

- Isoleer die self van ander omdat die mede-afhanklike glo dat hy ander se belangstelling nie werd is nie. Blameer en val ander aan wat hy glo die pyn en vernedering veroorsaak.
- Selfvernietigende gedrag deur byvoorbeeld die misbruik van alkohol.
- Ontkenning van verantwoordelikheid vir reaksies teenoor ander.
- Verbale en fisiese geheimhouding.
- Reageer ooreenstemmend met skaamtegevoelens - die persoon glo dat hy pateties is.
- Ander se pogings om die persoon te betrek word geïgnoreer.
- Die persoon bly gepreokkupeerd met sy swakheid.
- 'n Blindheid vir die werklike motivering van eie gedrag.
- Die onvermoë om uit ondervinding te leer.

Die Filadelfia Opleidingsentrum se terapeuties riglyne ten opsigte van skaamte wat geïnternaliseer is, sien soos volg daaruit:

- Identifiseer die werklike situasie waaroor skaamte ontstaan het.
- Identifiseer irrasionele skaamte verwante aannames.
- Identifiseer en werk deur motiverende emosies vir irrasionele aannames.
- Ontwikkel rasonale alternatiewe vir irrasionele aannames.
- Identifiseer strategieë om skaamte te vermy en daarvan ontslae te raak.
- Identifiseer en werk deur motiverende emosies vir genoemde strategieë.
- Ontwikkel gesonde alternatiewe vir genoemde strategieë.
- Ontwikkel rasonale aannames terwyl oorspronklike gebeure herroep word.
- Begin met 'n doelgerigte strategie teen die houding van skaamte deur:

- die masker te identifiseer;
- standpunt in te neem teen ongesonde denke, emosies en gedrag;
- die masker af te haal en die self te ontdek.

- **Woede**

Ook ten opsigte van woede word die persoon begelei om die woede te konfronteer, die saak uit te praat, en die oorsake, aard en gevolge van woede deeglik te evalueer voordat opgetree word.

- **Vrees**

Dit ontwikkel gewoonlik vanuit skaamte. Die mede-afhanklike vrees dat hy nie aanvaar sal word nie, die gesinsgeheim blootgelê sal word, hy beheer sal verloor, nêrens sal inpas, vereensaam en verwerp sal word.

- **Hulpeloosheid**

Waar die persoon homself as 'n slagoffer sien met gepaardgaande gevoelens van besluiteloosheid, aggressie, onverantwoordelikheid, perfeksionisme, foutvinderigheid, onbetrokkenheid, nutteloosheid en 'n kritiese ingesteldheid teenoor die lewe word die persoon terapie op die volgende wyses begelei:

5.3.2.2 Nuwe lewegewende gedrag

- **Die waarde van die persoon**

Die mede-afhanklike word bewus gemaak van die waarde wat hy as persoon vir homself het en vir die ondersteuningsgroep waarby hy aangesluit het.

- Binne die groep word die mede-afhanklike geleer om na ander te luister
- ander se herstel aan te moedig

- gevoelens uit te spreek
- eie waarde te erken
- positief met die self te kommunikeer
- nie meer selfveroordelend te wees nie en
- foute te hanteer.

- **Hoop**

Aan die mede-afhanklike moet hoop gegee word ten opsigte van sy probleem.

Hy moet leer om die probleem te depersonaliseer.

Foute moet geïdentifiseer en hanteer word.

Die persoon moet leer om eie besluite te neem.

- **Besluit om oor te gee**

Die mede-afhanklike word aangemoedig om probleme onder die oë te sien, nie te wil vlug nie en sy mede-afhanklike gedragspatrone te konfronteer. Die mede-afhanklike word dus geleer om klein treetjies te gee op die pad na herstel.

- **Ontdek die kind wat seergekry het**

Ondersteuning moet gegee word wanneer na die verlede terug beweeg word. Die mede-afhanklike se verwarring, vrees en onsekerheid in hierdie fase moet op 'n simpatieke, gerusstellende en biddende wyse hanteer word. Emosies wat diep weggebêre is en ontstellend is, moet geverbaliseer word. In afhanklikheid van die Heilige Gees moet hierdie fase versigtig deurbeweeg word.

- **Ontkoppel aan die destruktiewe rol**

Die mede-afhanklike moet leer om beheer oor sy negatiewe en destruktiewe gedragsspatrone te kry.

Die persoon moet begelei word om in geloof te kan opstaan en te weet dat daar 'n almagtige Vader is wat in hom werk en aan hom dieselfde krag gee as wat daar aan Jesus Christus gegee is om uit die dood uit op te staan (Ef 1:19).

- **Rouwerwerking**

Hier moet deur al die verliese wat gelei is as gevolg van die mede-afhanklike gedragsspatrone gewerk word.

Daar moet gerou word oor die maskerrol wat afgegee is asook die skade wat aan betekenisvolle verhoudings aangerig is.

Die verliese en emosies wat daarmee gepaard gaan, moet aanvaar word.

Pyn moet aanvaar word en die prosesse om die pyn te verwerk moet volledig deurloop word.

Daar is nie 'n kortpad na herstel nie.

- **Vergifnis**

Onderskei tussen ware en valse skuldgevoelens.

Selfvergifnis is 'n noodsaaklike deel van vergifnis. Vergewe die self vir al die skade wat jy as mede-afhanklike ander aangedoen het, al die verliese wat gelei is sowel as al die rolle wat ingeneem is.

Die mede-afhanklike moet verder aangemoedig word om die afhanklike en mede-afhanklike ouer te vergewe.

Vreugde moet gevind word in die vrede wat vergifnis bring.

- **Aanvaarding**

Die mede-afhanklike moet aanvaar dat dit wat agter hom is agter hom is. 'n Nuwe self, met 'n eie, unieke identiteit, 'n spesiale skeppingsdoel en 'n spesifieke roeping moet beleef word.

Gawes en eie potensiaal moet ontdek en ontgin word en as persoonlike vermoëns aanvaar word.

Die mede-afhanklike moet sy Godgegewe identiteit in Christus aanvaar.

- **Toepaslike skuld**

Daar moet onderskei word tussen ware en toepaslike skuld.

Valse skuldgevoelens moet herken word en daarvan gedistansieer word.

Ware skuldgevoelens moet uitgespreek word.

Bely ware skuld, eien God se vergifnis toe en dank God vir die vryheid van vergifnis.

- **Selfliefde en individualisering**

Respekteer eie behoeftes.

Weet dat die self die reg het om deur ander gerespekteer te word.

Die mede-afhanklike moet leer dat hy die reg het om te sê wat hy dink en hoe hy voel.

Die mede-afhanklike mag homself nie meer as 'n nuttelose slagoffer beleef nie.

Die persoon laat nie meer toe dat hy gemanipuleer en geïntimideer word nie.

Die mede-afhanklike moet leer om homself los te maak van ontwrigtende en destruktiewe verhoudinge.

Die persoon neem 'n wilsbesluit om sy nuutgevonde identiteit met verantwoordelikheid te hanteer ten opsigte van gedagtes, emosies en gedrag.

- **Gesonde woede**

Die mede-afhanklike het 'n wilsbesluit geneem om:

- nie meer woede te onderdruk nie;
- om sy emosies verantwoordelik te bestuur;
- om die son nie oor sy toorn te laat ondergaan nie
- om sake uit te praat en in liefde te konfronteer (Ef 4:26).

5.4 ABBO SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON

Die Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding (in samewerking met Radio Kansel) het met verloop van 'n aantal jare 'n Bybels gefundeerde beradingsmodel ontwerp met behulp waarvan individue binne die raamwerk van Bybelse beginsels begelei kan word tot oorwinning oor mede-afhanklike gedragspatrone. Die uiteindelijke oogmerk hiermee is dat die oorfloedige lewe wat Jesus Christus vir die mens verwerf het, deur die werk van die Heilige Gees in die lewe van die mede-afhanklike persoon sal realiseer. Vir die mede-afhanklike wat sy lewe as chaoties beleef, kan ABBO se genesingsmodel 'n uitkoms bied.

Hierdie beradingsmodel hou opsommenderwys die volgende in:

5.4.1 Bou van 'n verhouding

Berading van die mede-afhanklike persoon hou in dat daar heel eerste met die persoon 'n verhouding opgebou sal word. Dit geskied deur die persoon lief te hê, te aanvaar, empatie met hom en sy omstandighede te hê, met sy swakhede te identifiseer, die eie stryd teen verslawing op 'n toepaslike wyse te deel, naby te staan en tog ook die nodige afstand te handhaaf sodat die persoon se identiteit en roeping gerespekteer sal word.

5.4.2 Verstaan van die persoon

Die verstaan van die persoon hou in dat die berader en beradene hand aan hand sal loop om te hoor wat God aan hulle wil bekend maak ten opsigte van die beradene se leëwêreld, gedrag, denke, begeertes, vrese en dit wat hy toelaat om hom te beheer. Die berader en beradene moet bid vir onderskeidingsvermoë, kennis en wysheid sodat vasgestel kan word wat die Heilige Gees aan hulle wil openbaar. Wanneer die beradene begelei word om homself te verstaan is dit vir hom makliker om tot verandering oor te gaan.

5.4.3 Verstaan van die persoon se situasie

Wanneer van die mede-afhanklike se **situasie** melding gemaak word, word daar verwys na die mede-afhanklike se omstandighede in die verlede, hede en toekoms.

Daar word onderskei tussen die eksterne en interne situasie van die persoon.

Die eksterne situasie van die mede-afhanklike word vasgestel met betrekking tot inligting ten opsigte van sy gesin van oorsprong. Het verslawende gedragsspatrone in die familiegeskiedenis voorgekom? Op watter wyses is die mede-afhanklike getraumatiseer deur die afwesigheid van liefde en versorging en die aanwesigheid van misbruik en viktimisering? Was daar ander traumas waaraan die persoon blootgestel is?

Hoe lyk die mede-afhanklike se huidige situasie en hoe sal sy toekomstige situasie moontlik daar uitsien?

Sover dit die interne situasie van die persoon betref, word vrae gevra betreffende die mede-afhanklike se liggaamlike vermoë om die nodige energie op te wek ten einde menslike aktiwiteite soos eet, slaap, ens. na te kom.

5.4.4 Verstaan van die persoon se strategie

Met strategie word bedoel die persoon se reaksie op sy situasie (gedrag, gewoontes, patrone, prestasies en kwellinge).

Dit gaan dan ook om die reaksie of strategie van die mede-afhanklike ten opsigte van sy eksterne omgewing sowel as interne liggaamlike toestand. Die persoon het moontlik vasgestel dat sekere aktiwiteite soos draf, werk of middels ongemak in die liggaam ophef en plesier kan verskaf. Die persoon word nou verlei om die gedrag of gebruik van die middel te onderhou ten einde gemak vir homself te verseker. Uiteindelik gaan die onderhouding van die aktiwiteit oor in 'n verslawing en bevind die mede-afhanklike homself verslaaf aan 'n middel, aktiwiteit, persoon of situasie.

In die terapeutiese proses van hulpverlening aan die mede-afhanklike is dit gevolglik die taak van die berader om die mede-afhanklike te help om sy verslawende gedragspatroon te identifiseer, die oorsprong daarvan te ontdek en te help om oorwinning daaroor te kry.

5.4.5 Verstaan van die persoon se struktuur (denke)

Hier gaan dit oor die mede-afhanklike se **denke** oor God, self, ander, verslawings, begeertes en motiewe. 'n Mens se denke is die bron en oorsaak van 'n individu se woorde en daade. Die gedrag van 'n persoon word nie bepaal deur die situasie waarbinne hy homself bevind nie, maar deur sy behoeftes, begeertes en vrese. Die mede-afhanklike dink dat hy die verslaafde gesinslid tevrede sal stel deur harder te probeer. Hy glo dat geluk en die reg op 'n sinvolle bestaan verdien moet word. Hy dink dit is verkeerd om homself te handhaaf en aandag te gee aan sy eie behoeftes. Hy dink aan selfvernietiging en is geneig om homself te beseer.

5.4.6 Verstaan van die persoon se skat

Met skat word hier bedoel die mede-afhanklike se denke en begeertes wat vir hom so belangrik is dat dit bokant God gestel word. Dit is die persoon se skat wat hom dryf en beheer. God het 'n spesifieke doel met elke persoon in sy besondere situasie dit is die taak van die berader om die beradene sy doel te laat raak sien. Die mede-afhanklike persoon het nie perspektief op sy omstandighede nie en leer om op mense te vertrou om hom te "verlos" van sy moeilike omstandighede. Dit is die taak van die berader om die persoon te begelei om sy "verlossers" te identifiseer en daarvoor oorwinning te kry.

5.4.7 Konfronterings- en aktiveringsfase

In die verstaansfase is die persoon begelei om insig te verkry in dit wat hom in gebondenheid hou. Daarna is vasgestel van watter strategieë hy oor die algemeen gebruik maak om te kry dit wat hy wil hê.

In die konfronteringsfase deel die berader met die mede-afhanklike wie God Drie-enig werklik is – ook die feit dat Hy onverdeelde trou aan Hom eis (Eks 20:1-6).

Aan die mede-afhanklike moet ook die nuus bedien word dat Jesus Christus vir die mens kom leef, sterf en opgestaan het. Die persoon met 'n verslawende gedragspatroon soos mede-afhanklikheid word in die lig hiervan nou aangemoedig om Jesus Christus se oorwinning, sekuriteit, waarde en krag toe te eien.

Om dit wat Jesus Christus vir die mens verdien het sy eie te maak, vereis ook dat die mede-afhanklike aanpassings in sy lewe sal moet maak. Hy word aangemoedig om sy sonde te erken en dit te bely. Berou moet betoon word, skuld bely en vergifnis gevra en aanvaar word. Insig moet ook verkry word met betrekking tot die moontlike oorsake van energie tekorte en op mediese gebied moet die nodige aanvullings geneem word om die liggaam te ontgif en te stabiliseer.

Die mede-afhanklike moet homself verder verbind tot 'n pad van daaglikse bekering, oorgawe aan God en vervulling met die Heilige Gees. Dit sluit in om nuut te dink oor God, die self en die situasie, om God te vertrou en bo alles te gehoorsaam.

Die wyse waarop God die mens verander, verskil van mens tot mens en dit is die taak van die berader om sensitief te wees vir God se werkswyse en tempo.

Soms is die mede-afhanklike so vasgevang in sy verslawingsgedrag dat hy nie meer nugter dink nie. Die persoon het nie perspektief op sy gedrag nie. In sulke gevalle moet die waarheid baie ferm aan die persoon gekommunikeer word en moet daar soms in liefde dan ook druk op hom toegepas word om te verander.

Die Bybelse roete van Matt 18 word gevolg om die mede-afhanklike tot ander insigte te bring.

Omdat mede-afhanklikheid 'n lang geskiedenis het en diep wortel geskiet het, sal die berader en naasbestaendes hulle moet verbind tot deeglik en volgehoue ondersteuning.

Om die verslawingsgedrag effektief aan te spreek, sal 'n plan van aksie opgestel moet word en stap vir stap geïmplementeer moet word. Hierdie aksieplan kan soos volg saamgevat word:

AKSIEPLAN VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE

SITUASIE

	AFLÊ	OPNEEM	SKRIFGEDEELTE
Liggaam	Eet gemorskos	Eet reg; NAD- aanvullings	1 Kor 6:12; 10:31
Gesin	Onttrek van gesin	Spandeer tyd saam	Deut. 6:6-9; Spr. 27:8
Vriende	Het slegte vriende	Kies gelowige vriende	Spr. 27:5,6,9,10; Joh. 15:14

STRATEGIE

Optrede	Word misbruik deur ander	Eet en drink reg	Ps 104:15; Ef. 5:18
Gedragspatrone	Verloor beheer	Neem beheer	Spr. 23:31ev.; Hos. 3:11
Woorde	Lieg	Praat die waarheid	Spr. 31:4ev.; Jes 28:7ev.

STRUKTUUR

Denke	Besef nie probleem Gebrek aan oordeel	Verstaan mede- afhanklikheid	Op 3:17-18 Pred. 10:16-17; Neh. 3:11
--------------	--	---	---

Begeertes	Begeer gemak	Begeer om God te gehoorsaam	Jes 5:11-15
Motiewe	Wil jouself behaag	Wil God tevrede stel	Rom. 13:13-14
SKAT			
Wie is God	Begeerte na gemak	Begeerte na God	Jes 55:1-3; Matt 26:17

Omskrywing van die term NAD:

Ensieme – spesifiek die ensiem NAD (nikotinamied adenien dinukleotied) – word in die liggaam vervaardig (bv. deur die lewer) uit veral rooivleis, hoendervleis en vis. Hierdie ensieme breek nie net voedseldeeltjies af nie, maar ook skadelike stowwe soos bv. alkohol, tot bruikbare energie. Indien 'n persoon te veel alkohol of ander skadelike middels gebruik, word soveel NAD gebruik om die middels af te breek, dat daar nie genoeg NAD beskikbaar is vir normale energie-voorsiening in elke liggaamselletjie nie. Die gevolg is dat die liggaam gedestabiliseer word en ongemak (sug = “craving”) intree (ABBO, 2006:5).

5.5 HEMFELT, MINIRTH EN MEIER SE GENESINGSMODEL VIR DIE MEDE-AFHANKLIKE PERSOON

Hemfelt *et al.* beskryf hul genesingsmodel aan die hand van die beeld van 'n “roller coaster” waar die mede-afhanklike aanvanklik blootgestel is aan 'n progressiewe proses van 'aftakeling' as deel van die terapeutiese proses. Nadat die 'roller coaster' dan sy heel laagtepunt bereik het begin die grafiek opwaarts beweeg. Die persoon ervaar gaandeweg 'n opwelling van energie, krag en vermoë wat hom uiteindelik in staat stel om die eerste groot oorwinning oor sy verslawende gedragspatroon te kry. Die proses eskaleer geleidelik, klein oorwinnings word behaal en uiteindelik ontwikkel die persoon meer selfvertroue sodat groter uitdagings aanvaar kan word.

Die voorgestelde terapeutiese model van Hemfelt *et al.* word aan die hand van tien fases verduidelik. Hierdie tien fases word vervolgens kortliks aan die orde gestel (vergelyk Bylaag B).

5.5.1 Fase 1: Eksplorاسie en ontdekking

In hierdie fase word die persoon begelei om die diepere wortels van sy probleem te probeer identifiseer en deur middel van “argeologiese opgrawings” die hoekoms en waaroms van sy lewe te ontdek. Stuk vir stuk word lewenservarings in herinnering geroep, inmekaar gepas en ’n verklaring vir vreemde gedragspatrone gegee.

Die mede-afhanklike se gedrag het oor die jare ’n duidelike patroon gevolg wat uiteindelik in ’n storie kulmineer. Die storie moet aan God, self, eggenote en vriende vertel word om die sinloosheid daarvan te verstaan.

Dit is goed om die verhaal aan ’n vriendelike en begrypende oor te vertel. Dit help die mede-afhanklike om deur sy muur van ontkenning, skuld, skaamte, woede, pyn en vernedering te breek, dit te verstaan en insig te kry in die emosionele wanaanpassing en isolasie wat sulke ervarings tydens die kinderjare gekarakteriseer het. So word die verhaal ’n genesende instrument wat die persoon help om insig te verkry ten opsigte van sekere ontoepaslike gedragspatrone en om uiteindelik bevry te word van emosionele pyn.

As deel van die oorvertel van die verhaal van die verlede moet daar veral ook gefokus word op die volgende twee aspekte:

- Erkenning van alle verslawende, kompulsiewe en obsessiewe aspekte gekoppel aan jou huidige lewenstyl.
- Erkenning van alle pynvolle aspekte en herinneringe gekoppel aan verlore kinderjare.

As deel van hierdie eerste fase kan ’n brief of briewe aan God ’n sinvolle terapeutiese bydrae lewer tot die persoon se emosionele welstand.

By wyse van daaglikse skrywe, word daar dan met God gekommunikeer, word Hy betrek in die mede-afhanklike se pad na herstel en word Hy as naby en betrokke

beleef. Sodanige skrywes hou die voordeel in dat die pad van groei na geestelike volwassenheid jaarliks nagevolg kan word.

5.5.2 Fase 2: Inventaris van verhoudinge

In hierdie fase word daar 'n indiepte inventaris gemaak van alle emosionele verhoudinge waarbinne die mede-afhanklike homself bevind het.

Persone vanuit die verlede en hede word spesifiek geïdentifiseer ten opsigte van hul verhouding met die mede-afhanklike. Daar word vasgestel in watter mate die verhouding tot die emosionele wanaanpassing van die mede-afhanklike kon gelei het en dan moet op 'n toepaslike wyse met elke persoon vrede gemaak word.

Persone wat hier ter sprake is, is byvoorbeeld biologiese ouers, pleegouers, mentors, begeleiers, onderwysers, leraars, kategete, ens.

Verder moet die mede-afhanklike verstaan by hoeveel families hy werklik betrokke is en was. Hier sou byvoorbeeld ter sprake wees 'n kerkfamilie, werkfamilie, huwelike en die uitgebreide familie wat die huweliksverhouding omkring het. Inventaris moet gemaak word van emosionele betrokkenheid by elk van die familiegroeperinge en in welke mate mede-afhanklikheid oorgevloei het in elk van hierdie verhoudingsgroepe.

Soms is daar meer detail ten opsigte van sommige van die verhoudings nodig. Wanneer die mede-afhanklike die geleentheid kry om van die verhoudinge in meer detail te omskryf, lei dit dikwels daartoe dat herhalende gedragspatrone by homself geïdentifiseer word.

So word die persoon begelei om insig te kry in die behoefte om byvoorbeeld in elke verhouding ander te wil manipuleer, beheer, isoleer, kritiseer of te annekseer.

Ook deur middel van meer gegewens ten opsigte van interaksie met ander kan die mede-afhanklike herhalende temas in verhoudinge naspeur. So kan daar byvoorbeeld vasgestel word dat die mede-afhanklike onbewustelik sekere temas binne verhoudings bly herhaal met die doel om onafgehandelde sake of spoke van die verlede te herroep sodat dit hopelik diè keer sinvol hanteer kan word.

5.5.3 Fase 3: Beheer oor verslawings

In hierdie afdeling word die mede-afhanklike begelei tot beheer oor die verslawing. Dit is 'n moeilike fase omdat die verslawende substans of gewoonte 'n 24 uur hipnotiese houvas op die persoon gehad het. Dit is gevolglik 'n groot uitdaging en verg veel inspanning van die mede-afhanklike sowel as die berader om die persoon uit hierdie hipnotiese sirkelgang te bevry.

Binne huweliksverband word egpare gewoonlik eers gehelp om hul eie onderskeie afhanklikheids eienskappe aan te spreek en te hanteer voordat 'n poging aangewend word om die huwelik te genees. In sulke gevalle word tydelike skeiding van die twee partye ook aanvanklik eers aanbeveel, sodat die verslawingsiklus verbreek kan word. In hierdie proses word grense tussen die twee partye opgestel waar elkeen die geleentheid kry om insig in sy eie gedrag, en die invloed wat dit op hul huweliksverhouding uitoefen, te verkry.

Riglyne in hierdie verband is dan die volgende:

- Deur middel van 'n kort skeiding ten opsigte van hul woonplek word terrorisering tussen die twee partye beperk.
- Seksuele kontak word ingeperk om seksuele manipulerings, beheer of misbruik te voorkom.
- Tydsbeperking met betrekking tot blootstelling aan mekaar word aanbeveel, veral waar huwelikspare so verstrengel geraak het in mekaar dat 'n eie bestaan, belangstellings en aktiwiteite eintlik nie meer bestaan nie. Elkeen word tydens die skeidingsproses aangemoedig om 'n eie belangstelling, stokperdjie of sportbedrywigheid te ontwikkel.
- Grense word gestel met betrekking tot fisiese en verbale misbruik. Albei die persone moet die reg hê om uit die situasie te stap indien fisiese of verbale misbruik voorkom.
- Viktimisering moet getermineer word. Wanneer blaamverskuiwing voorkom, word viktimisering veronderstel. Die doel hier is om deur mede-afhanklike gedragsprobleme te breek. Wanneer oor en weer geblameer word, word

mede-afhanklikheid versterk en word daar nie beheer oor die gedragspatroon verkry nie.

- Buite-egtelike verhoudings moet onmiddellik getermineer word.
- Individuele kompulsies moet getermineer word. Elk van die twee partye moet individueel beraad word om beheer te verkry oor sy eie persoonlike afhanklikheids gedragspatrone.
- Die nuwejaar-besluite-sindroom moet vermy word. 'n Diepliggende probleem het 'n indiepte ingreep nodig en eie besluite en goeie voornemens gaan oor die algemeen nie die probleme oplos nie - professionele hulp wel. Begeleiding op 'n dieper vlak is noodsaaklik ten einde negatiewe patrone te verbreek.

5.5.4 Fase 4: Om die huis te verlaat en totsiens te sê

'n Sleutel element in die herstel van die mede-afhanklike verhouding is die persoon se vermoë om finaal afskeid te neem van die ouerhuis. Kinders word in gesinne gebore om dit dan weer uiteindelik te verlaat. Skeiding op fisiese sowel as emosionele gebied moet plaasvind om selfstandigheid en onafhanklikwording te verseker.

Fisiese huisverlating kan moontlik reeds op 'n vroeë ouderdom plaasvind, maar emosionele huisverlating vind dikwels eers vanaf 30 jarige ouderdom plaas waar die individu die geleentheid gegee word om 'n eie onafhanklike, produktiewe lewe te ontwikkel, uit die skadu van die gesin van oorsprong te beweeg en God op 'n dieper vlak te leer ken.

• Gesond teenoor mede-afhanklik

Vir die mede-afhanklike is die verlatingsproses egter 'n pynlike proses. 'n Finale breuk word nooit regtig gemaak nie en is dan heel dikwels in 'n groot mate verantwoordelik vir die middeljarige krisis waarbinne sulke individue hulself op 'n later stadium bevind.

Die mede-afhanklike wat sukkel om homself op emosionele gebied van die ouerhuis te distansieer, kan gewoonlik aan aspekte en optredes soos die volgende herken word:

- Die ouerhuis word verlaat, maar wanneer probleme opduik, word terug gevlug huis toe.
- Die aanwesigheid van mede-afhanklike gedragsspatrone is gewoonlik 'n aanduiding dat die probleem nog nie aangespreek is nie – wanneer die verlating van die ouerhuis wel volledig plaasgevind het is sulke gedrag geneig om op te klaar.
- Daar is nog 'n groot mate van finansiële afhanklikheid van die ouers en dit blokkeer eie selfstandigheid en onafhanklikheid.

- **Die aksie van afskeid neem**

- 'n Gesprek op 'n volwasse vlak met die ouers en 'n volwaardige afskeid neem van mekaar word aanbeveel.
- Soms moet 'n graf herbesoek word sodat finaal afskeid geneem kan word.
- Die skryf van 'n brief waar gedagtes, emosies, vrese en pyn op papier uitgedruk word, kan baie heilsaam wees. Deur middel van 'n brief kry die persoon die geleentheid om homself te verwoord ten opsigte van alles wat hy nog wou gesê het en nooit die geleentheid voor gekry het nie. Die aksie help ook om herinneringe en emosies, wat heling nodig het, na die oppervlak te bring.
- Die mede-afhanklike persoon ervaar gewoonlik intense pyn tydens die skeidingsproses as gevolg van die skuld en skaamte wat die verlatingproses inhou. Woede wat die persoon opgebou het as gevolg van die onregverdigheid van omstandighede vorm 'n belangrike bron van energie opwelling wat die afskeid verder kan vertraag en vergifnis bemoeilik. In die begeleidingsproses moet al hierdie aspekte dan ook in berekening gebring word.

- Vir die mede-afhanklike vanuit 'n disfunksionele gesinsisteem is dit moeilik om afskeid te neem en bloot net weg te stap. Die onvermoë om dit te doen moet toegeskryf word aan 'n repetisie-kompulsie. Dit hou in dat daar onafgehandelde take in die verlede lê wat die mede-afhanklike as onhanteerbaar beleef bloot omdat hy nie die nodige sekuriteit en selfvertroue het om die probleem op te los nie. Die persoon moet dus bly terug beweeg om die probleme af te handel. So hou die ouers en hy, homself steeds gebonde aan die disfunksionele gesinsisteem. Aan hierdie aspekte moet individueel aandag gegee word tydens die terapeutiese proses.
- Vals sekuriteite en simbole moet vaarwel toegeroep word. Die persoon het sy lewe gevul met sinlose sekuriteite om die leemte wat deur onbetrokke ouers gelaat is, te vul. Wanneer sulke sekuriteite prysgegee word, is dit nodig dat dit met ware standhoudende sekuriteite, soos God asook 'n stewige geestelike basis, gevul sal word.

5.5.5 Fase 5: Rou oor verliese

Die "roller coaster" reis van fases 1-4, naamlik om totsiens te sê, van alle vals sekuriteite gestroop te word, tot selfontdekking te kom en van die beheer wat verslawende substansie, gewoontes en gebruike oor die persoon gehad het afstand te doen, kan vreesaanjaend en baie pynlik wees.

Fases 1-4 was daarop gemik om die mede-afhanklike te lei tot groter bewuswording van pyn. Hierop volg nou die heel laaste fase, fase 5, van die afwaartse spiraal van herstel. In hierdie fase word die heel laagste punt van die herstelkurwe bereik en Hemfelt *et al.* beskryf dit as "hitting the bottom."

Rou is 'n normale proses wat God in die mens se sisteem ingebou het om hom in staat te stel om sinvol met pynlik gebeure in sy lewe af te handel. Die meeste mense vind dan ook hierdie proses oor die algemeen heilsaam en helend omdat 'n stuk groei beleef word wat gewoonlik net deur pyn geïnisieer kan word.

Hemfelt *et al.* beskryf die rouproses aan die hand van ses verskillende fases waar daar soms vinnig deur sommige van die fases beweeg word en weer veel stadiger deur ander (teenoor die bekende vyf fases soos oorspronklik geformuleer deur Elizabeth Kühler-Ross, voeg Hemfelt *et al.* nog 'n fase by naamlik dié van hartseer). Die ses fases van die rouproses is dan die volgende:

- Skok en ontkenning
- Woede
- Depressie
- Onderhandeling en magie (magic)
- Hartseer
- Berusting en aanvaarding

Vir die mede-afhanklike verloop die rouproses gewoonlik nie normaal nie en is die persoon geneig om onbepaald in een van die fases vas te steek. Dit is gevolglik baie belangrik dat hierdie persoon as't ware weer deur die hele rouproses begelei sal word met betrekking tot sekere onafgehandelde sake en verliese uit die verlede – in besonder dan ook met betrekking tot daardie spesifieke fases van die proses wat nie behoorlik deurgewerk is nie. Intense hartseer word dan gewoonlik ook beleef ten opsigte van kinderjare wat nooit beleef is nie, verliese wat gelei is as gevolg van die verslawende gedragspatroon van die ouer, 'n eie verslawende gedragspatroon wat groei en ontwikkeling gestrem het en die verslawing self wat so 'n groot deel van die mede-afhanklike se bestaan uitgemaak het.

Oor sekondêre verliese soos byvoorbeeld 'n egskeiding, 'n bestuurslisensie wat verbeurd verklaar is, werksverlies, die verlies van 'n gesin, tyd wat verspeel is, ens., moet ook oor gerou word.

Al die verliese kan 'n groot leemte of vakuum in die persoon se binneste veroorsaak wat sinvol met ander sekuriteite vervang moet word.

Verliese wat oor die algemeen oor gerou moet word, kan hoofsaaklik onder die volgende vier kategorieë ingedeel word:

- Die mede-afhanklike is geneig om verliese wat gelei is te ontken of te minimaliseer - daarom moet die persoon gehelp word om te rou oor die pyn wat binne die gesin van oorsprong beleef is: al die vernedering, skuld, skaamte, woede, isolasie, vervreemding en misbruik.
- Daar moet gerou word met betrekking tot die afskeid van Ma en Pa. Hierdie proses is by die meeste mede-afhanklikes vertraag en om op 'n gevorderde stadium van lewe eers deur hierdie proses te beweeg kan besonder pynlik wees.
- Derdens moet gerou word oor verslawende gedragspatrone, verslawings en ander oorlewingsmeganismes wat jare lank die persoon se lewe gereël en getreiter het.
- Daar moet vierdens ook gerou word oor die verliese wat byprodukte van mede-afhanklikheid was – aspekte soos hartseer wat alleen gedra moes word, verlies aan die self, foute wat begaan is, tranes, pyn, spanning, vrees en woede.

Oor al die pynlike herinneringe moet dus gerou word en die hele rouproses soos hierbo uiteengesit, sal deurloop moet word om die hartseer, pyn en verbittering uit te filtreer ten einde heling en vergifnis moontlik te maak.

Vervolgens word gefokus op praktiese riglyne ten opsigte van elk van die ses roufasies individueel:

- **Skok en ontkenning**

Hemfelt *et al.* is van mening dat die mede-afhanklike, as gevolg van sy traumatiese verlede, vanuit 'n kroniese staat van skok funksioneer. Die persoon het geleer om 'n beskermde muur om homself te bou waar emosies nie beleef en die bestaan daarvan ontken word. Vanuit die staat van skok en ontkenning moet die mede-afhanklike homself nou in 'n normaal gebalanseerde wêreld handhaaf en in hierdie proses word daar soms van verdedigingsmeganismes en 'n aanvallende houding gebruik gemaak ten einde hulself binne 'n gegewe werklikheid te handhaaf. Sulke

ontoepaslike gedragswyse kan 'n vernietigende impak hê op sy verhouding met God, homself en sy medemens.

Dit is gevolglik die berader se taak om die mede-afhanklike deur die eerste vier stappe van die rouproses te begelei sodat daar deur die emosionele muur van skok, woede, depressie en ontkenning gebreek kan word. Eers dan is dit vir die persoon moontlik om verder te groei. Dit is 'n lang en moeisame proses wat gewoonlik met baie pyn, woede en wroeging gepaard gaan.

- **Woede**

Woede is 'n emosionele ontladingsmeganisme wat God aan die mens gegee het om pyn en verlies sinvol te hanteer. Die mede-afhanklike moet gelei word om sy woede te herken, dit te erken en daaraan uiting te gee. Deur middel van byvoorbeeld 'n slaansak kan die persoon in kontak gebring word met die feit dat hy wel woede het, dat dit aanvaarbaar is en dat hy op 'n aktiewe manier daarvan ontslae moet raak. So word die mede-afhanklike gelei om bewus te word van sy woede voordat dit in sonde oorgaan (Ef 4:26). Om vir die eerste keer innerlike woede te verbaliseer wat vir jare lank onderdruk is, is op sigself terapeuties en bevrydend. Diep verborge woede is geneig om die immuun sisteem van die liggaam te onderdruk en dit kan inderdaad beskryf word as 'n 'geestelike toksiese aksie.'

- **Depressie**

Depressie en woede word dikwels aan mekaar gekoppel. Hemfelt *et al.* verwys na navorsing wat daarop dui dat depressie by 'n groot persentasie van gevalle verband hou met woede wat opgekrop en na binne gekeer word en uiteindelik die persoon van binne aftakel. Depressie moet egter ook gesien word as 'n fase na die rouproses waar skuldgevoelens 'n prominente rol speel en die depressie die gevolg van die skuldgevoelens is.

In sulke situasies word pyn gewoonlik op een van die volgende wyses tot uiting gebring:

- Dit kan korrek deurgewerk word as deel van die rouproses.

- Dit kan na buite geprojekteer word deur middel van woede.
- Dit kan na binne gekeer word en op 'n verskuilde manier uiting vind deur byvoorbeeld depressie, verslawing, kompulsies of selfvernietigende verdedigingsmeganismes.

- **Onderhandeling en magie (*magic*)**

Hieronder word verstaan dat die persoon dikwels geneig is om met God en/of andere te probeer onderhandel ter oorlewing of ter versagting van sy omstandighede.

Mede-afhanklikes vanuit moeilike omstandighede is geneig om ooreenkomstes met God of hulself te sluit en te belowe dat hulle byvoorbeeld nooit met 'n alkoholis sal trou of hulself in sulke negatiewe omstandighede sal begewe nie. Tog bevind hulle hulself wel in latere jare in sulke omstandighede, omdat dit omstandighede is wat hulle ken en die bekendheid verleen sekuriteit.

Die persoon moet gevolglik begelei word om afstand te doen van die behoefte aan onderhandeling of die behoefte om in fantasieë te ontvlug. Wanneer daar oorwinning oor hierdie tipe behoefte is, is volwassewording 'n groter werklikheid.

Deur die proses van rou het die mede-afhanklike geleer om prakties, nugter en realisties na die wêreld te kyk en dit te hanteer.

Dit bring 'n rypheid, volwassenheid en vryheid mee omdat die persoon geleer het om nie meer op die self en eie insigte te vertrou nie, maar op 'n God wat dit nie sleg met hom bedoel nie. Al doem die wêreld in al sy onvolmaaktheid telkens lewensgroot hier rondom hom op, is daar ook 'n gerusstellende wete dat 'n groter Mag in beheer is, dat hierdie Mag vertrou kan word en dat hy, as mede-afhanklike, deel van die onvolmaakte op pad na die volmaakte is.

- **Hartseer**

Dit is die vyfde van die ses-stap rouproses. In stappe 1-4 van die ses-stap rouproses is die mede-afhanklike gelei om deur sy emosionele skok en ontkenning te beweeg.

Hy is geleë om die pyn te erken, deur middel van woede daaraan uiting te gee, te waak teen depressie en om sy behoefte aan onderhandeling of fantasering sinvol te hanteer.

In die hartseer proses word die persoon nou begelei om deur middel van tranes uiting te gee aan emosie gekoppel aan al die ellende wat soveel jare deel van sy verwysingsraamwerk was. So word hy 'skoon gewas', word al die spanning ontleë en is dit vir hom moontlik om uiteindelik by vergifnis, afsluiting en aanvaarding te kom.

- **Vergifnis, afsluiting en aanvaarding**

Net soos al die ander stappe van die rouproses is hierdie 'n baie belangrike stap wat volledig deurgewerk moet word.

God het die mens as 'n geïntegreerde wese geskep, 'n mens na gees, siel en liggaam, en hierdie mens moet in totaliteit homself daartoe verbind om dié te vergewe wat hom benadeel het.

Vergifnis kan nie oppervlakkig, vinnig en sonder emosionele integriteit aangebied word voordat die pyn en leed wat die persoon aangedoen is volledig deurgewerk is nie. Kortpaaie na vergifnis veronderstel emosionele oneerlikheid wat dan sou impliseer dat die persoon wel op 'n geestelike vlak probeer vergewe, maar die fisiese en emosionele wroeging, pyn, vernedering, woede en frustrasies word gesystap. So word die ou patroon van oneerlikheid en ontrouheid teenoor die self herhaal. In die proses word "people pleasing" gedrag onderhou terwyl die oorwinning oor die self en destruktiewe gedragpatrone negeer word.

Indien die rouproses egter suksesvol deurloop is, is die punt bereik waar die "roller coaster" op pad is boontoe. Vanaf stappe 1-5 in die herstelproses van die mede-afhanklike kan alles a-logies geïnterpreteer word. Daar is af beweeg in die diepste kamers van die siel, geput uit bronne wat die mens nie geglo het wel bestaan nie, maar wat tog deur God voorsien is juis vir hierdie doel.

Logika en rede moes telkens grootliks op die agtergrond beweeg en vanuit die diepste emosies van die mens, waar slegs God ontmoet kan word, moes geleer

word dat vergifnis 'n genadegawe is wat deur God gegee is, sodat dit uiteindelik dan ook vanaf hierdie persoon kan deurvloei na andere in en deur Jesus Christus. Uit eie beweging is die mens hiertoe nie in staat nie.

Wanneer die eerste vyf fases van Hemfelt *et al.* se genesingsmodel dan volledig deurloop is, kan verder beweeg word na fase 6. In hierdie fase verkry die betrokke persoon al meer insigte omtrent homself en sy leefwêreld wat vanuit God en sy Woord geïnisieer word.

5.5.6 Fase 6: 'n Nuwe selfpersepsie volg

In hierdie fase word opnuut gevra: *wie is ek?*

Waar die mede-afhanklike se leefwêreld daaruit bestaan het om negatief omtrent God, die self, sy medemens en sy leefwêreld te dink, moet hierdie persoon nou leer om hierdie denkpatoon te herstruktureer.

In hierdie proses kan hierdie persoon nou begelei word in die opstelling van lyste met betrekking tot:

- Sy persepsies omtrent homself en sy lewe. Op die wyse raak hy bewus van al die negatiewe persepsies wat hy oor homself en sy leefwêreld geïnternaliseer het.
- Daarna moet 'n lys opgestel word van wie en wat hy graag wil wees. Dit moet 'n positiewe, gesonde, realistiese, gebalanseerde lys van boodskappe wees wat die persoon vir homself kan gee. Die mede-afhanklike is geneig tot negatiwiteit - daarom moet die mede-afhanklike gelei word in die opstel van sulke lyste. Ps 18 en Ps 139 kan byvoorbeeld die persoon help om God se opinie omtrent hom te verstaan.
- Verder moet die persoon geleer word om homself te herprogrammeer met nuwe boodskappe. Boodskappe wat byvoorbeeld die volgende inhoud:
 - **Ek mag lewe.** Die mede-afhanklike het geleer dat hy nikswerd is en dus geen bestaansreg het nie.

- **Ek het die reg om te lewe.** Die mede-afhanklike is geneig tot 'n selfvernietigende lewenstyl. Daarom moet die persoon aangemoedig word om die boodskap van *“ek het die reg om te lewe en dit moet vertroetel word”* te internaliseer.
- **Toestemming om suksesvol te wees.** Die persoon moet aan homself die toestemming gee om suksesvol te wees. Die mede-afhanklike is gewoond aan mislukking en dat alles wat aangepak word in 'n mislukking gaan eindig - daarom moet hulle aangemoedig word om klein takies aan te pak en dit tree vir tree suksesvol af te handel.
- **Oor God moet positief gedink word.** Die persoon het geleer dat God nie vertrou kan word nie en dat al sy ellende God se skuld is.

Die genesingsproses is 'n lang en moeisame pad wat baie moeite en inspanning verg. Dit is wat Paulus die oorwinningspad genoem het en dat hy niks van soveel waarde geag het as die oorwinning in Jesus Christus nie (2 Kor 12:2-10; Fil 3:8; 3:7-16).

5.5.7 Fase 7: Nuwe ervarings

Vir talle mede-afhanklikes is hierdie in 'n sekere sin 'n openbaringsfase - die wete dat God daar is en dat Hy vertrou kan word. Die mede-afhanklike besef dat hy die moed het om iets aan te pak omdat God se nabyheid aan hom die nodige sekuriteit gee. Dit vestig dan ook die wete dat daar seergekry gaan word, maar dat dit nie 'n onoorkomelike probleem sal wees nie - die duisternis is reeds deurreis. In hierdie fase word die wete ook geïnternaliseer dat God bereid was om sy “Kosbaarste” te gee ter wille van hom, dat hy as mede-afhanklike geweldig waardevol is en dat dit wat voorlê in God se hande is.

Hierdie fase impliseer verder dat daar aanvanklik eers klein treetjies gegee word in afhanklikheid van God. Algaande neem vertroue en selfvertroue egter toe en raak die mede-afhanklike betrokke by groepe waarin hy glo en op wie hy kan vertrou. Hieronder val byvoorbeeld Bybelstudie groepe, maar veral ook mede-afhanklike groepe wat die vrese, behoeftes, begeertes en negatiwiteit van die mede-afhanklike

verstaan. Binne so 'n groep is daar ander wat die pyn van mede-afhanklikheid ken, verstaan en daarmee kan identifiseer.

Binne sulke mede-afhanklike groepe leer die persoon dat hy al die jare 'n selfbeskermdede dop om homself gebou het en namate vertrouwe nou toeneem is hy in staat om uiteindelik die dop af te breek.

Verdere belangrike faktore wat op hierdie stadium in ag geneem moet word, is die volgende:

Die mede-afhanklike is geneig om betrokke te raak by mense en groepe wat net soveel probleme as hy het en wat dus steeds negatief en disfunksioneel opereer. Die mede-afhanklike op pad na herstel moet gevolglik kieskeurig wees ten opsigte van die groepe waarby hy aansluit en besef dat hy oor sommige negatiwiteite reeds oorwinning behaal het en daarom nie weer in dieselfde slagysters moet beland nie.

'n Tweede faktor wat hier in ag geneem moet word, is die feit dat die helpende professie volgens Hemfelt *et al.* in 'n sekere sin as 'n magneet dien vir persone vanuit disfunksionele agtergronde. Die mede-afhanklike moet gevolglik nie betrokke raak by 'n terapeut wat self nog aan die worstel is met onverwerkte emosionele bagasie vanuit die verlede nie.

- **Grense en integriteit gaan hand aan hand**

In hierdie fase leer die mede-afhanklike ook selfhandhawende strategieë aan. Hieronder val byvoorbeeld die vermoë om duidelike grense te kan stel in sy verhoudings met ander.

Die mede-afhanklike het ook die punt bereik waar hy besluit om nie meer verantwoordelikheid te aanvaar vir ander se moeilike omstandighede nie. Die “people pleaser” rol, voetslaaf, boelie, ens., het nie meer 'n funksie en doel nie omdat die mede-afhanklike geleer het dat Jesus Christus deur God die Vader as Verlosser aangestel is wat Hom ontferm oor die hulpbehoewendes – in Hom kan hierdie persoon dan ook oorwinning verkry oor al die gebondenhede van die verlede.

5.5.8 Fase 8: Nuwe ouerskap (Reparenting)

Meeste volwassenes vanuit disfunksionele ouerhuise het 'n onvermoë om 'n ouer vir hul kinders te wees omdat ouerskapsrolle binne die gesin van oorsprong nie sinvol gedemonstreer is nie. Daarom is dit vir die mede-afhanklike raadsaam om by 'n persoon van sy eie keuse betrokke te raak wat die leemte as ouer sou kon vul. Die surrogaat-ouer se taak is onder andere om die mede-afhanklike se liefdestenk te help vul, veral omdat eie oorlewingsbronne gewoonlik uitgeput of baie laag is.

Gedurende hierdie 'ouerskapsfase' word aanvanklik drie 'ouers' geïdentifiseer wat almal kan bydra om hierdie persoon uiteindelik by 'n punt te bring waar hy genoeg vertrou in homself en in God ontwikkel het om selfstandig sy lewe te bestuur.

Hierdie drie persone is die volgende:

- Die self.
- 'n Ander persoon wat vertrou kan word (mentor).
- God die Vader.

• Die self

Die eerste surrogaat ouer is die self. Die mede-afhanklike het vanuit sy disfunksionele gesinsisteem geleer om disfunksioneel met die self om te gaan. Selfblaming, kritisering, verkleinering is boodskappe wat voortdurend in die brein van die mede-afhanklike geprogrammeer is. Nou moet 'n nuwe positiewe stem in die binneste ontwikkel word en daar moet begin word om positief met die self te kommunikeer. Om dit reg te kry, kan byvoorbeeld 'n lys van negatiewe boodskappe soos in die verlede deur ouers en ander oorgedra is, neergeskryf en die geldigheid en betroubaarheid daarvan bevraagteken word.

• 'n Mentor

Die tweede surrogaat-ouer is iemand soos 'n mentor. Dit moet 'n persoon wees wat die mede-afhanklike pad ken en voltooi het. Hy sou dan met wysheid, liefde en insig goeie raad en leiding kon gee.

So 'n mentor dien as klankbord vir die mede-afhanklike se vrese, vooropgestelde idees, onsekerhede, moedeloosheid en oorwinnings.

So 'n persoon moet as 'n vriend gesien word wat gekontak kan word en wat nie die mede-afhanklike as lastig of hulpbehoewend sal ervaar nie.

Die mentor moet kan raad gee as verkeerde besluite geneem word, ferm kan konfronteer as gekonfronteer moet word en sekuriteit kan gee waar nodig. So 'n persoon help ook om die druk op die mede-afhanklike se pad na herstel weg te reflekteer en te kanaliseer in 'n meer aanvaarbare rigting.

Hierdie persoon moet verder verkieslik van dieselfde geslag wees en enige vorm van misbruik moet onmiddellik aangespreek word.

- **God die Vader**

Die derde surrogaat-ouer is God die Vader – Hy is by uitstek die volmaakte Vader en Ouer.

Die Vader as surrogaat-ouer kan in Sy volmaaktheid die mede-afhanklike se leë liefdestenk tot oorlopende toe vol maak. Die mede-afhanklike moet deur middel van gereelde Bybelstudie en interaksie met mede-gelowiges vasstel wie God is en wie hy, as mede-afhanklike, vir God is.

Toepaslike Skrifgedeeltes hier is onder andere Deut 5; Ef 5 en 6. Wanneer die mede-afhanklike probleme ervaar om God te vertrou of te aanvaar, kan hy begelei word om deur middel van informele gebedssessies met God 'n gesprek te voer.

5.5.9 Fase 9: Rentmeesterskap betreffende verhoudings

In hierdie fase word andere, soos byvoorbeeld die surrogaat-ouer, gevra om die mede-afhanklike se vordering te evalueer, probleme te identifiseer en 'n koerswysiging voor te stel indien nodig.

'n Vraelys kan hier geïmplementeer word waarin bepaal word of nog enige mede-afhanklike gedragspatrone aanwesig is, of die mede-afhanklike homself in 'n

negatiewe, destruktiewe verhoudingsopset bevind en of die mede-afhanklike nog mede-afhanklike geneigdhede toon.

Die surrogaat-ouer sal dadelik die mede-afhanklike se interaksie met ander as gebalanseerd of ongebalanseerd kan evalueer en die vrymoedigheid hê om dit met hom te bespreek.

Ook 'n betroubare vriend sou positiewe insigte kon gee ten opsigte van nuwe verhoudinge en sou in sekere situasies byvoorbeeld kon uitwys indien die mede-afhanklike bloot besig is om sy destruktiewe verlede voort te sit.

Die volgende riglyne sou deur die mede-afhanklike gevolg kan word indien hy onseker voel ten opsigte van sy interaksie met sy medemens:

- **Riglyne ten opsigte van verhoudings**

- Die mede-afhanklike moet sorg dat hy uitgaan met iemand wat op emosionele en morele gebied op dieselfde vlak as hyself is.
- Die mede-afhanklike moet seker maak dat hy na die vorige krisis verhouding ten volle emosioneel gestabiliseer het voordat daar in 'n nuwe verhouding betrokke geraak word.

- **Riglyne ten opsigte van die huwelik**

- Albei partye moet oor gelykmatige outoriteit en kontrole binne die huwelik beskik.
- Behoeftes en begeertes moet op 'n volwasse wyse verwoord word sonder dat een bedreig of geminag word.
- Die seksuele moet as volwasse, gebalanseerd en bevredigend beleef word.
- Emosionele ruimte moet vir mekaar gegee word - dit wil sê, verskille moet toegelaat en volwasse hanteer word.

5.5.10 Fase 10: Instandhouding

Die tipe behoefte rondom instandhouding gaan afhang van die graad van mede-afhanklikheid.

Herstel van mede-afhanklikheid is nie 'n eens en vir altyd aangeleentheid nie.

- **Drie kategorieë van instandhouding**
 - **Daaglikse instandhouding behoeftes**

'n Daaglikse spesifieke tyd vir meditering, gebed en Bybelstudie is noodsaaklik.

Die mede-afhanklike moet spesifiek soek na beloftes van *ouerlike liefde* in die Skrif.

Indien vroeër vasgevang met verslawing, obsessie of kompulsie moet hy daaglikse 'n kort inventaris opstel ten einde vas te stel of die ou weë besig is om terug te kruip.

Elke drie maande moet daar 'n verhoudingsopname gemaak word betreffende vordering al dan nie met betrekking tot alle verhoudinge.

- **Gebruikmaking van ondersteuningsgroepe**

Daar moet ten volle gebruik gemaak word van die waarde en voordele van ondersteuningsgroepe. Dit help die mede-afhanklike om tot die slotsom te kom: *"Ek is nie alleen nie - hierdie mense het antwoorde gevind en ek kan ook."*

'n Langtermyn ondersteuningsgroep is uiters waardevol ten opsigte van talle van die instandhoudings aspekte gekoppel aan die herstelproses.

- **Hersiening van die tien fases**

Die tien fases moet periodiek hersien word. Nuwe krisisse mag vereis dat daar weer deur sekere fases soos byvoorbeeld dié van rou gewerk moet word.

Nuwe misleidende boodskappe moet opnuut geïdentifiseer word.

Nuwe krisisse kan ook ou onverwerkte pyn sneller en dit moet dan hanteer word.

- **God se rol in die herstelproses**

In eie kragte kan daar slegs gevorder word tot op 'n sekere punt en slegs in totale afhanklikheid van God kan daar dan verder beweeg word tot by volle heling.

Mede-afhanklikheid het dikwels 'n intergeneratiewe karakter wat in 'n sekere sin beskik oor 'n 'geakkumuleerde vernietigingswaarde'. In hierdie verband kan 'n genogram van die breëre familie tot groot nut in die terapeutiese proses wees.

Obsessies is geneig om vas te klou en kompulsies weier gewoonlik hardkoppig om bes te gee – later verskyn hulle ook soms onder 'n nuwe masker. Daarom is die mede-afhanklike totaal afhanklik van 'n krag bokant dié van hulself om uiteindelik uit hierdie bese siklus te kan breek. Dit impliseer 'n totale vertrouwe en oorgawe aan die beheer van die Heilige Gees – vir talle mede-afhanklikes is dit 'n skrikwekkende stap gesien teen die agtergrond van soveel teleurstellings met ouers en mense. Met die nodige hulp en begeleiding is dit egter moontlik.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is drie verskillende genesingsmodelle vir die mede-afhanklike persoon onder oë geneem.

- **Filadelfia Opleidingsentrum**

Met betrekking tot die opleidingsmateriaal van die Opleidingsentrum van Filadelfia is daar gefokus op die volgende sinvolle riglyne vir die mede-afhanklike kind:

- Om aan hom vaardighede te leer om probleme op te los.
- Om op 'n effektiewe wyse van opgekropte emosies ontslae te raak.
- Om meer verantwoordelikheid vir homself en sy gedrag te aanvaar.
- Om verhoudings op te bou met volwassenes.

- Om by belange groepe buite die gesin betrokke te raak.
- Om deeltydse werk te doen.
- Om te leer om ouer mense meer te vertrou.

Hulpverlening aan die mede-afhanklike volwassene het onder andere die volgende ingehou:

- Die vermoë om diepgewortelde skaamte, woede, vrees en hulpeloosheid wat reeds tydens die kinderjare geïnternaliseer is, te versorg deur 'n nuwe lewegewende gesindheid, houding en ingesteldheid by die persoon te inisieer.
- Sterk klem is gelê op deelname binne groepsverband ten einde binne die groep tot 'n eie waarde belewenis te kan kom en te leer om die groep te vertrou.
- Die persoon word geleer om probleme te hanteer, om die verlede aan te spreek en af te handel, om homself te ontkoppel van negatiewe en destruktiewe aangeleerde rolle en om te rou oor die pyn en verliese wat gelei is.
- Die persoon word geleer hoe om te vergewe.
- Die persoon moet leer om dit wat agter is, agter te laat (Fil 3:13).
- Met 'n nuwe identiteit, spesiale skeppingsdoel en 'n spesifieke roepingsbewustheid moet hy sy nuwe lewe tegemoet gaan en leef in die volheid van Jesus Christus.

• ABBO

ABBO se genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon glo dat daar eers 'n verhouding met die persoon opgebou moet word. Nadat die persoon se vertroude dan gewen is, kan hy begelei word om insig te verkry in die situasie en ook in die strategieë (gedrag) waarvan hy gebruik maak om beheer oor sy situasie te kry. Hiermee saam kom dan gewoonlik ook insig met betrekking tot die mate waartoe sy

hart verknog is aan sy skat, asook die mate van onwilligheid om enige poging aan te wend om van die probleem of situasie ontslae te wil raak.

In die konfronterings en aktiveringsfase kan die persoon uiteindelik begelei word om af te sien van sy negatiewe en destruktiewe interaksie met homself en andere, en dan begelei word tot verandering.

- **Hemfelt *et al.***

Hemfelt *et al.* se genesingsmodel is die mees omvattendste van die drie modelle.

Dit is 'n praktiese, nuttige en uitvoerbare model waar fokus deurgaans op die tipiese probleme en agtergrond van die mede-afhanklike is. Die klem is dan ook baie sterk op die inoefening van oplossingsvaardighede ten einde die probleme van die verlede die hoof te bied.

Hierdie model is bespreek aan die hand van die volgende tien fases van herstel:

- Fase 1: Eksplorieer en ontdek die probleem.
- Fase 2: Inventaris van verhoudinge.
- Fase 3: Beheer oor verslawings.
- Fase 4: Om die huis te verlaat en totsiens te sê.
- Fase 5: Rou oor verliese.
- Fase 6: Nuwe selfpersepsies.
- Fase 7: Nuwe ervarings.
- Fase 8: Nuwe ouerskap.
- Fase 9: Rentmeesterskap betreffende verhoudings.
- Fase 10: Instandhouding.

5.7 SLOT

In hierdie hoofstuk is die volgende behandel:

Filadelfia Opleidingsentrum, ABBO en Hemfelt *et al.* se genesingsmodelle vir die mede-afhanklike persoon, samevatting en slot

In die volgende hoofstuk, hoofstuk 6 sal van 'n geïntegreerde beradingsmodel, wat saamgestel is uit die genesingsmodelle van Filadelfia Opleidingsentrum, ABBO en Hemfelt *et al.*, gebruik gemaak word om die mede-afhanklike persoon tot identiteitsherstel te begelei. Ook sal van die insigte waartoe daar in die basisteorie (hoofstuk 4), metateorie (hoofstuk 2) en empiriese studie (hoofstuk 3) gekom is, gebruik gemaak word om 'n praktykteorie daar te stel om die mede-afhanklike persoon tot 'n sinvolle verhoudingslewe te begelei.

HOOFSTUK 6

PASTORALE RIGLYNE OM PERSONE MET MEDE-AFHANKLIKHEID TOT IDENTITEITSHERSTEL TE BEGELEI

6.1 INLEIDING EN DOELWIT

Die navorsingsvraag van die studie is: Wat is die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid, en hoe kan persone met mede-afhanklikheid pastoraal begelei word tot identiteitsherstel?

Op grond van die basisteoretiese perspektiewe (hoofstuk 4) in wisselwerking met die metateoretiese gegewens (hoofstukke 2 en 3) gaan daar in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n werkbare en bruikbare praktykteorie te ontwerp. 'n Kritiese interaksie moet tussen teorie en praktyk plaasvind om by 'n praktykteorie te kom wat aan die Skrif getrou is (Heyns & Pieterse, 1998:86). In hierdie kritiese interaksie tussen teorie en praktyk moet die teorie, volgens Heyns en Pieterse (1998:86), ook oopstaan vir bystellings en verstellings. Hierdie praktykteorie moet aan die praktyk getrou wees. Eers wanneer die teoretiese sowel as praktiese aspekte in die praktykteorie ingebou is, kan dit die praktyk opskerp, verbeter, ondersteun en rig. Op dié wyse word die volle sirkelgang van die metode, soos voorgestel deur Zeffass (vgl. 1.7; 4.2, 1974:164) dan tot volle uitvoering gebring.

Teen hierdie agtergrond word daar vervolgens aandag gegee aan die formulering van sekere pastorale riglyne met die oog op die begeleiding tot identiteitsherstel van die mede-afhanklike persoon. Dit sal geskied aan die hand van die volgende afdelings:

- Pastoraat.
- Berading.

- Riglyne vir pastorale berading.
- Samevattende gevolgtrekkings.

6.2 PASTORAAT

Saam met prediking, verbondsonderrig en die erediens vorm pastoraat die studieterreine van die Praktiese Teologie. Praktiese Teologie ondersoek veral die wyse waarop mense die Evangelie aan die kerk en wêreld bedien en waardeur mense in 'n lewende verhouding met God kan lewe (Lotter, 2007:2). Dit is verder die Reformatories-kritiese taak van Praktiese Teologie om deur middel van teorievorming die weg te baan dat 'n gebrekkige praktyk (*praxis*) deur 'n beter praktyk vervang moet word (De Wet, 2006b:7-8).

Volgens Louw (1993:viii) kan die volgende komponente in die pastoraat onderskei word:

- Kommunikasie en verstaan: Daar is 'n ontmoeting en dialoog tussen God en mens in sy konteks, en die verstaan en interpretasie van die konteks in afhanklikheid van die Skrif.
- Konkretisering en handeling: Die heil van God word konkreet aan die mens bedien sodat hy sy gedrag sal aanpas en dit sin aan sy lewe kan gee.
- Bevryding en sin: Pastoraat begelei die mens om so te verander dat hy diens aan ander kan lewer. Pastoraat bedien ook die Evangelie aan mense sodat hulle in 'n verhouding met God kan kom en verder toegerus kan word vir hul roeping in diens van God, en alle struikelblokke uit die weg geruim word wat in die pad van hierdie vol lewe in God se diens staan. Pastoraat bedien die mens as 'n fisies-psigies-geestelike wese. Dit impliseer onder andere dat, al fokus pastoraat op geloofsverandering en geloofsgroei, daar in ag geneem moet word dat geloof deur die tregter van die intellek, emosie, gevoel, persoonlikheid, opvoedingsgeskiedenis, traumas en selfbeeld vloei. Kennis van die totaliteit van menswees is dus nodig om in die pastorale ontmoeting

met werklike begrip en diepgang te werk (vgl. ook Heyns & Pieterse, 1998:1-55; Lotter, 2007:2; De Wet, 2006b:15-16).

6.3 BERADING

Die pastorale ontmoeting geskied deur kommunikasie. Die interpersoonlike gesprek by pastorale begeleiding staan ook bekend as pastorale berading. Pastorale berading is 'n intensiewe en gespesialiseerde vorm van gesprekvoering met individue, pare en gesinne wat worstel met brandende geloofs- en lewensvrae, met probleme in hul verhouding met hulself, met ander en met God (Minnie, 2001:99).

Bybelse berading is 'n Skrifgefundeerde fasiliteringproses waartydens die berader spesifieke vaardighede benut om die beradene te help om meer effektief en selfstandig te funksioneer sodat hy kan antwoord aan sy skeppings- en herskeppingsdoel, naamlik om God te verheerlik (Anon., 1997b:4). Die berader en beradene soek saam God se antwoord op bepaalde lewensprobleme (Hebr 4:12; Jak 4:1-4).

Bybelse berading geskied wanneer gelowiges mekaar versorg, bedien en herders is vir mekaar (Hebr 10:24-25; Hand 2:42; Ef 4:7). Berading is ook die taak van die pastor/berader wat voltyds daarvoor deur God uitgekies en afgesonder word (Venter, 1988:29-37).

Berading het begin met God wat met die mens in gesprek getree het (Gen 1:28, 29, 3:9; Ek 18:15 e. v.). Hierdie gesprek het uitgebrei na konings, priesters en profete soos wat hulle God se Woord in bepaalde omstandighede probeer toepas het. So is berading dag vir dag verder gedra deur predikante, pastore, ouers, broers, familie en vriende en is dit uiteindelik uitgebrei na Bybelse beraders wat in die Skrif onderlê is (Welch, 1997:4).

In vandag se samelewing beleef die mens in 'n groot mate 'n "ek"-berowing en roep hy dikwels, soos die apostel Paulus in wanhoop uit: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (Rom 7:24). Daarom het dit in 'n toenemende mate die taak van die pastorale bediening geword om God op so 'n wyse aan die mens te bemiddel dat hy in staat gestel kan word om 'n sinvolle en kwalitatiewe

bestaan te voer (Louw, 1993:viii).

6.4 RIGLYNE VIR PASTORALE BERADING

Om aan te dui hoe die mede-afhanklike persoon deur pastorale berading tot identiteitsherstel begelei kan word, sal daar van die drie genesingsmodelle, soos uiteengesit in hoofstuk 5 (vgl. 5.3; 5.4 en 5.5), gebruik gemaak word. Hierdie drie is dan dié van die Filadelfia Opleidingsentrum, ABBO asook die model van Hemfelt *et al.* Die riglyne tot identiteitsherstel van hierdie drie modelle sal in afhanklikheid van mekaar gebruik word omdat al drie modelle Bybels is, prakties uitvoerbaar, maklik om te gebruik en die beradene voortdurend betrokke hou by sy einddoel, naamlik geloofsvolwassenheid.

Al drie die modelle maak van verskillende fases gebruik om die mede-afhanklike persoon tot identiteitsherstel te begelei:

6.4.1 Filadelfia Opleidingsentrum

Filadelfia Opleidingsentrum se genesingsmodel bestaan uit die volgende vier fases:

Fase 1: In hierdie fase word die persoon tot selfondersoek begelei deur middel van vraagstelling (waar is ek nou?). Waarom, wat, waaroor, wie, hoe, en waar vrae word in hierdie fase gevra en deur middel van 'n genogram, lewenslyn, en ekokaart word die persoon tot selfontdekking en selfkennis begelei.

Fase 2: In hierdie fase word aan die persoon 'n visie gegee (waar wil ek wees?). Die persoon word gehelp om 'n droom te visualiseer van waar hy graag sal wil wees. Hy word ook gehelp om van blaamverskuiwende gedragspatrone af te sien, eienaarskap te aanvaar vir sy probleme en verantwoordelikheid te aanvaar vir sy lewe en sy gedrag.

Fase 3: Hierdie is die strategie fase (hoe kom ek daar?) waarin daar 'n plan van aksie opgestel word om by die beplande doelwit uit te kom soos gevisualiseer in fase twee. In hierdie verband word tegnieke gebruik om die persoon te help om by die beplande doelwit uit te kom en dit word in 5 stappe uiteengesit:

- Stap 1: die doelwit moet kort en duidelik uiteengesit word.
- Stap 2: die beradene moet self bepaal watter stappe geneem sal word om by die beplande doelwit uit te kom.
- Stap 3: die stappe moet op skrif gestel word en prakties uitvoerbaar wees.
- Stap 4: verbaal moet aan die beradene voorgehou word wat sy plan van aksie is.
- Stap 5: die doel en stappe word weer ge lees sodat die persoon self kan besluit watter stap eerste gevolg moet word ten einde die doelwit te bereik.

Fase 4: Hierdie is die evaluerings fase waar die persoon se vordering geëvalueer word. Daar word bepaal of die persoon by magte was om die onderskeie stappe te formuleer, hoe gemotiveerd hy is, of hy dit kon uitvoer en of hy al sukses behaal het.

6.4.2 ABBO

ABBO se genesingsmodel word ook in vier verskillende fases uiteengesit:

Fase 1: Hier word eers 'n verhouding met die beradene opgebou.

Fase 2: Hier word gepoog om die persoon te verstaan ten opsigte van die situasie waarbinne hy homself bevind, die druk wat daar op hom uitgeoefen word, die strategieë of gedragspatrone waarvan hy gebruik maak om homself binne die bestaande situasie te handhaaf, sy denkpatrone en vrese met betrekking tot die bestaande situasie asook behoeftes en begeertes wat hy toelaat om oor hom te heers ten einde te kry dit wat vir hom belangrik is.

Fase 3: In hierdie fase word die persoon gekonfronteer ten opsigte van alle ander vrese, behoeftes en begeertes asook die feit dat hy sodanige begeerte en behoeftes bokant God en homself stel.

Fase 4: Hier word die persoon geaktiveer tot verandering deur middel van spesifieke riglyne wat neergelê word wat die mede-afhanklike kan navolg op sy weg na identiteitsherstel.

6.4.3 Hemfelt *et al.*

Hemfelt, *et al.* se genesingsmodel word in die volgende 10 fases uiteengesit:

- Die persoon se probleem word geëksploreer.
- Alle verhoudinge waarbinne die persoon homself bevind word ondersoek.
- Die hipnotiese uitwerking van verslawing word aangespreek.
- Hy word geleer om afskeid te neem van alles waarvan daar nog nie afskeid geneem is nie.
- Daar moet gerou word oor verliese.
- Nuwe selfpersepsies word gevestig.
- Die persoon word voorberei op nuwe ervarings en nuwe grense.
- Die aanvaarding van verantwoordelikheid vir homself (om vir homself 'n ouer te wees).
- Rentmeesterskap betreffende verhoudings.
- Riglyne betreffende toekomstige instandhouding.

6.5 VOORGESTELDE GEÏNTEGREERDE BENADERING

Deur middel van die integrering van die bovermelde drie genesingsmodelle asook die inkorporering van insette vanuit die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie gaan daar vervolgens gepoog word om 'n gesamentlike geïntegreerde benadering daar te stel vir die pastorale begeleiding van die mede-afhanklike tot identiteitsherstel. Die voorgestelde riglyne sal in agt verskillende fases uiteengesit word waar die volgende doelwitte nagestreef sal word:

Fase 1: Hier sal gepoog word om 'n sinvolle verhouding met die mede-afhanklike op te bou.

Fase 2: Hier sal die persoon tot insig begelei word ten opsigte van sy probleme.

Fase 3: Hier sal gefokus word op die verslawende siklus.

Fase 4: In hierdie fase sal die persoon gekonfronteer word ten opsigte van verandering.

Fase 5: Hier word die persoon gehelp om te rou oor dit wat agter hom is.

Fases 6 en 7: Hierdie twee fases sal fokus op die opbou van die persoon – hy sal aangemoedig word om uit te vind hoe kosbaar hy as persoon werklik is.

Fase 8: In hierdie fase word die persoon se groei en verandering geëvalueer en word hy ook aangemoedig om die verandering te onderhou met die oog op die langtermyn.

6.5.1 Fase 1: Verhoudingsbou-fase

Persone met verslawings word dikwels deur die samelewing geëtiketteer, vermy en verwerp en vind dit moeilik om hulself aan ander te verbind (vgl. 2.3). In hul destruktiewe gesinsopsette het dié mense geleer om niemand te vertrou en om nie oor probleme te praat nie (vgl. 2.3).

In hierdie fase leer die berader en beradene mekaar ken, respekteer, vertrou en leer hulle hoeveel wedersydse blootstelling aan mekaar toegelaat kan word (vgl. 4.2.9 en 5.4.1).

6.5.1.1 Die verhouding tussen die berader en God

Die vertrouwensverhouding tussen die berader en beradene word versterk as die beradene beleef dat die berader in 'n groeiende verhouding met God staan (Matt 16:24; Matt 28:20), in 'n Geesvervulde verhouding met God leef, onderlê is in die Woord van God, weet hoe om God se stem te onderskei en Sy opdragte gehoorsaam. Die milieu vir effektiewe terapie word verder versterk as die berader verder ook beleef word as 'n persoon wat die gawes, leiding en vrug van die Heilige Gees ken, diensbaar, verdraagsaam, geduldig, warm, hartlik, gebalanseerd, stabiel en standvastig is. Kenmerke soos onpartydigheid, nederigheid, blymoedigheid,

entoesiasme asook 'n gebrek aan dominerendheid en voorskriftelikeheid is ook van besondere waarde in die proses waartydens die beradene op die weg van God begelei word (vgl. 4.2.8 en 4.4.8).

6.5.1.2 Die verhouding tussen die beradene en God

Die mede-afhanklike moet begelei word tot die wete dat hy self ook in so 'n verhouding met God kan staan deur die soenverdienste van Jesus Christus:

- **Vryspreek:** God verklaar die mens regverdig op grond van Jesus Christus se plaasvervangende lewe, dood en opstanding. Die mens kry deel aan Jesus Christus se geregtigheid en heiligheid deur middel van geloof.
- **Aanneming:** God neem die mens as sy kind aan ter wille van Jesus Christus se volmaakte kindskap. Sy kindwees/identiteit word vir die mens geskenk.
- **Heiliging:** God sonder die mens vir Hom af om voltyds en toegewyd aan Hom te lewe en daaglik in geloof en vertroue te groei.

Heiliging gebeur nie sonder regverdigmaking en aanneming nie. God bewerk 'n verhouding tussen Hom en sy kinders en binne hierdie verhouding vind heiliging plaas. Dit is binne 'n verhouding met God dat Hy aan die beradene sê dat Hy hom aanvaar wie en waar hy is, en hom dan wil begelei om voortdurend te verander (vgl. 4.2.8; 4.2.10 en 4.5.4).

6.5.1.3 Die verhouding tussen die berader en beradene

In die verhoudingsbou-fase moet die berader swaar leun op sy luistervaardighede. Nie-verbale gedrag moet noukeurig waargeneem word en blootstelling van die beradene moet vermy word - daarom behoort indringende vrae eers gevra te word namate vertroue groei. Wanneer spanning en angs byvoorbeeld waargeneem word, moet ondersteunend geluister, begrypend aangehoor en gerusstellend onderskraag word (vgl. 4.4.10 en 5.4.1).

Persone wat nie veel liefde en aanvaarding beleef het nie, sal geneig wees tot oppervlakkige bindinge met andere bloot omdat hulle nie intieme verhoudinge ervaar en vertrou nie. As gevolg van die geringskatting van sy persoon (vgl. 2.4.5), met gepaardgaande waardeloosheidsbelewensse (vgl. 2.6.6) sal die mede-afhanklike geneig wees om 'n beradingsituasie wantrouig te benader en dit probeer vermy deur afsprake te kanselleer of uit te stel. Die persoon sal moontlik ook druk uitoefen op die beradingsituasie deurdat hy eers 'n bewys van welwillendheid en betroubaarheid van die berader vereis voordat hy homself tot 'n standvastige verhouding verbind (vgl. 4.4.9).

Die mede-afhanklike kan moontlik die verdraagsaamheid en integriteit van die berader toets deur onrealistiese versoeke tot hom te rig, onbetrokke of rebelse optredes of valse bravade te openbaar of deur te spog oor vergrype in 'n poging om die berader te skok, of sy veroordeling of simpatie te ontlok.

Soms kan 'n beradene van die teenoorgestelde geslag druk op die verhouding plaas deur 'n koketterige houding in te neem bloot om vas te stel of sy die berader nie tot 'n val sal kan bring nie. Die berader moet in hierdie opsig baie geduld en kalmte hê (Spr. 15:1) (vgl. 4.4.9).

Die berader moet besef dat hy met besondere mense te doen het wat unieke vermoëns ontwikkel het om staande te bly in hul besondere omstandighede. Daar moet begryp word dat die mede-afhanklike se vertrouwe in verhoudings oor die algemeen swak is en daarom sal die berader se betroubaarheid, integriteit en Godsvertroue deur die beradene onder druk geplaas word. Die berader moet gevolglik sorg dat sy Godgerigte ingesteldheid onbesproke is (vgl. 2.6.6 en 3.6.2.2.3).

Dit is belangrik dat 'n vertrouensverhouding tussen God en die berader, asook tussen die berader en beradene opgebou word, want deur so 'n verhouding leer die mede-afhanklike dat God geglo kan word ten opsigte van sy beloftes. Op hierdie wyse word dit vir die mede-afhanklike uiteindelik makliker om God te gehoorsaam (vgl. 4.5.3).

6.5.2 Fase 2: Verstaan en eksplorieer die probleem

In hierdie fase word die persoon tot selfkennis en insig begelei ten opsigte van homself en sy interaksie met God, homself, sy medemens en sy omstandighede.

Deur middel van oop vrae (“Hoe ervaar jy jou huwelik?”) word data ingesamel ten opsigte van die persoon se hede en verlede. So word die persoon begelei tot selfondersoek om die diepere wortels van sy probleem te identifiseer. Gebeure van die verlede word in herinnering geroep en gekoppel aan huidige vreemde gedragspatrone wat die mede-afhanklike geïnternaliseer het. Aan die begin van die onderhoud kan ekstensiewe vrae gevra word om die persoon tot selfondersoek te begelei. Dit is die taak van die berader om te luister na die inhoud, emosies en intensies van die beradene en nuuskierigheid, kritiek, ondervraging of veralgemenings te vermy (vgl. 5.4.3 en 5.5.2).

Die doel van die selfondersoek is om die persoon te help in die volgende opsigte:

- Om sy verslawende kompulsiewe en obsessiewe gedrag aan sy huidige lewenstyl te koppel.
- Om die pynvolle aspekte en herinneringe van sy verlore kinderjare onder oë te neem en die moontlike verbande raak te sien met huidige probleemgedrag.

Die belangrikste negatiewe eksterne stressors wat die mede-afhanklike beleef, is die druk wat die verslaafde gesinslid op hom plaas. In Hoofstuk 3 is aangetoon hoe die verslawings van ouers of familieleden druk geplaas het op die mede-afhanklike persoon (vgl. 3.6.2.3.1).

In die lig van hoofstukke 2, 3, 4 en 5 is vasgestel dat familieleden of ouers die behoeftes en begeertes van die mede-afhanklike persoon ontken het (vgl. 2.4; 3.6.2.1-3.6.2.5); die persoon misbruik het vir eie emosionele ontlading (vgl. 2.4); hom sy belewenis van 'n eie “ek” misgun het (vgl. 1.4; 3.6.2.1-3.6.2.5); hy nie begelei is om sy ontwikkelingstake voldoende af te handel nie (vgl. 2.4.1; 2.4.3); dat hy soms onderwerp is aan mishandeling, vernedering (vgl. 2.4.5; 3.6.2.1-3.6.2.5), verwerping, verwaarlosing, rigiede reëls, hoë eise, verlating, egskeiding en misbruik (vgl. 2.4.5);

dat hy weinig vertroeteling, aandag, liefde en aanvaarding ontvang het (vgl. 2.4.1; 3.6.2.1-3.6.2.5); dat sy belewing van sekuriteit, waarde en vermoë bedreig is deur die onstabiliteit van sy gesinsisteem (vgl. 2.4.4; 3.6.2.1-3.6.2.5); dat sterk en stabiele oerleiding dikwels afwesig was (vgl. 2.4; 3.6.2.1-3.6.2.5), dat hy dikwels blootgestel is aan afbrekende kritiek (vgl. 2.4; 3.6.2.1-3.6.2.5), gebrek aan liefde en soms 'n slagoffer van geboortedefekte soos fetale alkoholsindroom.

Verder is aangetoon dat die mede-afhanklike getraumatiseer is deur die afwesigheid van liggaamlike versorging, aanraking (drukkies), belangstelling, aanvaarding, aanmoediging om potensiaal te ontwikkel, uitdaging om moeilike uitdagings aan te pak, dissipline en die stel van toepaslike grense (vgl. 3.6.2.1.1; 3.6.2.2.1; 3.6.2.3.1; 3.6.2.4.1 en 3.6.2.5.1). Die mede-afhanklike is seergemaak deur die aanwesigheid van dominerende, verlating, mishandeling (fisies, emosioneel, verbaal) en seksuele misbruik (aanraking, ontbloting, dade) (vgl. 3.6.2.1.1; 3.6.2.2.1; 3.6.2.3.1; 3.6.2.4.1; 3.6.2.5.1).

Ander verliese of traumas wat die mede-afhanklikes gely het wat betrokke was by die empiriese ondersoek van hierdie studie, was byvoorbeeld die dood van familieleden waardeur die betrokke persoon se sekuriteit in die gedrang gekom het (vgl. 3.6.2.4.1).

Probleme wat die mede-afhanklike in sy **huidige omstandighede** beleef is onder andere die druk wat sy portuurgroep, vriende, familie, huwelik, beroep, finansiële posisie en kinders op hom uitoefen (vgl. 3.6.2.1.1; 3.6.2.2.1; 3.6.2.3.1; 3.6.2.4.1; 3.6.2.5.1).

Toekomstige probleme wat die mede-afhanklike persoon kan beleef, is byvoorbeeld sy vrees dat hy sy werk kan verloor, aftrede, egskeiding, die naderende ouderdom met gepaardgaande geringe inkomstes (vgl. 3.6.2.1.1; 3.6.2.2.1; 3.6.2.4.1; 3.6.2.5.1).

Ook die **interne situasie** van die mede-afhanklike kan 'n prominente stressor wees. Oormatige afskeiding van adrenalien beïnvloed byvoorbeeld die persoon se interaksie met God, homself, sy omstandighede en sy medemens. Uiteindelik dra dit by tot dreinerende van noodsaaklike energievlakke wat eintlik uiters nodig is vir die hantering van eksterne stressors (vgl. 2.7.2 en 4.4.11).

6.5.3 Fase 3: Breek met die verslawende sirkelgang

Wanneer die mede-afhanklike persoon insig kry in die aard van sy probleme en uiteindelik besef dat hyself in 'n groot mate verantwoordelik is vir die negatiewe, destruktiewe, obsessiewe en kompulsiewe gedragspatrone wat hy openbaar, moet die persoon gehelp word om sy probleme te hanteer en om die hipnotiese houvas wat die verslawing op hom uitoefen, te verbreek.

In hoofstukke 2 tot 5 is reeds vasgestel dat die persoon wat in 'n mede-afhanklike verhouding met 'n verslaafde gesinslid staan, tot die volgende gedragspatrone geneig is: Die mede-afhanklike identifiseer homself met die onvolwasse gedragspatrone van sy ouer (vgl. 2.4); hy inhibeer sy eie vermoëns (vgl. 2.4.3); hy gee dikwels waardes, standaarde en doelwitte prys ter wille van aanvaarding (vgl. 2.4); die mede-afhanklike isoleer homself van mense, veral outoriteitsfigure (vgl. 2.5); is eensaam weens gebrek aan kontak met die lewe, en laat die lewe by hom verbygaan (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); die persoon ontsien geen tyd, moeite of geld om ander te help nie (vgl. 3.6.2.2.2); is gewillig om die verantwoordelikheid, skuld, skande en blaam in verhoudings te dra (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2).

Verder is die mede-afhanklike persoon daartoe geneig om mense te manipuleer onder die dekmantel van behulpsaamheid (vgl. 3.6.2.4.2); die persoon is in verhoudings meer in kontak met sy drome oor hoe die verhouding behoort te wees as met die realiteit van die situasie (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); hy voel uitermate aangetrokke tot mense met probleme wat hulp benodig, (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); is 'verslaaf' aan emosioneel gelaaide verhoudings asook emosionele pyn (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); hy is soms geneig om dwelms of sekere voedselsoorte (veral dié met baie suiker) te misbruik (vgl. 3.6.2.2.2 en 3.6.2.5.2); skram weg van verantwoordelikhede teenoor die self (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); is geneig tot hoë stres en depressie in onstabiele verhoudings (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); voel nie aangetrokke tot mans/vroue wat goed, stabiel en betroubaar is en heel dikwels wel in hom belangstel (vgl. 2.3; 3.6.2.1.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); het 'n oorontwikkelde sin vir verantwoordelikheid en gee makliker om vir ander as vir die self. So word eie foute gekamoeleer (vgl. 3.6.2.1.2;

3.6.2.3.2 en 3.6.2.4.2). Die persoon verwar liefde en jammerte en is geneig om mense “lief te hê” wat hy kan bejammer en kan “red” (vgl. 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); die persoon se emosies is tydens sy traumatiese kinderjare “gevroes” en is gevolglik nie in staat om hieraan uitdrukking te gee of dit te ervaar nie omdat dit so uiters pynlik is – gevolglik leef die mede-afhanklike in ontkenning (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2 en 3.6.2.5.2); hy oordeel die self genadeloos (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); het weinig motiveringskrag, vaardighede en dryfkrag om inisiatief te neem – tree eerder reaktief as pro-aktief op (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); ervaar onidentifiseerbare vrese en angstigheid (vgl. 3.6.2.2.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2); sit die patologiese sisteem van ’n siek ouerhuis in sy eie gesin voort en loop dus die gevaar om die verslawingsiklus te herhaal waardeur ’n volgende geslag van mede-afhanklikes uiteindelik gegenereer word (vgl. 3.6.2.1.2; 3.6.2.2.2; 3.6.2.3.2; 3.6.2.4.2 en 3.6.2.5.2).

Wanneer die behoefte aan aanvaarding on vervuld bly, word die mede-afhanklike ’n veeleisende en bemoeisieke persoon, wat homself en ander dreineer in sy soeke na aandag, liefde en aanvaarding.

Teen hierdie agtergrond moet die beradene gevolglik gelei word om sy reaksie teenoor ander te sien as sy eie gedrag en om dan ook verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die oorsaak van die mede-afhanklike se verslawingsgedrag nie bloot die situasie is waarbinne die persoon homself bevind nie. Die mens is nooit ’n blote slagoffer van stressore soos tekorte in die liggaam, opvoedingstraumas, moeilike omstandighede, veranderinge of verliese nie. Die oorsaak van ’n verslawing soos mede-afhanklikheid is ten diepste die mens se hart wat oorheers word deur ’n begeerte na identiteit (sekuriteit, waarde en krag) buite God (vgl. 4.2.6; 4.4.2; 4.4.6 en 5.4.7).

Die volgende is voorbeelde wat aandui hoe die mede-afhanklike se verslawingsgedrag deur begeertes gemotiveer word:

- Oorgedienstigheid deur die mede-afhanklike wat spruit uit ’n soeke na goedkeuring.

- Manipulasie deur 'n jaloerse persoon word heel dikwels gedryf deur vrees vir verwerping.
- In 'n onvolwasse romantiese verhouding word die eie waarde afhanklik gemaak van die insette van die maat.

Dit is vervolgens die taak van die berader om die beradene te begelei om sy eie gedrag te ondersoek. Dit gaan hier oor hoe die beradene oor homself, ander en sy situasie dink. Die denke is dikwels nie in ooreenstemming met Bybelse beginsels nie. 'n Persoon se denke bestuur, organiseer en struktureer sy lewe. Elke mens se gedrag word gemotiveer deur sy begeertes (dit wat hy graag wil hê) asook vrese (dit wat hy nie wil hê nie). Die berader kan in hierdie opsig veral van hoekom-vrae gebruik maak om die wortels van ongesonde en onbybelse denkstrukture te identifiseer (vgl. 4.4.9).

Wanneer die mede-afhanklike tot insig van sy probleem gekom het en verstaan waarom hy tot 'n verslawende gedragspatroon geneig is moet die persoon gehelp word om beheer oor sy verslawing te kry. Dit is 'n komplekse fase omdat die verslawende substans of gewoonte oor jare 'n houvas op die persoon gekry het en dit vereis volgehoue aandag, versorging en ondersteuning om die persoon uiteindelik uit die hipnotiese sirkelgang te bevry. Bevryding vanuit eie krag is dan ook nie moontlik nie aangesien langtermyn standhoudende verandering slegs moontlik is indien die persoon progressie toon ten opsigte van sy verhouding met God, en daardeur met homself, ander mense en sy omstandighede (vgl. 5.5.3 en 4.6.10).

Die verslawende hipnotiese houvas wat die verslawing op die persoon het kan terapieë soos volg hanteer word (vgl. 5.5.3).

- Tydelike skeiding van die gesin van oorsprong of gesinslid word aanbeveel.
- Seksuele interaksie met mekaar moet soms op 'n tydelike basis ingeperk word om manipulering, beheer of misbruik te voorkom.
- Respek moet betoon word vir mekaar se grense.
- Viktimisering van watter aard ook al moet getermineer word.

- Blaamverskuiwing moet vermy word.
- Buite-egtelike verhoudinge moet onmiddellik getermineer word.
- Obsessiewe en kompulsiewe gedragspatrone moet deur middel van berading hanteer word.
- Negatiewe gedragspatrone en ingesteldhede moet hanteer word.

6.5.4 Fase 4: Konfrontering

In die konfronteringsfase moet die mede-afhanklike begelei word om te verander met betrekking tot sy verhouding met God, homself, ander mense en sy omgewing. In hierdie fase word vervolgens 'n plan van aksie opgestel waarin die insigte waartoe die beradene gekom het, geïmplementeer moet word. Berading is nie afgehandel wanneer die persoon tot 'n bepaalde insig gekom het nie, maar wel wanneer hy geleer het om die nuutgevonde en Geesgedrewe gewoontes in sy alledaagse lewe te implementeer.

In hierdie fase moet die persoon gevolglik gekonfronteer word ten opsigte van sy negatiewe, destruktiewe lewenstyl, gedagtes en gewoontes en word die Heilige Gees vertrou om in al groter mate betrokke te wees by 'n totale herstel van innerlike identiteit.

Die diepste nood van die mede-afhanklike is sy afhanklikheid aan sy "verlossers" (al sy krukke en ankers van die verlede) en daarom gebruik God die berader as instrument om Homself aan die hulpbehoewende te openbaar en sodoende stelselmatig verandering te bewerkstellig.

Die mede-afhanklike persoon se probleem is die feit dat hy in talle gevalle die beheer van sy lewe aan die verslaafde gesinslid oorgegee het. Daarom moet die berader met die beradene deel wie God-drie-enig werklik is. Hy is die enigste ware God. Hy deel sy soewereine heerskappy oor die skepping en oor sy kinders met niks en niemand nie - Hy eis dat mense Hom onverdeeld sal dien (Eks 20:1-6; vgl. 4.3.1; 4.4.1; 4.5.1; 4.6.1 en 5.4.7).

Die persoon met mede-afhanklikheid word vervolgens aangemoedig om Christus se verdienste (vryheid, oorwinning, sekuriteit, waarde en krag) toe te eien. Hy moet sy nuwe (wedergebore) identiteit aanvaar en besef wie hy eintlik vir God in Christus is (vgl. 4.5.4 en 5.4.7).

In hierdie fase moet die mede-afhanklike persoon ook leer en begelei word om afskeid te neem van verhoudings wat tot dusver negatief en destruktief ingewerk het op sy interaksie met homself, God en andere. Daar moet vervolgens emosioneel en geestelik afskeid geneem word van alle ongesonde gesinsisteme en persepsies waaraan tot dusver nog vasgehou is – in sommige gevalle sal selfs fisiese verlating en afskeid nodig wees. Volwassewording, selfstandigwording en onafhanklikwording word aan dié verlating gekoppel en is onontbeerlik vir groei na geestelike volwassenheid (vgl. 5.5.4).

Verder moet afskeid geneem word van alle vals sekuriteite wat geïmplementeer is om die vakuum, wat deur onbetrokke ouers gelaat is, te vul. Dit is weereens 'n moeilike fase, want met die vals sekuriteite is oor die jare 'n emosionele band opgebou - om dit te verlaat en afskeid te neem, verg baie inspanning en dissipline.

Die persoon moet sy lewe onder God se beheer versterk deur byvoorbeeld in te skakel by 'n ondersteuningsgroep vir mede-afhanklikes; aktief deel te neem aan die aktiwiteite van 'n kerk; gereeld Bybelstudie te doen; 'n gedissiplineerde lewe te lei deur reg te eet, slaap, oefen, werk en ontspan. Daar moet ook gepoog word om die verslaafde gesinslid by die Bybelse berading te betrek. Dit mag selfs wees dat die mede-afhanklike uiteindelik kies om te breek met die verslaafde gesinslid en dan moet die berader die persoon begelei deur hierdie proses.

Dit is die taak van die berader om die beradene te begelei tot insig en beoefening van vertroue in God deur Jesus Christus (Jer 17:5). Die mens wat op homself of ander mense vir sy waarde vertrou, beleef 'n onvermoë om homself sinvol in verhoudinge te ontplooi. In die plek van die begeerte om sy identiteit deur ander mense te laat bepaal, moet die begeerte nou wees om eerder uit en deur en tot God alleen te lewe

Die mede-afhanklike moet ook aangemoedig word om afstand te doen van die volgende:

- Om te verwag dat God en ander sy verantwoordelikhede moet nakom.
- Om meer te wil doen as wat nodig is.
- Om te veel van homself te verwag.
- Om te hoë en onbereikbare doelwitte te stel (vgl. 5.3.2.2 en 5.5.4).

6.5.5 Fase 5: Die rouproses

Die verwerking van 'n traumatiese verlede is 'n proses waarvoor daar baie tyd toegelaat moet word en ten opsigte waarvan spesifieke begeleiding dikwels ook nodig is. Tydens hierdie proses is die krag van voorbidding ook waardevol en dit is raadsaam om op 'n ondersteuningstruktuur in hierdie verband staat te maak.

In die rouproses ervaar die persoon oor die algemeen die frustrasie van hulpeloosheid, magteloosheid, woede, pyn, roumart en droefheid. Emosies soos hierdie moet een vir een deurgewerk word en wanneer sekere gebeure ontken word, kompliseer dit net die proses. Heel dikwels word sekere aspekte van die verlede ontken en eers wanneer die persoon gehelp word om die werklikhede te erken, kan die rouproses vorder. Onderliggend aan die aksie van ontkenning is heel dikwels die mens se inherente vrees vir skeiding, isolasie, verwerping en eensaamheid. Tydens die rouproses moet hierdie persoon die harde werklikheid konkreet in die oë staar en konfronteer.

Betreffende die rouproses, wat normaalweg in verskeie fases verloop (vgl. 5.3.2.2 en 5.5.5), is dit noodsaaklik dat elke fase behoorlik deurgewerk moet word – veral dan ook die depressie fase. As dit nie behoorlik deurgewerk word nie kan dit tot gevolg hê 'n jarelange laegraad depressie.

Die rouproses het 'n sterk terapeutiese invloed as gevolg van aspekte soos die volgende:

- Wysigings moet gemaak word ten opsigte van bestaande verhoudings en lewenswyses. Verantwoordelikheid word tydens hierdie fase aanvaar vir keuses wat gemaak word en die keuses is gewoonlik realisties en

haalbaar. Nuwe keuse word uitgeoefen met betrekking tot die rigting, koers en doel van die persoon se lewe.

- 'n Nuwe visie word gevorm ten opsigte van die sin van die lewe en die toekoms.
- In die proses leer die persoon om op God te steun, om homself versigtig vir mense te begin oopstel, en mense se warmte en omgee toe te laat.
- 'n Nuwe persepsie van geloof word gevorm deurdat:
 - Die persoon verlies begin sien as deel van God se ingryping in die lewe van die mens.
 - Die persoon groei tot 'n diepere insig ten opsigte van “sterwe in Christus” en “opstaan in 'n nuwe lewe met Christus.”
 - Die persoon leer om te leef vanuit God se beloftes.
 - Die persoon leer om sy verhouding te herwaardeer en in afhanklikheid van die Vader toenadering tot sy medemens te soek sonder om deur hulle oorweldig te word of in beheer te wil wees.
 - Die persoon se sin vir waardes word hervorm en getransformeer.
 - Die rouproses het heiligmaking en geestelike verdieping tot gevolg (vgl. 4.6.9; 4.6.10; 5.3.2.2 en 5.5.5).

6.5.6 Fase 6: 'n Nuwe selfpersepsie

Die persoon wat worstel met mede-afhanklikheid dink soms God is die oorsaak van sy lewenschaos en verval dan in 'n passiewe, negatiewe bestaan. Of hy dink God is klein, bestaan nie of is nie gemoeid met sy probleme nie (vgl. 1.3.5).

Die mede-afhanklike moet in hierdie opsig begelei word om sy ou aangeleerde denke omtrent homself af te lê en 'n nuwe denkpatroon aangaande homself te integreer – dit alles in afhanklikheid van God se opinie van hom. Die persoon moet leer dat hy 'n nuwe mens is en dat die volgende nou van toepassing is op hom:

- Dat hy deur God geskep is as sy beeld en met eer en heerlikheid gekroon is.
- Dat hy in Christus kind van God is wat deur die geloof deel het aan die nuwe identiteit wat Jesus Christus vir hom verdien het.
- Dat hy 'n unieke potensiaal het wat hy met God se hulp kan ontwikkel.
- Dat hy meer as oorwinnaar is omdat God groter is as die Bose.
- Dat hy nie 'n slagoffer van sy omstandighede is nie, maar 'n koning wat moet heers.
- Dat hy sy lewe doelgerig en sinvol kan inrig volgens sy skeppingsdoel.
- Dat hy in Jesus Christus waardevol en kosbaar is en dat sy waarde nie bepaal word deur geleerdheid en ander prestasies nie.
- Dat hy met vertroue kan optree in die krag van die Heilige Gees.
- Dat hy kan uitsien na die toekoms, en uiteindelik ook die hiernamaals (vgl. 4.2.10; 4.5.8; 4.6.4; 4.6.9 en 5.4.5).

Die berader moet die mede-afhanklike wat homself onderwaardeer, begelei om te besef dat hy waarde in Jesus Christus het. Hy moet positiewe selfkommunikasie ontwikkel en waak teen selfveroordeling.

Tydens hierdie fase kan lyste opgestel word van alle negatiewe boodskappe wat deur die jare deel van die mede-afhanklike se verwysingsraamwerk geword het. Die boodskappe moet een vir een onder oë geneem word en die geldigheid daarvan moet telkens bevraagteken en geëvalueer word. Hierteenoor moet nuwe lyste, met God se opinie aangaande hom, opgestel word en met begeleiding van die berader moet die nuwe boodskappe geïnternaliseer word.

Tydens hierdie hele proses is dit deel van die taak van die berader om die beradene aan te moedig om die Heilige Gees toe te laat om sy denke te vernuwe. Die mens het nie beheer oor sy situasie van die verlede of die hede nie, maar wel hoe hy

daaroor dink - sy denke kan gevolglik sy uitkyk op die lewe negatief of positief beïnvloed.

Die beradene en berader stap saam die pad van oorwinning en vrymaking van negatiewe gedagtes en gesindhede totdat die persoon uiteindelik in staat is om selfstandig verantwoordelike gedagtebeheer te beoefen onder leiding van die Heilige Gees (Gal 5:2). Die beradene se gedagtes moet daaglik gevul word met God se gedagtes vanuit die Woord (Fil 4:8) en hy moet begelei word om vanuit God se perspektief na sy situasie te kyk.

In hierdie proses moet die beradene begelei word tot die uitlewing van sy nuwe identiteit deur aspekte soos die volgende toe te pas:

- Respek te hê vir eie behoeftes en begeertes wat beheer word deur God.
- Te aanvaar dat God van ander verwag om hom te respekteer sonder om deur die verwagting oorheers te word.
- Te sê wat hy dink en hoe hy voel en negatiewe emosies nie onnatuurlik vir te lank onderdruk nie.
- Homself nie meer te laat intimideer en manipuleer nie.
- Nuwe grense te stel en hom desnoods los te maak van chaotiese en ontwrigtende verhoudinge.

Heel dikwels worstel mede-afhanklikes vanuit disfunksionele gesinne met ou aangeleerde gedrag soos byvoorbeeld gevoelens van skaamte oor hul ouers se verslawing, hul eie liggaam en klere en oor hul blote daar-wees. In sulke gevalle moet die mede-afhanklike begelei word om die oorsake van sy skaamte te ontdek, dit as 'n werklikheid te erken en dit volwasse en verantwoordelik in afhanklikheid van die Heilige Gees in die oë te kyk en te verwerk. Dit het gewoonlik 'n bevrydende effek wanneer skuld en skaamtegevoelens hardop voor God bely word, sonder selfverontskuldiging – daarna moet God se vergewing daarvoor aanvaar word (vgl. 4.5.6; 4.5.8; 4.6.9 en 5.3.2.1).

6.5.7 Fase 7: Nuwe ervarings

In hierdie fase moet die mede-afhanklike gehelp word om al die nuwe besluite wat in fase ses ten opsigte van die nuwe mens geneem is, in die praktyk laat realiseer.

Wanneer die mede-afhanklike **hulpelose gedragsspatrone** openbaar, soos om voortdurend verskoning vir groepsessies aan te bied, chronies laat is, altyd voel dat hy beter kon gedoen het, besluiteloos en sonder dryfkrag is, voortdurend van werk verander en geneig is om te disintegreer onder die geringste teenkanting of probleem, moet die persoon begelei word tot deurslaggewende besluite ten opsigte van sy gedrag teenoor ander mense.

In hierdie proses moet hy leer om klein treetjies op die pad na herstel te gee. Die mede-afhanklike is deur die jare soveel kere teleurgestel, geminag en verwerp en uiteindelik het hy geleer om niemand te vertrou nie. Hierdie vertroebelde vertrouensverhouding met ander moet gevolglik stadig weer opgebou word deur versigtig elke verhouding te benader en versigtig die self stelselmatig bloot te stel.

Hierdie hele proses motiveer die persoon gewoonlik tot 'n groter mate van selfdisipline. Dit hou onder ander ook in dat die individu die Heilige Gees toelaat om meer en meer beheer uit te oefen – een gevolg hiervan is dat die persoon meer in staat gestel word om doelgerig, taakgerig en teikengerig sy roeping uit te leef.

Die Heilige Gees leer die individu om verantwoordelikheid te neem vir sy eie emosies en reaksies en nie byvoorbeeld ouers en andere te blameer vir sy negatiewe en destruktiewe gedrag nie. Die individu moet verder leer om gehoorsaam te leef en die toepaslike reëls na te kom in elke situasie. Wanneer die individu geleer het om so in afhanklikheid van Jesus Christus en sy Gees te lewe, beïnvloed dit uiteindelik die biochemiese balans in die liggaam en gee dit aanleiding tot 'n kalm gemoed en emosionele stabiliteit (vgl. 4.6.7, 8, 9, en 10; 5.5.6 en 5.5.7).

6.5.8 Fase 8: Verhoudings en ondersteuningsgroepe

Elke mens is geskape met 'n inherente behoefte aan 'n verhouding. Die mede-afhanklike het egter oor die jare geleer dat hy nie goed binne verhoudings funksioneer nie. Die gevolg is dan gewoonlik dat hy 'n selfopofferende,

selfhandhawende of ontrekkende verhoudingstyl inneem en dat dit dan negatief inwerk op sy interaksie met sy medemens. Daarom moet daar nou vir die mede-afhanklike nuwe verhoudingsbou-vaardighede aangeleer word. Die mede-afhanklike se grense ten opsigte van sy self- en menswees is talle kere in die verlede geïgnoreer en verwerp en daarom is dit nodig dat die persoon sal leer wat vir hom binne 'n gegewe opset aanvaarbaar sal wees en wat nie.

Gesonde verhoudings beskik oor die volgende basiese kenmerke:

- Mense is afhanklik van mekaar.
- Mense aanvaar mekaar.
- Mense kommunikeer met mekaar.
- Mense het die reg om keuses uit te oefen.
- Mense moet verantwoordelikheid vir die self aanvaar.
- Mense moet toegelaat word om hul eie waardesisteem uit te leef.
- Mense is daarop geregtig dat hul menswaardigheid erken sal word.

In die lig hiervan moet die volgende verhoudingsbou-vaardighede aan die mede-afhanklike geleer word:

- Wedersydse respek is noodsaaklik.
- Die noodsaaklikheid van samewerking met andere.
- Die belangrikheid van die gee van empatie waar nodig.
- Opregte belangstelling en openheid laat andere onder die indruk van jou opregte bedoeling kom.
- Die belangrikheid van selfopenbaring
- Die persoon moet leer om te onderskei tussen 'n persoon en die probleem van die persoon.

- Verder benodig enige naby verhouding voortdurende herversekering van trou, vertroue en voortgesette bystand.
- Dit is die taak van die mede-afhanklike om sy verhoudings versigtig te hanteer en daarteen te waak om andere te wil plesier of te wil manipuleer. In hierdie opsig vervul die berader 'n belangrike rol deur aan die persoon riglyne te gee ten opsigte van sy interaksie met andere – weereens gaan dit om klein treetjies totdat vertroue en ook selfvertroue hervestig is.
- Verder word die persoon aangemoedig om sy nuutgevonde vryheid in stand te hou deur daaglik in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te verkeer en voortdurend raad van Hom te vra (vgl. 4.6.9 en 5.5.7).

6.5.8.1 Instandhouding

Met betrekking tot instandhouding word die volgende drie kategorieë aanbeveel:

- **Daaglikse instandhouding**

Dit hou in dat daar daaglik met God gekommunikeer sal word oor allerlei gebeurlikhede en take wat aangepak sal word. Verder moet voortdurend inventaris gehou word van ou gedragsspatrone wat moontlik mag opduik, evaluering van verhoudinge met andere, en of behoorlik beheer verkry is oor verslawende substansie.

- **Gebruikmaking van ondersteuningsgroepe**

As deel van die genesingsproses is groepsondersteuning gewoonlik van groot waarde. Binne die groep leer die mede-afhanklike dat daar andere is wat dieselfde pyn as hy beleef het, dat sommige verder as hy op die pad van herstel is en dat andere selfs nog agter hom is. Verder leer hy dat hy in die groep 'n bydrae het om te maak, dat hy by ander kan leer, dat hy 'n keuse kan uitoefen ten opsigte van hoeveel hy bereid is om te gee en dat hy 'n oorwinnaar oor omstandighede kan wees.

Die groepe se beginsels is oor die algemeen grootliks geskool op Alkoholiste Anonim se 12 stappe van herstel. Die sekuriteit wat die groepe gee kan van groot waarde wees vir die mede-afhanklike wat sy lewe lank so intens op soek was na sekuriteit. Bybelstudiegroepe se waarde is ook onontbeerlik.

Beginsels wat oor die algemeen in sulke ondersteuningsgroepe geld is byvoorbeeld die volgende:

- In die groepe word persone slegs op die voornaam genoem.
- Stoele word gewoonlik in 'n sirkel gerangskik.
- Die warmte en vriendelikheid is baie ondersteunend.
- Die mense word aangemoedig om hul pyn, leed en oorwinnings te deel.
- Daar is 'n doelgerigtheid binne so 'n groep wat 'n sterk motiveringskrag aan die mede-afhanklike gee.
- Die mede-afhanklike bepaal self hoeveel hy van homself aan die groep wil openbaar.

○ **Hersiening van al die fases**

Dit is nodig dat voortdurend inventaris gehou sal word van moontlike terugvalle en gedragspatrone wat ongemerk weer hul verskyning mag maak. In sulke gevalle is dit soms nodig om weer terug te beweeg na van die vorige fases en weer deur die proses te werk. Soms kom aspekte na vore wat vantevore vergeet is en dan moet daar byvoorbeeld weer deur die roufase gewerk word indien dit om 'n verlies gegaan het.

6.5.9 Spesifieke riglyne tot herstel van mede-afhanklikheid aan die deelnemers van die empiriese ondersoek

In hierdie gedeelte word enkele riglyne gebied met betrekking tot die deelnemers aan die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3). Al die deelnemers moet aangemoedig word om hul mede-afhanklike identiteit teenoor God te bely en hul nuwe identiteit in Jesus Christus op te neem.

6.5.9.1 Riglyne vir deelnemer A (vgl. 3.6.2.1 en 2.5)

- Sy moet gefasiliteer word om haar ware identiteit in die Here op te neem in die plek van haar maskerlewe.
- Sy moet gehelp word om te verstaan dat sy nie verantwoordelik is vir ander se geluk of ongeluk nie.
- Sy moet geleer word om te onderskei tussen ware en valse skuld.
- Sy moet verstaan dat sy die reg en verantwoordelikheid het om van ander te verskil.
- Sy moet begelei word om haar werklikheid te aanvaar en nie te vlug nie.
- Sy moet haar emosies verstaan, ontleed en sinvol verwerk.
- Sy kan aangemoedig word om 'n dagboek te hou waarin sy opteken wanneer sy in 'n fantasiewêreld invlug en watter denke en begeertes dit veroorsaak.
- Sy kan 'n lys opstel van al die persone van wie sy oorafhanklik is. Voel sy bedreig as hulle selfstandig en onafhanklik van haar begin funksioneer? Is sy geneig om boek te hou van die kwaad, dit wil sê is sy ingestel op die foute en tekortkominge van andere en hulle dan daaraan vas te maak?

6.5.9.2 *Riglyne vir deelnemer B (vgl. 3.6.2.2 en 2.5)*

- Sy moet geleer word om klein takies aan te pak om sodoende haar verantwoordelikeheidsin te ontwikkel en vertroue in haar eie vermoë te laat ontwikkel.
- Sy moet leer om die werklikheid in die oë te kyk en nie in wensdenkery te verval nie.
- Deur middel van vraelyste kan dié deelnemer begelei word om haarself en haar gedrag beter te leer ken (vgl. 2.5; 2.7.1).
- Sy moet begelei word om haar vrees vir verwerping te vervang met vertroue dat God haar in Christus aanvaar.
- Omdat deelnemer B sukkel om met haar medemens klaar te kom, kan sy drie van die verhoudingsprobleme wat sy met haar bure ondervind neerskryf: Met wie kom sy nie klaar nie, hoekom nie, en wat gaan sy doen om die probleem op te los.
- Probleemoplossingsvaardighede kan vir haar aangeleer word en deur middel van rolspel kan vaardighede ingeef word om haar te leer hoe om haarself in 'n moeilike situasie te handhaaf.
- Sy kan aangemoedig word tot deeltydse werk.
- Sy kan aangemoedig word om by 'n gebedskring aan te sluit waar andere baie by haar kan leer omdat sy baie het om te gee.
- Daar moet gebou word op deelnemer B se bestaande sterk punte. Sy het vroeg in haar lewe uitsonderlike talente ontwikkel en moet aangemoedig word om dit ook in ander se belang aan te wend.

6.5.9.3 *Riglyne vir deelnemer C (vgl. 3.6.2.3 en 2.5)*

- Sy moet gelei word om haarself nie as sleg of 'n mislukking te beleef waar sy geforseer voel om ander tevrede te hou met prestasies nie.

- Sy moet besef dat haar prestasies nie die ouers se probleme gaan oplos nie.
- Sy moet leer en aanvaar dat haar prestasie nie aan haar waarde gee nie, maar wel dit wat Jesus Christus bereik het vir haar. In God se oë is sy kosbaar.
- Sy moet gelei word om die beangste kind binne in haar te ontdek, haar disfunksionele rolle te identifiseer en in afhanklikheid van die Heilige Gees tot 'n geestelik volwasse persoon te ontwikkel.

6.5.9.4 *Riglyne vir deelnemer D (vgl. 3.6.2.4 en 2.5).*

- Dit is nodig om die persoon terug te begelei na al haar verhoudinge binne haar gesin van oorsprong. Waar daar aktiewe en passiewe misbruik plaasgevind het wat destruktief ingewerk het op haar emosionele ontwikkeling, moet dit versorg word deur onder meer die emosie sirkel (Bylaag C) saam met haar deur te werk (2.4; 2.4.5; 5.5.3.3; 2.4 en 2.4.5).
- Die “controller” moet tot insig van haar manipulerende gedragspatroon begelei word. Sy het vir jare in hierdie gedragspatroon volhard en besef nie dat dit destruktief inwerk op haar en ander se leëwêrelde nie.
- Sy moet God se vergifnis vra vir haar gedragspatroon om ander te wil beheer.
- Sy moet gelei word om ander om verskoning te vra omdat sy haar gesag op hulle probeer afdwing het.
- Sy moet ander vra om haar te help om haar kontrolerende en manipulerende gedragspatroon raak te sien, daaraan te werk en dit te oorwin.
- Sy moet leer om nie mismoedig te word as dit tyd neem om die probleme onder die knie te kry nie.

- Sy moet herhalende gedragspatrone by haarself waarneem, veral waar sy binne 'n verhouding geneig is om haar identiteit en waarde deur ander te laat bepaal.
- Sy moet begelei word tot insig in haar eie gedrag sover dit haar behoeftes, vrese en verwagtinge binne 'n verhoudingsituasie betref (vgl. 2.3).
- Sy moet die verhouding wat haar ouers met mekaar gehad het evalueer en probeer vasstel of daar paralelle is met die verhouding wat sy huidiglik met haar eie huweliksmaat het.

6.5.9.5 *Riglyne vir deelnemer E (vgl. 3.6.2.5 en 2.5)*

- Hy moet begelei word tot 'n stewiger binding met God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees in wie sy sekuriteit, waarde en vermoë geleë is. Hy laat toe dat ander hom beheer en daarom is dit nodig dat hy begelei word om vas te stel wie hy in Christus is.
- Hy moet geleer word om sy skuld en skaamte te verwerk, verantwoordelikheid vir homself en sy gedrag te aanvaar en hom te distansieer van sy bemagtigings of “enabler” rol.
- Hy moet erken dat hy beheer word. Vrede moet met ander nagestreef word, maar nooit ten koste van die self nie (Rom 12:16).
- Hy moet opstaan en die “controller” liefdevol konfronteer en duidelik maak watter gedrag vir hom onaanvaarbaar is.
- Wanneer 'n onaangename situasie ontwikkel, moet die persoon opstaan en homself tydelik van die toneel onttrek sodat albei partye kalmte kan kry asook tyd om opnuut hul eie gedrag te ondersoek.
- Die persoon moet standpunt inneem ten opsigte van sy nuwe optrede teenoor die “controller” en konsekwent daarin volhard.
- Die persoon moet vasstel op watter wyse hy ook deur ander beheer word. Is dit deur stiltes, woede, trane, skuld, dreigemente?

- As vrees die wyse is waardeur hy by geleentheid sy boodskap aan die “controller” kan oordra, dan moet hy daarvan gebruik maak.
- Albei partye moet mekaar in liefde tyd en ruimte gee om verandering te laat plaasvind.
- Gebed is noodsaaklik wanneer enige veranderinge gemaak moet word. Bid vir die persoon wat gekonfronteer word en bid vir die self dat daar die nodige krag en liefde sal wees om te volhard om verandering te laat plaasvind, dit toe te eien, en te respekteer.

6.6 SAMEVATTING

Die doel met Hoofstuk 6 was om die verskillende teorieë en insette aangaande die identiteitvorming van die mede-afhanklike persoon wat in hoofstukke 2, 3, 4 en 5 geformuleer is, te integreer ten einde praktykteoretiese riglyne te ontwikkel waarmee die mede-afhanklike persoon pastoraal begelei kan word tot identiteitsherstel en geestelike groei. Riglyne is aan die hand van agt verskillende fases geformuleer vir berading aan die mede-afhanklike wat 'n disfunksionele identiteit gevestig het.

In die **eerste fase** is sterk klem gelê op die **bou van 'n verhouding** met die mede-afhanklike persoon. Persone met 'n verslawing, waaronder mede-afhanklikheid, word dikwels deur die samelewing vermy en verstoot en vind dit moeilik om hulself aan andere te verbind. In hierdie fase word 'n verhouding met die mede-afhanklike persoon opgebou deur onder meer die persoon lief te hê, te aanvaar en te respekteer. Daar is gelet op die verhouding wat daar bestaan tussen God en die berader, die beradene en berader, en God en die beradene.

Deurentyd is gepoog om 'n vertrouensverhouding te modelleer teenoor die mede-afhanklike deurdat die berader self streef na die handhawing van 'n intieme verhouding met sy Hemelse Vader - sodoende word die beradene aangemoedig en gelei om self in 'n groeiende verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees betrokke te raak.

In die **tweede fase**, die **verstaansfase**, word die persoon gelei om insig te verkry in sy probleem, waar dit vandaan kom, wat daartoe aanleiding gegee het en hoe dit sy

gedrag en interaksie met God, homself en ander nadelig beïnvloed. Daar word klem gelê op sy onvermoë om sy huidige, toekomstige en interne situasie te hanteer as gevolg van die verslawende, kompulsiewe en obsessiewe gedragspatrone wat aan sy huidige lewenstyl gekoppel is. Verder word die persoon gehelp om die pynvolle herinneringe van die verlede onder oë te neem en dit te koppel aan sy huidige lewenstyl.

In **Fase drie** word die persoon gehelp om te breek met die verslawende sirkelgang.

Nadat die persoon insig verkry het in sy probleem en hoe hy toegelaat het dat die probleme sy interaksie met God en ander nadelig beïnvloed het, moet die persoon gehelp word om die hipnotiese houvas wat die verslawende siklus op hom uitoefen, te verbreek.

Hierdie fase bevestig verder die feit dat die mens nooit 'n blote slagoffer van sy omstandighede is nie en dat die mens in 'n groot mate 'n keuse uitoefen ten opsigte van dit waardeur hy beheer word.

In hierdie fase moet die berader die beradene ook tot insig begelei ten opsigte van sy voorkeure en afkeure en ook tot die besef dat sy keuses in 'n groot mate beïnvloed word deur sy denkpatrone - die persoon word dus gelei om Bybels te dink (Rom 12:2).

Die beradene word verder gehelp om te veg teen enige siniese en fatalistiese denke waar God's water bloot maar oor God's akker loop. Dit gaan dus om geestelike en emosionele toerusting om uiteindelik staande te kan bly teen sy medemens wat hom veroordeel en verwerp, staande te bly teen die self en die behoefte om terug te keer na die ou weë en staande te bly teen 'n liggaam wat smag na substansie, behoeftes en begeertes wat bevredig moet word. Konkrete riglyne word gevolglik geformuleer om die persoon te help om die hipnotiese houvas wat die verslawing op hom uitoefen, sinvol te hanteer.

In die vierde fase word die persoon **gekonfronteer** om te verander. Sy negatiewe en destruktiewe lewenstyl, en die invloed wat dit op homself en ander se lewens uitoefen, word met hom bespreek. Op hierdie stadium moet daar ook fisies en emosioneel afskeid geneem word van verslawende substansie, verhoudings en vals

sekuriteite waarmee oor die jare 'n emosionele verhouding opgebou is om die vakuum, wat deur onbetrokke ouers, familie en vriende veroorsaak is, te vul.

In hierdie proses moet die persoon aangemoedig en begelei word om Jesus Christus se verdienste van vryheid, oorwinning, sekuriteit, waarde en krag vir homself toe te eien, en tegelykertyd ten volle oor te gee aan God se beheer in sy lewe. Die persoon word ook aangemoedig om by mede-afhanklike ondersteuningsgroepe in te skakel, aktief deel te neem aan kerklike byeenkomste en 'n gebalanseerde en gedissiplineerde lewe te lei.

In **Fase vyf** word daar gefokus op die **rouproseses**. Deur middel van die roufase word die mede-afhanklike gereinig van al die woede, seer, pyn, ellende, vrees, skuld, skande en skaamte wat hom soveel jare verkneg het. Die roufase is in ses verskillende stappe ingedeel waar die mede-afhanklike begelei word om elke stap volledig deur te werk sodat stagnasie in enige van die stappe voorkom sal word. Die persoon word gehelp om te groei na volwassewording en ook geleer om pyn te aanvaar as deel van God se bemoeienis met die mens.

Dië fase het ook 'n sterk terapeutiese invloed deurdat 'n nuwe visie gevorm word ten opsigte van die sin van die lewe, geloof, die sin vir waardes, heiliging en reiniging. In die proses kom die persoon ook sterk onder die indruk van verhoudinge wat destruktief inwerk op homself en ander.

In **Fase 6** vra die mede-afhanklike opnuut: Wie is ek? Die resultaat van hierdie selfevaluering lei daartoe dat die mede-afhanklike opnuut of vir die eerste keer sy waarde in God se oë ontdek – hy besef dat hy kosbaar is in God se oë, dat hy aan God behoort, 'n nuwe mens is en dat die volgende nou ook op hom van toepassing is:

Hy na die beeld van God geskape is, 'n nuwe identiteit het, unieke potensiaal het, 'n oorwinnaar is, nie 'n slagoffer van omstandighede nie en sinvol en doelgerig sy lewe kan inrig oppad na die hiernamaals.

In hierdie fase leer die mede-afhanklike ook om sy nuwe identiteit uit te leef deur respek te hê vir die self en ander, te weet dat sy behoeftes en begeertes deur God beheer word, homself nie meer te laat intimideer of te manipuleer deur ander nie, te

sê wat hy dink en voel en homself los te maak van ontwrigtende en chaotiese verhoudinge.

Fase sewe fokus op nuwe ervarings. In hierdie fase moet al die besluite wat in fase 6 ten opsigte van die nuwe mens geneem is, in die praktyk toegepas word. Deur middel van selfdissipline en die beheer van die Heilige Gees moet oorwinning verkry word oor hulpelose gedragspatrone, klein treetjies moet op die pad na herstel gegee word, versigtig moet nuwe verhoudinge benader word en stelselmatig moet die mede-afhanklike homself blootstel aan ander. Verantwoordelikheid moet aanvaar word vir eie gedrag en reaksies en omstandighede mag nie blameer word as dinge verkeerd loop nie.

In hierdie fase word die mede-afhanklike ook geleer om in afhanklikheid van Jesus Christus en sy Gees te lewe aangesien dit die primêre sleutel is tot geestelike en emosionele stabiliteit.

In **Fase agt** val die klem op riglyne met die oog op langtermyn **instandhouding**.

In hierdie fase word drie kategorieë van instandhouding aanbeveel. Eerstens is daar daaglikse instandhouding waar daar daaglik met God gekommunikeer word ten opsigte van allerlei gebeurlikhede en take wat aangepak moet word.

Tweedens kan die mede-afhanklike sy nuutgevonde vryheid instand hou deur aan te sluit by ondersteuningsgroepe waar hy veiligheid en sekuriteit kan beleef en self kan bepaal hoeveel van homself hy bereid is om te gee.

Derdens moet die persoon voortdurend inventaris hou van verhoudinge wat gevorm is. Hy moet telkens evalueer of hy homself kan hanteer binne so 'n verhouding, of daar moontlik 'n terug gly na ou gedragspatrone aanwesig is en of hy homself binne 'n gegewe opset kan handhaaf.

Ook ten opsigte van onverwerkte emosionele pyn wat vergete gebly het, word die mede-afhanklike persoon gehelp om dit te identifiseer, te hanteer en deur te werk.

Daar is ten slotte ook spesifieke riglyne uitgespel met betrekking tot die pastorale begeleiding van die vyf mede-afhanklike persone wat deelgeneem het aan die empiriese studie.

6.7 SLOT

In hierdie hoofstuk is pastorale riglyne geformuleer om persone met mede-afhanklikheid sinvol te begelei tot identiteitsherstel. Die pastorale riglyne is uitgewerk deur op die volgende te let: praktykteorie; pastorale begeleiding; pastorale riglyne; samevattende gevolgtrekkings en slot.

In Hoofstuk 7 sal finale samevattende gevolgtrekkings gemaak word oor die studie as geheel (hoofstukke 1-6).

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

7.1 INLEIDING

Aan die begin van hierdie studie is die oorkoepelende doelstelling van die navorsing soos volg geformuleer: om die verband tussen identiteit en mede-afhanklikheid vas te stel en riglyne daar te stel vir pastorale begeleiding met die oog op identiteitsherstel.

Om die doelstelling van die studie te bereik, is die volgende doelwitte gestel:

- Om te bepaal watter perspektiewe die hulpwetenskappe bied vir die verstaan van die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteit;
- vas te stel watter lig 'n empiriese ondersoek kan werp op mede-afhanklikheid en identiteit;
- vas te stel watter perspektiewe die Skrif asook die Christelik-teologiese tradisie bied vir die verklaring van mede-afhanklikheid as identiteitsprobleem.
- aan te dui dat daar, afgesien van navorsing binne die hulpwetenskappe, ook vanuit teologiese kringe gekyk is na mede-afhanklikheid en disfunksionele identiteitsvorming.
- pastorale riglyne te formuleer om 'n persoon met mede-afhanklikheid te begelei.

Die doelwitte is in die voorafgaande hoofstukke bereik en daar sal vervolgens samevattende gevolgtrekkings ten opsigte van elk van bogenoemde doelwitte gemaak word.

7.2 HOOFSTUK 2: PERSPEKTIEWE VAN DIE HULPWETENSKAPPE

Uit die metateoretiese navorsing kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Mede-afhanklikheid is 'n verslawing waar die individu uitgelewer is aan 'n progressiewe proses van aftakeling. Die mede-afhanklike is voortdurend besig om pogings aan te wend om die proses te beheer, slaag nie daarin nie en beleef die lewe as onhanteerbaar.

Vanaf geboorte is die mens in 'n lewenswedloop gewikkel waar sekere ontwikkelingstake suksesvol afgehandel moet word ter bereiking van sy einddoel.

Wanneer kinders nie die tyd en ruimte gelaat word om die ontwikkelingstake suksesvol af te handel nie, word volwassewording en identiteitsontwikkeling by die kind aan bande gelê.

Die mede-afhanklike kind vanuit 'n negatiewe gesinsisteem sal van allerlei gedragspatrone en rolspel gebruik maak om 'n mate van behoud van die self te verseker. Dië kind is geneig tot die vestiging van 'n disfunksionele identiteit omdat hy nooit die tyd of ruimte gelaat word om homself te ontdek en as kosbaar en uniek te beleef nie.

Wanneer die mede-afhanklike kind homself negatief beleef, is sy oriëntasie teenoor die self negatief en sal die persoon deur middel van vyandigheid, skuld, vrees en woede homself na buite ontplooi.

Die persoon wat homself genadeloos voortdryf in sy soeke na veiligheid, liefde en aanvaarding, presenteer uiteindelik met persoonlikheidsafwykings en psigosomatiese siektesimptome wat verder negatief inwerk op sy interaksie met God, homself en sy medemens.

7.3 HOOFSTUK 3: PERSPEKTIEWE UIT DIE EMPIRIESE NAVORSING

In hierdie hoofstuk is deur middel van vraelyste en onderhoude kwalitatiewe navorsing gedoen met vyf deelnemers om die verband tussen mede-afhanklikheid en identiteitvorming aan te toon.

Uit die empiriese navorsing kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Die deelnemers het mede-afhanklikheid as hul identiteit aanvaar in reaksie op die druk van die verslawing van die naasbestaande in hul lewens.

Sover dit die **situasie** van die mede-afhanklike betref, is vasgestel dat:

- Die persone afkomstig is uit disfunksionele ouerhuise waar die ouers van rigiede, onvolwasse en onverantwoordelike opvoedingswyses gebruik maak het om hul kinders op te voed en te dissiplineer.
- Die mede-afhanklike uitgelewer is aan 'n verslaafde gesinslid wat hom met buierige gedragspatrone gemanipuleer en beheer het.
- Die mede-afhanklike deur ander vermy, geïgnoreer en geïsoleer word, wat verder negatief inwerk op sy interaksie met homself, God en sy omgewing.
- Die persoon interne druk moet hanteer soos chroniese siekte, gestremdheid of chemiese wanbalans as gevolg van ooraafskeiding van adrenalien.
- Die persoon eksterne druk moet hanteer soos skool toe gaan, geboorte van 'n kind, dood, egskeiding, verkragting, gesinsprobleme, tronkstraf, siekte, afdanking, kaping, roof, bankrotskap en groot veranderinge soos oorlog, natuurrampe, politieke en ekonomiese omwentelinge, verandering van werk ens.

Sover dit die **hantering** van die verslaafde gesinslid betref, is gevind dat:

- Vrees, skuld, skaamte, depressie, woede, minderwaardigheid en verskeie ander gedragspatrone geïmplementeer word wat sy interaksie met sy medemens nadelig beïnvloed;
- die persone geneig is om van rollespel gebruik te maak om ander te beheer en te bestuur;
- deur middel van ontkenning, geheueverlies en 'n onvermoë om emosies te herken, word emosioneel oorleef;
- die persone geneig is om gemoedsopkickers en slaapmiddels te gebruik om hul leefwêreld te hanteer;

- die persone op hul naasbestaandes se verslawings reageer deur laasgenoemde se behoeftes bokant hul eie te stel.
- hulle met psigosomatiese en persoonlikheidsversteurings presenteer a.g.v. die verhoogde druk.
- Die mede-afhanklike oor die algemeen hard werk om 'n mate van beheer oor hul chaotiese bestaan te probeer verkry.

Sover dit die **identiteitskeuse** van die persoon betref, is gevind dat:

- Die mede-afhanklike se groot behoefte aan sekuriteit, waarde en vermoë daartoe aanleiding gee dat die persone hulself tot die uiterste toe dryf in 'n poging om dit te verkry.
- Die mede-afhanklike nie 'n eie bestaan met voorkeure, behoeftes en begeertes erken nie.
- Die persoon liefde met jammerte verwar en aangetrokke voel tot persone met probleme.
- Die persoon ongesonde en onrealistiese denk- en gedragspatrone internaliseer, wat lei tot distorsie van die werklikheid en uiteindelijke identiteitsversteuring.
- Die mede-afhanklike glo dat die Here of ander sy omstandighede moet verander en dat hy nie self vir die verandering verantwoordelik is nie.
- Die persoon homself as goed, mooi, slim en onbesproke aanbied in 'n poging om aanvaar te word.
- Die mede-afhanklike 'n afhanklike word of met 'n afhanklike trou of die een of ander vorm van kompulsiewe persoonlikheid ontwikkel, soos werkolisme.

7.4 HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

7.4.1 Skeppingsperspektief

Hier is aangetoon dat die mens na die beeld van God geskape is, dat hy liefde, posisie en waarde by God gehad het en geweet het wie hy in sy Vader is en waarheen hy op pad is. Dit het daartoe gelei dat die mens sinvol met sy Vader kon omgaan en homself sinvol in alle verhoudings kon uitelef.

7.4.2 Sondeperspektief

Hier is aangetoon hoe die mens, deur sy eie toedoen, gestroop word van die besondere posisie en waarde wat hy by God gehad het en van allerlei blaamverskuiwende gedragspatrone gebruik gemaak het om sy verlore posisie, waarde en vermoë weer terug te kry. Die persoon kies om homself aan 'n medemens te verkneeg omdat hy God as klein en onbetrokke beleef en sy medemens as groot en bedreigend omdat die hom kan verneder, verag, verkleineer en fisies kan seer maak.

7.4.3 Verlossingsperspektief

Hier is aangetoon hoe die mens bekend gestel word aan 'n genadige God, wat sy kosbare skepsel nooit sal verlaat nie, wat 'n behoefte het om met die mens in gesprek te tree en Homself aan die mens, deur sy Seun, te openbaar. Deur sy Seun se plaasvervangende lewe, dood en opstanding word versoening tussen God en mens bewerk en word die mens weer herstel in sy posisie as kind van God.

7.4.4 Die Heilige Gees

Deur die inwerking van die Heilige Gees word die mens begelei tot heiliging en vind herstel van die gebroke mens plaas. Deur voortgesette heiliging van die mens en die mens se reaksie op God se inwerking in sy gees, vind die mens liefde, vrede en aanvaarding binne in Hom.

7.5 HOOFSTUK 5: TEOLOGIESE BASISTEORIE

Hoofstuk 5 het gefokus op veral drie pastorale genesingsmodelle met betrekking tot die versorging van die mede-afhanklike persoon. Die drie modelle wat aan die orde gestel is sluit in:

- Die genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon van die Filadelfia Opleidingsentrum in Bloemfontein.
- Die model van die Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding, (ABBO) in Pretoria.
- Hemfelt, Minirth en Meier se tien-fase genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon aan die hand van hul boek, "Love is a Choice" (1989; Coetzer, 2007).

Die drie modelle se benaderingswyses sien kortliks soos volg daaruit:

7.5.1 Filadelfia Opleidingsentrum se genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon.

Filadelfia Opleidingsentrum verdeel hul hulpverlening aan die mede-afhanklike persoon in algemene en spesifieke hulpverlening.

In die algemene hulpverlening word hoofsaaklik aandag gegee aan die kind wat homself in 'n negatiewe verhoudingsopset bevind.

In die spesifieke hulpverlening word gefokus op die mede-afhanklike volwassene ten opsigte van sy interaksie met God, homself en ander.

7.5.2 ABBO se genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon.

ABBO se genesingsmodel impliseer dat daar eers 'n verhouding met die persoon opgebou moet word sodat daar dan beter begrip sal wees vir die persoon se situasie, gedrag, denke en dryfvere. Wanneer die mede-afhanklike persoon tot insig gekom het ten opsigte van die **situasie** waarbinne hy homself bevind en hoe dit sy **situasie, gedrag, denke** en **dryfvere** beïnvloed (2 Petr 2:10), is dit moontlik om die persoon te konfronteer en te aktiveer tot verandering.

7.5.3 Hemfelt, Minirth en Meier se genesingsmodel vir die mede-afhanklike persoon.

Hemfelt *et al.* beskryf hul genesingsmodel aan die hand van die beeld van die beweging van 'n "roller coaster". Hiervolgens word die mede-afhanklike persoon as

deel van die aanvanklike fase van die terapeutiese proses, blootgestel aan 'n stelselmatige proses van 'aftakeling' namate daar eers terug beweeg word die verlede in- alle onafgehandelde en onverwerkte pyn en seer word geïdentifiseer en hanteer. Die hantering van alle onafgehandelde rouprosesse impliseer die heel laagste punt van die kurwe van die "roller coaster"- daarna begin die grafiek weer opwaarts beweeg, die persoon ervaar 'n opwelling van energie, wat hom in staat stel om stadig oorwinning oor sy verslawende gedragspatrone, houding, gesindhede en ingesteldhede te kry.

Hierdie terapeutiese model van Hemfelt *et al.* word aan die hand van die volgende tien fases verduidelik:

- Fase 1: Eksplorاسie en ontdekking.
- Fase 2: Inventaris van verhoudinge.
- Fase 3: Beheer oor verslawings.
- Fase 4: Om die huis te verlaat en totsiens te sê.
- Fase 5: Rou oor verliese.
- Fase 6: 'n Nuwe selfpersepsie volg.
- Fase 7: Nuwe ervarings.
- Fase 8: Nuwe ouerskap (*Reparenting*).
- Fase 9: Rentmeesterskap betreffende verhoudings.
- Fase 10: Instandhouding.

7.6 HOOFSTUK 6 : PASTORALE RIGLYNE OM PERSONE MET MEDE-AFHANKLIKHEID TOT IDENTITEITSHERSTEL TE BEGELEI

In hierdie hoofstuk vind daar 'n integrasie plaas van basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe ten einde praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die

pastorale begeleiding van die mede-afhanklike persoon tot identiteitsherstel en geloofsvolwassenheid. Die breër raamwerk vir hierdie geformuleerde riglyne is die volgende:

- Verhoudingsbou fase.
- Verstaan van die probleem.
- Breek met die verslawing.
- Konfrontering.
- Die rouproses.
- 'n Nuwe selfpersepsie.
- Nuwe ervarings.
- Instandhoudingsfase.

Wanneer die persoon tot insig van sy denke, emosies en gedrag gekom het, is verandering in afhanklikheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees moontlik. Berading is nie afgehandel voordat die mede-afhanklike sekere Skrifbeginsels ingeoefen het ten opsigte van sy negatiewe en destruktiewe denke, emosies en gedrag - die persoon moet dan ook begelei word om dit met vrug in sy alledaagse omgang met God, homself en ander te kan gebruik.

7.7 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende temas kan oorweeg word vir verdere pastorale navorsing:

- 'n Pastorale verkenning van die verband tussen die rol van grense en mede-afhanklikheid.
- 'n Pastorale ondersoek met betrekking tot die verband tussen mede-afhanklikheid en begeertes/vrese.

- 'n Pastorale ondersoek met betrekking tot oorafhanklikheid, onafhanklikheid en interafhanklikheid in interpersoonlike verhoudinge.

BRONNELYS

- ADAMS, J.E. 1979. More than redemption: a theology of Christian counselling. Phillipsburg, Kans.: Presbyterian & Reformed Publishing.
- ALSDURF, J & ALSDURF, P. 1988. Understanding life through the lenses of codependency and addiction has made a lot of people feel better. But, for Christians, serious questions remain. *Christianity today*, 32(9):29-44.
- ANDERSON, N.T. 2000. Victory over the darkness: realizing the power of your identity in Christ. Calif.: Regal.
- ANON. 1997a. Filadelfia Bybelse berading. Module 1. Die aard en doel van Bybelse Berading. Bloemfontein : Filadelfia Opleidingsentrum.
- ANON. 1997b. Filadelfia Bybelse berading. Module 2. Hulpverlening tot innerlike heling en vernuwing. Bloemfontein : Filadelfia Opleidingsentrum.
- ANON. 2001a. Filadelfia Bybelse berading. Module 1 God het die kindjie hoor huil. Bloemfontein : Filadelfia Opleidingsentrum.
- ANON. 2001b. Filadelfia Bybelse berading. Module 2. Funksionele berading en effektiewe leierskap. Bloemfontein : Filadelfia Opleidingsentrum.
- ARTERBURN, S. 2004. When you love too much. Ventura, Calif.: Regal.
- ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING. 2006. Bybelse Beradingskursus Module 2: Toepassings. Randburg: ABBO.
- BACKUS, W. 1996. The healing power of a Christian mind. Minneapolis, Minn.: Bethany House.
- BARON, R.A. & BYME, D. 1997. Social psychology. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.
- BARRET, C.K. 1970. The Gospel according to St John. London: SPCK.
- BAUER, M.W. & GASKELL, G. 2002. Qualitative researching with text, image and sound. London: Sage.

- BEATTIE, M. 1987. Codependent no more: how to stop controlling others and start caring for yourself. San Francisco, Calif.: Harper & Row.
- BEATTIE, M. 1989. Beyond codependency: and getting better all the time. N.Y.: Harper & Row.
- BERKOUWER, G.C. 1957. De mens het beeld Gods. Kampen, Nederland: Kok.
- BLACK, C. 1992. Double duty, dual dynamics within the chemically dependent home. N.Y.: Ballantine.
- BLACKABY, T. & KING, V. 2002. Beleef God! Hoe om God se wil te ken en te doen. Wellington: Protea.
- BORCHERT, G.L. 1996. The new American commentary: John 1-11. Broadman & Holman.
- BRADSHAW, J. 1990. Homecoming. Reclaiming and championing your inner child. London: Piatkus.
- BRUEGGEMANN, W. 1982. Genesis: interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Atlanta, Tenn.: John Knox.
- BRYANT, D., KESSLER, J. & SHIRAR, L. 1992. The family inside. London: Norton.
- CERMAK, T.L. 1986. Diagnosing and treating co-dependence. A guide for professionals who work with chemical dependents, their spouses and children. Minneapolis, Minn.: Johnson Institute.
- COETZEE, J.C. 1990. Die teologie van die Johannesevangelie. (*In Du Toit, A.B. red. Handleiding by die Nuwe Testament. Band VI: p. 37-72. Pretoria: NGK Boekhandel*).
- COETZER, W. 2006. Traumaberading. Potchefstroom: W. Coetzer.
- COETZER, W. 2007. Tien fases van die genesingsproses. Potchefstroom: W. Coetzer.
- COETZER, W. 2005a. Dissosiasie, fragmentasie en die "inner child". Potchefstroom: W. Coetzer.
- COETZER, W. 2005b. Pastorale berading aan persone met 'n eetversteuring. Potchefstroom: W. Coetzer.

- COWAN, G., BOMMERSBACH, M. & CURTIS, S. R. 1995. Codependency, loss of self, and power. *Psychology of women quarterly*, :221-236.
- DAVIDSON, R. 1973. The Cambridge Bible commentary on the New English Bible Genesis 1-11. Cambridge: Cambridge University Press.
- DE BRUYN, P.J. 1997. Die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens. Potchefstroom: Sentrale Publikasies, PU vir CHO.
- DE KLERK, B.J. 2001. Fokus op Efesiërs. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:1-12.
- DE WET, F.W. 2006a. Die aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming - 'n gereformeerde perspektief. *In die skriflig* 40(1):57-87.
- DE WET, F.W. 2006b. Inleiding tot pastorale studies. Potchefstroom: NWU. (Studiegids Past 121 AB.).
- DIE DORDTSE LEERREëLS. 1976. (*In Die Berymde Psalms. In gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.*)
- DOOYEWEERD, H. 1969. Wat is die mens? (In Afrikaans vertaal deur H.J. Strauss). Bloemfontein: Sacum.
- DU PLESSIS, A.L. 2005. Die begeleiding van die gedissosieerde persoon tot geestelike en emosionele groei. 'n Pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Verhandeling – M.A.) p. 247
- DU PLESSIS, P.J. 1978. Die briewe van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- DUVENAGE, A. 1967. Die institusie van Calvyn. Potchefstroom: Pro Rege.
- ELLIOT, W. 2002. Codependency : a review of the feminist critique and other voices. University of Stellenbosch.

- ERICKSON, M.J. 2005. Introducing Christian doctrine. Grand Rapids, Mich.: Baker Academic.
- FAVORINI, A. 1995. Concept of codependency: blaming the victim or pathway to recovery? National Association of Social Workers. *Points & viewpoints*, :827-830.
- FOULKES, F. 1989. Ephesians. Tyndale New Testament commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.
- FRIESEN, J.G. 1997. Uncovering the mystery of MPD. San Bernardino, Calif.: Here's Life.
- FULLER, J.A. & WARNER, R.M. 2000. Family stressors as predictors of codependency. *Genetic, social and general psychology monographs*, 126(1):5-22.
- GERBER, J.M. 1989. Verantwoordelike menswees in perspektief van die genadeverbond. *Nederduits gereformeerde teologiese tydskrif*, :53-61, Maart.
- GOLDENBERG, I. & GOLDENBERG, H. 2000: Family therapy. An overview. Belmont: Wadsworth.
- GROENEWALD, E.P. 1980. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- GROENEWALD, E.P. 1985. Die tweede brief aan die Korinthiërs. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers
- HAMILTON, V.P. 1991. The book of Genesis: Chapters 1-17. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- HANEKOM, J. LOMBARD, E. & SMUTS, M. 2004. Geestelike groei Bybel. Wellington: Lux Verbi.
- HÄRLE, W. 2006. Living out of justification. *Lutheran quarterly*, 18(4):455-466.
- HEIM, S.M. 2005. Cross purposes: Rethinking the death of Jesus. *Christian century*, :20-25, March 22.
- HEITINK, G. 1999. Practical theology: history theory action domains. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- HELBERG, J.L. 1980. Die Here regeer: openbaringslyn deur die Ou Testament. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel

- HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 1989. Love is a Choice. The definitive book on letting go of unhealthy relationships. Nashville: Thomas Nelson Publishers.
- HEMFELT, R., WARREN, P. 1991. Kids who carry our pain. Nashville, Ill.: Thomas Nelson.
- HENDRIKSEN, W. 1976. A Commentary on the Gospel of John. London: Banner of Truth Trust.
- HERMAN, J. 2001. Trauma and recovery. From Domestic Abuse to Political Terror. London : T.J. International Ltd, Padstow, Cornwall.
- HEYNS, J. A. 1974. Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Kaapstad: Sacum.
- HEYNS, J. A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.
- HEYNS, J. A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Pretoria : N.G. Kerk Boekhandel.
- HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.
- HOEKEMA, A.A. 1986. Created persons. *The reformed journal*, :8-11, March.
- IRVINE, L. 2000. Even better than the real thing: narratives of the self in codependency. *Qualitative sociology*, 23(1):9-28.
- JACOBS, F.E. 2007. Die belewenis van die ko-afhanklike eggenoot van 'n alkoholafhanklike persoon. Johannesburg: RAU. (Verhandeling – M.Sc.) 115 p.
- JACOBS, T.J. & CHARLES, E. 1980. *Psychosomatic medicine*, 42(1):11-23, Jan.
- JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie. (Referaat gelewer op 9 Maart 2007 Potchefstroom) (Ongepubliseerd).
- JONKER, W.D. 1983. Die brief aan die Romeine. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1992. Mens in konteks. 2^e uitg. Johannesburg: Lexicon.
- KAPIC, K.M. 2005. Receiving Christ's priestly benediction: a Biblical, historical, and theological exploration of Luke 24:50-53. *Westminster theological journal*, 67:247-260.

- KÖNIG, A. 1995. Covenant partner and image: deriving anthropology from the doctrine of God. *Journal of theology for Southern Africa*, 88:34-41.
- KRUSE, C.G. 2003. John. Tyndale New Testament commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.
- LIEFELD, W.L. 1997. Ephesians. New Testament commentary. Leicester: Inter-Varsity Press.
- LOTTER, G.A. 2007. Pastorale teologie: voëlvlug en (voorlopige) landing Wetenskaplike bydraes. Reeks H: intreerede nr. 185. Noordwes-Universiteit: Sentrale Publikasie.
- LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1994. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg: Lexicon.
- LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN.
- MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas: Word Publishing.
- MAGWAZA, A.S. & EDWARDS, S.D. 1991. An evaluation of an integrated parent-effectiveness training and children's enrichment programme for disadvantaged families. *South African journal of psychology* 21(1):21-25.
- MARTSOLF, D.S., SEDLAK, C.A. & DOHENY, M.O. 2000. *Archives of psychiatric nursing*, xiv(3):150-158, Jun.
- MATHEWS, K.A. 1996. The new American commentary: Genesis 1-11:26. Broadman & Holman.
- MAY, D. 1994. PowerLoss SoulLoss. Mahwah: Whale's Tales Press.
- McCLUNG, F. 1985. The father heart of God. Sussex: Kingsway.
- McGEE, R.S. 1998. The search for significance. Nashville, Ill.: Time Warner.
- MEYER, J. 2005. Approval addiction: overcoming your need to please everyone. N.Y.: Time Warner.
- MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1993. Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl. Johannesburg: Lexicon.

- MINNIE, F.G. 2001. Pastorale berading aan die streslyer in die SAPD. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Verhandeling - M.A.) p. 144.
- MORRIS, L. 1975. The Gospel according to John. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- MOUTON, J. 1988. Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Module 3. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- MUDDIMAN, J. 2001. The Epistle to the Ephesians. Cornwall: TJ International.
- MÜLLER, J.J. 1977. Die brief aan die Filippense. Die brief aan Filemon. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- O DONNCHADHA, R. 2000. The confident child. Dublin: Colour Books.
- PACKER, J.I. 2003. Reflected glory. What does Genesis mean by man being made in the image of God? *Christianity today*, :56, Dec.
- PERKINS, P. 2000. The new interpreter's Bible. The Letter to the Ephesians. Nashville, Ill.: Abingdon.
- PLUTCHIK, R. 2003. Emotions and life. Washington: United Books.
- PREST, L. A. & PROTINSKY, H. 1993. Family systems theory: a unifying framework for codependence. *The American journal of family therapy*, 21(4):352-360.
- PYNE, R.A. & BLACKMON, M.L. 2006. A critique of the "exchanged life" *Bibliotheca sacra*, 163:131-157, Apr.-Jun.
- REEVE, G. 1994. An introduction to co-dependency for counsellors. London: Central Book Publishing.
- ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- ROTUNDA, R.B. & DOMAN, K. 2001. Partner enabling of substance use disorders: Critical review and future directions. *The American journal of family therapy*, 29:257-270.
- SADOCK, B.J. & SADOCK, V.A. 2003. Synopsis of psychiatry. Behavioral Sciences/Clinical Psychiatry. Philadelphia, Miss.: Lippincott Williams & Wilkins.
- SCHAEF, A. 1986. Codependency: mistreated and misunderstood. Minneapolis, Minn.: Winston.

SCHOEMAN, O. 2005. "Failure": a pastoral study. North-West University: Potchefstroom. (Thesis - PhD)

SHANNON, T.A. 2003. Grounding human dignity. *A journal of theology*. 43(2):113-117, Summer.

SHURINCK, E.M. 1998. The methodology of unstructured face-to-face reviewing. (In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik.)

SOUTH AFRICAN NATIONAL COUNCIL ON ALCOHOLISM AND DRUG DEPENDENCE (SANCA) (Cape Society) 1995. Die alkoholis, sy gesin en die gemeenskap. Kaapstad: African National Council on Alcoholism and Drug Dependence.

STAFFORD, L. L. 2001. Is codependency a meaningful concept? *Issues in mental health nursing*, (22):273-286.

Stepping Stones Addiction Centre, 2006. [Web:] [Http://www.steppingstones.co.za](http://www.steppingstones.co.za). [Datum van toegang: 4 Apr. 2006.]

STEYN, D. & VERWEY, T. 1998. Drome vir seerkry mense. Ifafi: Alkogen Behandelingsnetwerk.

STEYN, R.S. & LOTTER, G. A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 21(1):104-120.

VAN DE BEEK, A. 1995. Geschapen in Gods beeld. *Nederduits. gereformeerde. teologiese tydskrif*, :115-125.

VAN NIEKERK, M. 1993. 'n Reformatoriese perspektief op sin en identiteit. *Koers*, 58(1):53-70.

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1990. Gevallewerk. 'n Integreerende benadering. Pretoria: Academica.

VAN WYK, J.H. 1992. Imago Dei: diskussie met Adrio König. *In die skriflig*, 26(1):1-14.

VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 5:29-38.

- VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.
- VENTER, S. & VAN DER WALT, J.J. 1989. Doop en wedergeboorte. *In die skriflig*, 23(2):10-21.
- VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.). p. 140.
- VERWEY, T. 2004. NAD-Therapy : Pure natural bio-energy for optimal healing since 1939. Kompakskyf. Posbus 1558. Nigel, 1490.
- VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- WAGNER, M.E. 1982. The sensation of being somebody. Grand Rapids, Mich: Zondervan.
- WALTKE, B.K. 2001. Genesis: a commentary. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.
- WEINHOLD, B. K. ; WEINHOLD, J. B. 1989. Breaking free of the co-dependency trap. Walpole, N.H.: Stillpoint.
- WEINHOLD, B.K. 1991. Breaking free of addictive family relationships: healing your own inner child. Walpole, N.H.: Stillpoint.
- WELCH, E. 2004. What Is Biblical counseling, anyway? *The journal of Biblical counseling*, 16(1):2-5.
- WELCH, E.T. 1997. When people are big and God is small: overcoming peer pressure, codependency, and the fear of man. Phillipsburg, Kans.: P & R Publishing.
- WELLS, M., GLICKAUF-HUGHES, C. & JONES, R. 1999. Codependency: a grass roots construct's relationship to shame-proneness, low self-esteem, and childhood parentification. *The American journal of family therapy*, (27):63-71.
- WOLTERS, A.M 1992. Die skepping herwin. Bybelse grondslae vir 'n reformatoriese lewensbeskouing. Potchefstroom: PU vir CHO, Sentrale Publikasie.

BYLAAG A

VRAE WAT GEVRA IS AAN DIE MEDE-AFHANKLIKE

1 DIE DRUK VAN DIE VERSLAAFDE (X) OP DIE MEDE-AFHANKLIKE

- 1.1 Wat is die verwantskap tussen jou en die verslaafde gesinslid (X)?
- 1.2 Hoe lank bestaan die verwantskap? (bv. sedert geboorte/troue)
- 1.3 Wat se soort verslawing het X? (middel-, verhouding-, voedsel-, geld-, seksverslawing)
- 1.4 Hoe lank is jy al blootgestel aan X se verslawing?
- 1.5 Beskryf X se verslawingsgedrag:
 - 1.5.1 Hoe tree X op (dade) teenoor jou?
 - 1.5.2 Hoe kommunikeer X met jou (woorde)?
 - 1.5.3 Wat laat X na (versuim)?
 - 1.5.4 Wat se gedragspatrone het X?
- 1.6 Wie behalwe jy word geraak deur X se verslawingsgedrag (bv. gesinslede, werk, vriende, ens.)
- 1.7 Oortree X jou fisiese en/of emosionele grense? Motiveer.
- 1.8 Wat is die slegste van X se optrede teenoor jou?

2 DIE MEDE-AFHANKLIKE SE HANTERING VAN DIE VERSLAAFDE

- 2.1 Hoe tree jy op teenoor X?
- 2.2 Watter aanpassings het jy gemaak om die druk van X op jou te hanteer? Bv. baklei met X, onttrek van X, stel X tevrede, ens.).
- 2.3 Watter emosies ervaar jy oor die druk wat X op jou plaas?

3 DIE MEDE-AFHANKLIKE SE IDENTITEITSKEUSE

- 3.1 Motivering/dryfveer
 - 3.1.1 Waarom het jy gekies om X op die bepaalde manier (2) te hanteer?

3.1.2 Wat kry jy daaruit om X op die manier te hanteer?

3.2 Begeertes

3.2.1 Deur watter begeertes word jou gedrag (2) teenoor X gemotiveer?

3.2.1.1 Om sekuriteit/veiligheid van X te kry (om aan X te behoort / om 'n plek by X te hê?

3.2.1.2 Om waarde/respek/aanvaarding van X te kry

3.2.1.3 Om erkenning van X te kry vir jou unieke talente/vermoëns

3.2.2 Hoe sterk is die begeertes in 3.2? Ken 'n persentasie aan elk toe

3.3 Deur watter vrees word jou gedrag (2) gemotiveer?

3.3.1 Die vrees dat X my sal verstoot/verlaat

3.3.2 Die vrees dat X my sal verwerp/seermaak

3.3.3 Die vrees dat X my unieke vermoë sal ontken

3.4 Hoe sterk is die vrees in 3.3? Ken jy 'n persentasie aan elkeen toe?

3.5 Watter siening/beeld/prentjie het jy van / Watter denke het jy oor:

3.5.1 X

3.5.2 Jouself

3.5.3 God


3.6 Wie beheer jou? Self, X (ander mense), God?

3.7 Hoe afhanklik is jy van X: onafhanklik (1) , oorafhanklik (2) of interafhanklik (3)?

3.8 Wat het jy in jou verhouding met X van jouself verloor?

3.9 Kan jy in jou verhouding met X die mens wees wat jy dink jy behoort te wees? Motiveer.

DIE ROLLER COASTER PARALLEL



3.3

VERANTWOORDELIKE BESTUUR VAN MY EMOSIES

STAPPE 1-5 - POSITIEWE EVALUERENDE SELFKOMMUNIKASIE

STAPPE 6-8 - SKRIFTUURLIKE BEHEER EN OORWINNING OOR ONTWIGTE EMOSIES

STAP 8 OORWINNING OOR ONTWIGTE

EMOSIES

- * Voortgaande bestuur van emosies (E/5)
- * Herhalende oorgawe van beheer oor emosies aan die Heilige Gees
- * Leef gehoorsaam - positiewe emosies volg daarop

STAP 7 EVALUEER PERSOONLIKE GROEI

- * in bestuur van emosies
- * in verhouding met jouself
- * in verhouding met ander (Gal. 5:22)
- * in verhouding met God (Rom. 12:1,2)

STAP 6 OORGAWE EN VERGIFNIS


- * Gebed om innerlike genesing (E/4)
- * Gee beheer van emosies oor aan die Heilige Gees
- * Praat saak uit met ander persoon
- * Indien nodig vir jouself en ander - Vergifnisbrief

STAP 5 WILSDAAD

- * Praat die saak met myself uit
- * Indien nodig vir myself: Giftbrief

STAP 4 WILSBESLUIT

- * Wil ek aanhou so voel ?
- * Neem aktiewe wilsbesluit "nle my wil nle, maar U wil"
- * Aanvaar verantwoordelikeid vir eie emosies en reaksies daarop



STAP 1 EERLIKE SELFONDERSOEK

- * Wat voel ek ? (E/1)
- * Waarom voel ek so ? (E/2)
(Vertrou die Heilige Gees vir insig in jou emosionele belewenis)

STAP 2 EVALUERING VAN GEVOEL

- * Is my gevoel voordelig:
 - vir myself ?
 - vir ander ?
 - vir my verhouding met God ?
- (Beantwoord in die lig van Skrifbeginsels)

STAP 3 BELEWENIS VAN VERHOUDING

- * Hoe beleef ek hierdie verhouding ?
- * Word Jesus vereer binne hierdie verhouding ? (E/3)